# Die Sierduif

Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe

# The Fancy Pigeon

For the Love and Care of Fancy Pigeons

Commemorative Edition - Gedenkuitgawe
June / Junie 1992

PRICE
R10.00



***HOLLE KROPPER***

*Beste Holle Kropper en Kampioen Blaasduif van die Kampioenskapskou te Bloemfontein gedurende 1988. Die duif is geteel deur en behoort aan Frik en Sarie Knoetze van Kimberley.*



***CHAMPION DRAGOON***

*Best Dragoon, Best Wattle and Grand Champion Pigeon on the 1991 Championship Show in Bloemfontein – bred and owned by Wynand Wessels of Bothaville. This bird was best bird on various Area Shows during 1991.*

**Official Organ of the South African Fancy Pigeon Association**
**Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging**
*By die Posmeester-Generaal as Nuusblad geregistreer*
*Registered as News Letter at the Post Master General*

## Medpet Advertensies in hierdie Uitgawe:

**Is u skoukampioen lusteloos en uitgeput wanneer die finale beoordeling plaasvind?**

* **Gebruik Racestim vir drie dae voor die beoordeling begin.**

**Vertoon u skoukampioen olik wanneer hy of sy op en wakker moet wees?**

* **Gebruik Doxybiotic voor die skou volgens voorskrif en dra sorg dat u hele hok duiwe gesond en lewenskragtig is**





- Spesifiek ontwikkel vir die voorkoming van "Slym-in-die-keel"
- 'n Hoogs effektiewe breë spektrum antibiotika-kombinasie van Amoksisillien en Tilosien
- 'n Veilige, wateroplosbare poeier vir maandelikse voorkomende gebruik
- Suksesvol gebruik deur vele unie- en klubkampioene

BESKIKBAAR VANAF MEDPET EN DUIWEPRODUKTE-HANDELAARS

MEDPET BK/CC (88/21338/23)
Pretoriusstraat 1081, Hatfield, 0083 Pretoria Telefoon en Faks: (012) 43-4020

***LONGSTIM***.... die breë spektrum antibiotika waarop u kan vertrou

Trefor Jones & Associates

# *Die Sierduif*
# *The Fancy Pigeon*

*For the Love and Care of Fancy Pigeons*
*Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe*


---

***First Publication 1961***
***Eerste Verskyning 1961***

---

***Gedenkuitgawe***
***Junie / June 1992***
***Commemorative Issue***

---



***CHAMPION GROS MONDAIN***
**Hierdie grizzle Gros Mondain Wyfie van Ben de Lange van Wesselsbrom was gedurende 1991 as die Kampioen Gros Mondain tydens die Kampioenskapskou in Bloemfontein bekroon. / This grizzle Gros. Mondain Hen of Ben de Lange from Wesselsbron was awarded Champion Gros Mondain at the Championship Show of 1991 in Bloemfontein**

***Eienaar:***
***Owner:***
*Die S.A. Sierduifvereniging*
*The S.A. Fancy Pigeon Association*
*Founded/Gestig: 13 April 1943*

---

***Kopiereg Voorbehou/ Copyright Reserved***
*Geen deel van hierdie publikasie of uittreksels daarvan mag in enige vorm gedupliseer of herdruk word sonder die geskrewe toestemming van die Redakteur en die Uitvoerende Komitee van die S.A.S.V nie. / No part of this publication or any extract may be reprinted in any shape or form without the written permission of the Editor and Executive Committee of the S.A.F.P.A.*

---

***Alle Bydraes / All contributions***
***Stuur aan/Send to -***
*The Editor/Die Redakteur*
*Kobus Snyman, Posbus 1922, Bloemfontein 9300*
*Tel 051 -224189*



***Ds Lee, President vanaf 1989 tot 1992***

# INHOUD / CONTENTS

| | |
|---|---|
| Redaksioneel Editorial | 2 |
| Sponsors Borge | 3 |
| Minutes of the Foundation Meeting | 4 |
| **The Golden Thread of the SAFPA Die Goue Draad van die SASV** | 5 |
| Front Pages | 14 |
| Oom Tikkie van Zyl | 15 |
| Members of the Executive Committee since 1943 | 31 |
| Championship Shows since 1946 | 32 |
| Seksie-wenners van Kampioenskapskoue | 35 |
| Two legendary women of the Pigeon Fancy | 39 |
| Memo vir Finansiele Bystand | 40 |
| **Die Man van Drie Dekades** | 41 |
| Personalities and out of the Past Persoonlikhede en die Verlede | 44 |
| **Happiness is** ... reflections of the past | 53 |
| Die Stigting van Wes-Transvaal | 59 |
| Duiwe-staaltjies | 62 |
| A History of English Tumblers in S.A. | 65 |
| **Die Sierduif, 'n Interessante Stokperdjie** | 66 |
| Oorsprong van Modenas en ander Sierduifrasse | 68 |
| Tributes | 69 |
| Editors of the Magazine | 73 |
| Coen Butler sê dankie | 81 |
| Die lief en leed van 'n Redakteur | 82 |
| Frills, the princes of the pigeon fancy | 84 |
| King-invoere na Suid-Afrika | 84 |
| The Tumbler Club of S.A. | 86 |
| Geklassifiseerde Advertensies | 87 |


## Redaksioneel
## Editorial

Die Suid-Afrikaanse Sierduif-vereniging sal in 1993 sy vyftigste bestaansjaar vier.
Gedurende 1991, terwyl ek een aand deur een van die baie ou Sierduiwe geblaai het, het ek die feit opeens besef. Dat die vyftigste jaar nie sommer so kan verby gaan nie, was ook 'n oombliklike feit.
Dit is hoe die idee van 'n **Gedenkuitgawe** gebore is.

**Layout**
After the idea was born, I pondered on the layout for a long time. What should be mentioned and what should be omitted? Eventually the layout started taking form and I could do my research accordingly. It started during January, 1992, but I quickly realised that this was no easy task. Ek moes my voorop-gestelde idees prysgee want baie inligting waarna ek gesoek het, was net nie beskikbaar nie. So is die uitleg dan verander soos wat u dit in die samestelling van hierdie **Gedenkuitgawe** sal lees.

**Bydraes**
Daar is letterlik tientalle lede en oud-lede wat vir hierdie uitgawe reuse bydraes gelewer het. Aan een en elkeen baie, baie dankie. Tog wil ek vier name uitsonder.
**Eerstens Warren Klopper en Oom Reyn** wat beide bereid was om die proefstukke te lees en die feite te kontroleer en byvoegings te maak. Julle ondersteuning in hierdie verband was bemoedigend.
**Tweedens Gert Bierman** wat verskeie belangrike notas aan my gefaks het. En **laastens, maar nie die minste nie, Ros Greenman. Ros sent me enough material for two editions of this format. Thank you very, very much, Ros. Thanks also for your very supportative telephone calls and letters - this is what keeps an Editor going.**

In die **Gedenkuitgawe** kan slegs inligting weergee word, wat in die navorsing gevind is, of wat deur



**Kobus Snyman**
**Redakteur van Die Sierduif**
**Editor of The Fancy Pigeon**
===============

lede verskaf is. Elke lid is in vorige uitgawes mooi gevra om 'n bydrae te lewer. Vir baie lede is daar persoonlike uitnodigings gestuur. Baie het nie geantwoord nie. U moet dus maar net in uself teleurgesteld wees as daar nie iets verskyn wat u as belangrik ag, of waarin u 'n belangrike rol gespeel het nie. Eintlik is dit jammer want juis hierdie ontbrekende inligting, kon saam met dit wat verskyn, 'n pragtige geheel gevorm het.

The **Commemorative Issue** is the result of many hours of hard work. Where no names appear at the end of columns I myself was the author.
Being able to page through the history of firstly the **Fantail Club** since 1935 and then the **South African Fancy Pigeon Club (now Association)** since 1943, has been a marvellous adventure.

Dit is hierdie **verlede** wat die **hede** maak wat dit vandag is; saam gee dit die fondamente vir die **toekoms** vir hierdie pragtige en wonderlike stokperdjie van ons, naamlik **sierduiwe.**
Mag elke lid dieselfde ervaring belewe met die lees van die uitgawe.
Hoe die ontvangs ook al mag wees by ons lede, for me the reward lies in the fact that I was able to bind together fifty years into one cover for those of the future. En oor nog vyftig jaar sal daar weer iemand wees wat gebeure rondom ons sal opteken. So draai die wiel en gaan die lewe onverpoosd voort.

**Dankie**
**My hartlike dank aan al die borge en adverteerders wat hierdie uitgawe moontlik gemaak het.** Sonder u sou dit maar net 'n droom gebly het.

**Dankbaar**
I thank my Creator for the prerogative of sending this issue to our members. Ook dat ek die voorreg gehad het om manne en vroue te leer ken wat diep spore in ons vereniging gelaat het. Dankie ook aan Bertha wat vir baie ure alleen moes wees terwyl ek navorsing gedoen het.

**Die toekoms**
**Ons stokperdjie het, in vergelyking met die vroeër jare 'n verfyning ondergaan en na bo uitgestyg.** Kom ons bou voort op wat vir ons nagelaat is. Kom ons plaas steen op steen in ons stokperdjie gedurende die laaste dekade van 1900, ondersteunend en onderskragend tot mekaar.

Ons beleef moeilike tye waar alles net ongelooflik duur word. Laat ons met mekaar praat oor hoe ons die pad vorentoe moet aandurf **om hierdie sport steeds as 'n gesinsport te kan beoefen**. Dit, vriende is ons sterkpunt. Ons kan, ons het die breinkrag om vir niks te wyk nie. **Elke lid se idees en wenke moet ontgin word. Saam kan ons baie vermag.** As ons byvoorbeeld nie nou reeds begin besin oor veral kostes nie, sal ons net eenvoudig meegee.

Met hierdie, die laaste uitgawe vanaf my lessenaar, groet ek al die lede. Ja, na elf jaar sê die Snymans: **Vaarwel as redakteur. Ons sluit nou hierdie hoofstuk in ons lewens.**
**Mooi loop.**

**Kobus Snyman**

## Met dank aan die volgende Borge
## With thanks to the following Sponsors

### 1. Regions/Streke:

Western Province = R150,00;
Transvaal = R150;
Noord-Vrystaat = R150;
Northern Transvaal = R150;
Griekwaland-Wes = R150;
Oos-Transvaal = R150;
Kroonstad = R150;
Suid-Westelike Distrikte = R100;
Boland = R75;
Wes-Transvaal = R150;
Vrystaat = R150
Natal = R150;

### 2. Telers / Breeders:

**Stewart Patterson**, Bryanston, breeder of longfaced Clean Legged and Muffed Tumblers, African Toys, Turbits, Blondinettes and Bellneck Rollers = R150; (Tel 011-704-2490);
**Rouxtjie Roux**, Ventersburg, teler van Gros Mondains en Kings uit VSA-ingevoerdes = R75; (Tel 01734-4797);
**Kobus en Bertha Snyman**, Bloemfontein, telers van Kings, Gros Mondains en Modenas = R75; (Tel 051-224189);
**Wynand en Bertjie Wessels**, Bothaville, telers van Langgesig Tuimelaars, Dragoons, Turbits, Archangels en Bodemtuimelaars = R75; (Tel 01414-2769);

**Die Redakteur bedank elke streekkomitee en elke lid wat dit goedgedink het om hierdie Gedenkuitgawe te help borg. / The Editor wishes to thank every Regional Committee and member who sponsored part of the costs of our Commemorative Issue.**

### 3. MEDPET

**'n Spesiale woord van dankie aan Dr Ockert Botha van MEDPET vir die borg van die kleuromslag en ander advertensies.**

**A special word of thanks to Dr Ockert Botha of MEDPET for sponsoring the cover in colour and other adverts.**

### 4. Specialist Clubs / Spesialiteitsklubs:

The S.A. Homer Club = R75;
The S.A. Modena Club = R75;

---

**PLEASE TURN OVER AND READ THE MINUTES OF THE INAUGURAL MEETING**
**BLAAI OM EN LEES DIE NOTULE VAN DIE STIGTINGSVERGADERING**

---

**Hennie en Sonja Coetzee**, Olifantsfontein, spesialis telers van Gros Mondains = R75; (Tel 011-316-2994);
**Hansie en Kittie Botes**, Hartswater, telers van Carriers, Langgesig Tuimelaars, Bodemtuimelaars, Dragoons en Kings = R80; (Tel 05332-41169) (Werk);
**Rodney J. Stevens**, Pietermaritzburg, specialist breeder of all colour Fairy Swallows (silician/fullhead); gazzi modenas - blue, bronze, russet, ocker, silver dun and cream and black = R150; (Tel 0331-458001) (Work);
**Chris Möller**, Kimberley, teler van waaiersterte, Frillbacks en Vienna Kortgesigte = R75; (Tel 0531-612-146);
**Doep du Plessis**, Bloemfontein, teler van Carriers, Magpies, Duitse Skoonheidsposduiwe en Engelse Skouposduiwe = R75; (Tel 051-312090);
**Pieter Cilliers**, Alberton, teler van Duitse Skoonheidsposduiwe, Kings en Brunners = R75; (Tel 011-893-4283);
**Johnny Rosin**, Klerksdorp, specialist breeder of Gros Mondains and Kings = R150; (Tel 018-462-5013);
**Karel Reyneke,** Klerksdorp, teler van Kings en Norwich Kroppers = R75; (Tel 018-462-5485);
**Willie en Martie Theunissen**, Germiston, telers van Modenas, Afrikaanse Troetelduiwe, Trompetters en Kings = R75; (Tel 011-827-6542);
**Ben de Lange**, Wesselsbron, teler van Gros Mondains = R75; (Tel 0176-991129);



Meeting Held. 13. 4. 1943 at 8-30 at Mr Wightman
Residence Hof St C. Town. with the object of.
forming a Fancy Pigeon Club after decussions
it was agreed by the members present.
Nominations were as follows. Mr N.C. Verway elected
Chairman, Vice Chairman Mr Wightman Sec & Treas.
Mr. A H LeRoux Representative Mr Dunsdon. Stewards
Messers. Maag. Louw. Wightman & Dunsdon.
Decissions Re membership fee. Agreed membership
fee to be 15/- per an. 5/ of each member to be
paid to Western Province Poultry Soc. 5/- to Cage.
Bird Soc. and 5/- to remain in Club Funds.
After decussions of this matter is was agreed.
to be affliated to the mentions Societys.
as we where not in the position to have
shows on our own as we had no pens for.
that purpose. The Secretary was asked to write
to the above Societys to see if they would
agree to our terms. Re. President of this Clubs.
it was agreed to write to Mr Van Hoalen if he would
accept the position Alternative to be Mr Orpen.
Agreed. The next item was. Re. name to be of this
Club. and it was agreed to Name it South
African Fancy Pigeon Club. (S. A. F. P. C.) The
following Members were present. Messers. Rascke.
Carr, Maag, Mills & Son, LeRoux, Wightman,
Langenhoven, Louw, DeVilliers, Dunsdon.
Verwey. Meeting terminated at 10 oclock.

Found Correct Statement
Moved Mr DeVilliers
Second. Mr Maag.

NVerwey
Chairman
8/5/43.

# *The Golden Thread of the South African Fancy Pigeon Association*
# *Die Goue Draad van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging*

**In die Kaap die Goeie Hoop is die fondamente van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging sorgvuldig uitgemeet en vasgepen. In die volgende vyf dekades sou die mure opgebou word tot 'n uiters genotvolle stokperdjie wat deur Konings en Kinders beoefen sou word - dwarsoor ons mooi land.**

## PART I: Foundation and the Forties
## DEEL I: Stigting en groei tot en met 1950

The foundation of the SA Fancy Pigeon Club was announced in the September 1943 issue of the S.A. Poultry Pigeon en Bird Magazine. The announcement reads as follows:

*"Those fanciers throughout South Africa who keep Fancy Pigeons whatever the breed, because they love and admire them, will welcome the formation of the South African Fancy Pigeon Club.*
*A few fanciers, although living some considerable distance apart, had one idea in common, namely, the earnest desire to foster the love and care for Fancy Pigeons through mutual advice and assistance. This object they felt could only be attained through a club, controlled and supported by fanciers, who by the exchange of their knowledge and experiences would necessarily bring about an improvement in the quality and standard of the birds. With these thoughts and ambitions in their minds, a meeting was called on 13th April (1943) of all available fanciers at one of their homes and their amid great enthusiasm a chairman, secretary and committee were elected and the name of the club decided upon. Thus the S.A. Fancy Pigeon Club, with headquaters at Cape Town, was no longer a dream but an accomplished fact. Up to the present the club has enrolled over 20 members and enquiries are still coming in to the Hon. Secretary, Mr. A.H. le Roux, 1 Bower Road, Brooklyn, who will be only too glad to give intending members any details they may require."*

In dieselfde uitgawe word vermeld dat die "**Cape Town and Peninsula Poultry Club**" op sy jaarvergadering drie wysigings in sy Konstitusie aangebring het, *"one of these being the acceptance of members of the S.A. Fancy Pigeon Club as members."*

Mervyn Wightman, past President of the SAFPC wrote the following about the foundation of the Club:
*"During the early thirties, Rudleigh Dunsdon organised fancy pigeon shows with the Western Province Cage Bird Society. Archie Shaw usually judged at these shows but at that time there was no fancy pigeon organisation as such. One day early in 1943, taking to Rudleigh on the subject of a club, he spoke about the S.A. Fantail Club. He was not a member, but his friend Andre Malan was. Unfortunately most of the activity was up-country and of course they did not cater for the Norwich Cropper, Runts or Tumblers which he kept. We agreed upon the need for a fancy pigeon club to cater for all breeds and as at that time I frequently visited the lofts of Mr NC Verwey at Vasco who advertised pigeons for sale, I called on him to discuss the idea. Together with Rudleigh it was dicided to form such a club, and a meeting was soon called at my home 'Beech Hurst' in the Gardens, Cape Town.*
*"Naturally, the first item to be decided on was a name, and many ideas were put forward. It was however, agreed that the club should not be parochial but that the entire nation should be included. The name decided upon was the South African Fancy Pigeon Club, the aim being to create areas in every province of the then Union of South Africa."*

**Die handgeskrewe notule van hierdie geskiedkundige vergadering van 13 April 1943 verskyn iewers in die uitgawe.** Die persone wat hierdie vergadering bygewoon het, was: Mnre Rascke, Learr, Maag, Mills en seun, AH le Roux, M Wightman, Langenhoven, Dr de Villiers, Louw, Dunsdon en N Verwey. Ledegeld is op 15/- vasgestel.
Die eerste voorsitter was mnr Norman Verwey, die onder-voorsitter mnr M Wightman, die sekretaris/tesourier mnr AH le Roux. The first representative was mnr Dunsdon and Stewards were mrs Maag, Louw, Wightman and Dunsdon. Op die vergadering van 5 Junie 1943 is mnr Dunsdon as die eerste ouditeur verkies. Op dieselfde vergadering is die eerste konstitusie goedgekeur.
Twintig persone is as lede tydens 1943 aangeteken.
Vanaf April tot November 1943 is elke maand 'n vergadering in Kaapstad gehou en hierdie notules is steeds in veilige bewaring by mnr A Reyneke van Parys.

### *Eerste Nuus oor Vereniging*

Na die stigting van die SASV, is met die destydse redakteur van die SA Poultry, Pigeon en Bird Magazine ooreengekom om 'n bladsy aan nuus oor die SASV af te staan. Dit sou vir lede 3/- per jaar kos om op die tydskrif in te teken, maar die bedrag is met leedwese in 1948 na 3/6 verhoog.



Mr Clive Druce
Notes Writer and Chairman of the Club during 1958 and 1961.

In November 1943 the first news of the newly formed club was presented in the **S.A. Poultry, Pigeon and Bird Magazine,** namely:

*"As this is the first month in which we have our own page in the Magazine through the courtesy of the Editor, I want to fulfil my promise to country members to give a list of persons interested in our venture. Mr G Orpen is our President, Mr NC Verwey is our Chairman and Mr AH le Roux our Secretary..."*

In September 1945 word gerapporteer dat daar besluit is om twee subkomitees in Johannesburg en Oos-London onderskeidelik te stig. In Johannesburg was mnr JS Walden as sekretaris en mnr NF Bouwer as voorsitter verkies; in Oos-London was mnr W Wiggins voorsitter en mnr A Francis die sekretaris.

In dieselfde uitgawe word lede gemaan dat hulle onder geen omstandighede ringe aan nie-lede mag verkoop nie en dat nie meer as 4 paar eiers per jaar van 'n wyfie gebroei moet word nie.

In Julie 1945 is die Oranje Vrystaat ook as streek onder die leiding van PJ Liebenberg (oom Liebs) by die SASV ingeskakel. Oom Liebs se lidmaatskap is op 'n vergadering van 16 Oktober 1944 goedgekeur, so ook die van Wrench en Hughes-Halls.

In die Desember 1945 uitgawe word bekend gemaak dat 'n jaarlikse kampioenskapskou gehou gaan word. Dit is soos volg aangekondig:

*"Your committee is of the opinion that a championship show should be held every year in rotation at the various centres and where possible in conjunction with the SAPA Championship Show. As the East London Poultry Society, which is staging the SAPA Championship Show next year, has approached us for support, it was unanimously decided to hold our first championship show at East London in conjunction with the SAPA Championship Show.*

*"As the holding of a championship show is a new departure in our effort to provide better show facilities for our hobby..."*

Die notule van die vergadering van 24 Oktober 1945 bevestig ook dat dit die eerste kampioenskapskou sou wees. Die notule van die vergadering gehou op 25 Julie 1945 dui aan dat die kampioenskapskou in 1945 in die Kaap, as 'The Cape Town Championship Show' bekend gestaan het. Daar moet dus aanvaar word dat die eerste kampioenskapskou in Oos-London plaasgevind het en wel in 1946 en nie, soos dikwels beweer, in die Kaap gedurende 1945 nie.

## *Die SASV en SAFC smelt saam*

Uit berigte in die **SA Poultry Pigeon and Bird Magazine** is dit duidelik dat die **SA Fantail Club** al in die dertigerjare goed opdreef was. Verskeie briewe van telers verskyn al sover terug as 1935 in die betrokke tydskrif. In Julie 1935 word gerapporteer dat daar 50 waaiersterte in die Kaap op die SA Poultry Association se kampioenskapskou vertoon is. Die beriggie lui soos volg: *"At the Championship Show ... 50 Fantails were penned, comprised of 25 Blacks, one Silver, three Blues, one Mealie, one Blue Chequer, two Yellows, and six Reds. Mr R Porritt, who judged, must have had a difficult job in placing the birds, as there were very little to choose between most of them, and he is to be congratulated on the able manner in which he placed the birds. Mr A Ingle secured the two Specials with a White and a Black cock, the former being the better bird. Mr A H le Roux's two (Yellow and Black) hens were very good and much admired. The rest of the birds followed very closely in merit..."*

In Mei 1941 word die standaard van die Norwich Kropper en Dragoon, in Junie 1941 die Standaard van die Fantail en in Oktober 1941 die standaard van die Magpie gepubliseer. In Desember verskyn die standaard van die Oriental Frills.

In die Desember 1944 uitgawe word daar vir die eerste keer melding gemaak van die moontlike affiliasie tussen die SASV en die SA Fantail Club.

Uit later berigte blyk dit dat daar vyf verskillende klubs op daardie stadium was. Behalwe vir die SASV en die Fantail Club, is dit nie duidelik wie die ander drie was nie. Soos reeds vermeld het daar tot en met 1941 verskeie standaarde verskyn en kon daar moontlik wel klubs vir die telers bestaan het. Die aanbod vir amalgamasie het vanaf die SAFPC gekom en Mnr JS Willes skryf in die Desember 1944 uitgawe die volgende oor die aangeleentheid:

*"In any event, we have before us (the Fantail Club) a definite offer from the SA Fancy Pigeon Club to incorporate our club in theirs. This offer must put to vote, whatever else may still be discussed, to enable our entire membership to vote for or against it..."*

In die Desember uitgawe word die voorwaardes vir amalgamasie gepubliseer en eers in die Maart 1945 uitgawe word die saak weer aangeroer toe Ds AF Malan

die verkiesingsuitslag bekend maak en die volgende skryf:

*"I have sent out the circular letter asking members to vote upon the matter of amalgamation with the other club. The final result of the voting is as follows: Against amalgamation, 3 votes; for amalgamation 15 votes. This means that the needed two-thirds have voted for amalgamation and we shall immediately contact the other club to settle the matter finally ...*

*"We have submitted the following further condition with regard to the above matter:*

*We asked that the greater club shall record that in case the S.A.F.P.C. should dissolved at any future date the trophies and other assests which up to now have belonged to the SA Fantail Club shall be handed back to the officials of the S.A.Fantail Club who are at present in office... I consider this a very reasonable request and hope the other club will agree...*

*"I presume that the next notes will most likely be under the notes of the Fancy Pigeon Club. ... it is a very sad occasion to us. May the work that has been done by the Fantail Club be an inspiration to the Fancy Pigeon CLub. A.F. Malan, Hon. Sec., SAFC."*

Met die deurlees van die notules van daardie vroeë jare, is dit duidelik dat die samesmelting van die twee klubs nie so eenvoudig en maklik was nie. Op vele vergaderings is die saak aangeroer en is voorwaardes heen en weer gestel en ontvang. Eers op 8 Februarie 1945 is die aangeleentheid finaal bespreek en is al die voorwaardes van die SAFC aanvaar. Die notule maak nie van enige ander klubs melding nie.

So het die twee klubs, en die ander (as daar was), dan een klub geword soos ons dit vandag nog belewe.

**Briefhoof verskyn**

In Januarie 1945 verskyn die eerste briefhoof van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging.

Op 31 Maart 1945 se algemene jaarvergadering word Edwin Mellish as Voorsitter verkies en mnr N Verwey as sekretaris/tesourier.

In April 1946 word die Fantail Club lede hartlik welkom geheet deur die SASV en wel soos volg:

*"On behalf of the committee and members I would like to extend a hearty welcome of the SAFC and sincerley hope that our combined efforts for the benefit of the fancy will be crowned with success...:*

Nog 'n baie interessante verwikkeling het op die AJV van 26 April 1946 plaasgevind. Weens die uitgestrektheid van Suid-Afrika is besluit om kapenaars in die U.K. te kies om die res van die plattelandse streke te verteenwoordig. Dit was geen gewone verkiesing nie, maar die verteenwoordigers is per 'lot' aangewys, naamlik - Pietermaritzburg - Dunsdon; Kaapstad - Langenhoven; Bloemfontein - Maag; Johannesburg -Wightman en Rhodesia Dr De Villiers. Dit was dus duidelik dat lede in Kaapstad volle beheer oor die destydse gang van sake gehad en op die wyse behou het, altans in die begin jare.

Die AJV van 1947 wat op 22 April gehou is, was dan ook net deur 7 lede van Kaapstad self bygewoon en die voorsitter was aangenaam verras deur die goeie opkoms vir die vergadering. Verskeie skriftelike voorstelle vanaf 'plattelandse' lede het voor die vergadering gedien.

Op die Algemene vergadering van 1 Augustus 1947 was mnr Hughes-Hall van Rhodesië ook teenwoordig en die voorsitter *"was very pleased to have him see how matters of the club were controlled."*

Hierop het mnr Hughes-Halls soos volg geantwoord: *"... was pleased to have had the opportunity of meeting all the Cape Town members and to have been able to see such a fine lot of pigeons and to be present at this meeting."*

## Briefhoof soos ons dit vandag nog ken

In May 1946 the following were reported:

*"Reviewing the activities of the club during the past year, it is very gratifying to note that record pigeon shows were held under our patronage in Johannesburg, Malmesbury, East London and Cape Town. The staging of 693 exhibits at the Cape Town show constitutes a South African record as far as fancy pigeons are concerned."*

In dieselfde uitgawe word vermeld dat die klub 'n totale omset van 197 pond gehad het en 'n wins toon van 41 pond 16s 4d.

Januarie 1948 breek aan en die notas oor die vereniging verskyn onder 'n splinternuwe briefhoof. Wie dit ontwerp het is steeds 'n ope vraag maar die naam Mervyn Wightman verskyn in so 'n klein blokkie saam met die logo.

**Ledetal van die S.A.S.V.**

Dat die SASV in daardie vroeë jare vinnig gegroei het, is nie te betwyfel nie. Gedurende Mei 1946 word



Mnr Norman Verwey

Almost since the inception of the SAFPC, Norman Verwey was the Secretary until 1963.

gerapporteer dat die ledetal op 114 staan en "*...The exact number will only be available when we receive the membership list of the SAFC and a new list has been compiled...*"

In dieselfde uitgawe word vermeld dat 'n wins van 71 pond gedurende die jaar gemaak is.
Gedurende November 1946 word 'n volledige ledelys gepubliseer en benewens die toe reeds bekende name soos Ds Malan, N Verwy, J Willes en andere, tree nog name sterk op die voorgrond:
Mnr F van den Berg van Bothaville, mnr PC Dorfling, W Keppler van Maraisburg en L Fivaz van Steynsrus en mnr AW Roos van Pietersburg. In die Oktober 1947 uitgawe word nuwe lede se name gepubliseer en daaruit blyk dit dat die SASV sy vlerke so ver as Windhoek in die destydse Suidwes gesprei het.
Mnr A W Roos, so word gerapporteer in die Januarie 1948 uitgawe, het ondermeer 400 kuikens gedurende 1947 geteel. In 1949 het hierdie teler blykbaar geweldige mooi hokke vir sy bykans 1000 duiwe opgerig.

**Doen weg met Beste Duif op Skou**

Uit Notules van 1946 en 1947 se vergaderings was dit duidelik dat Beste Duif op Skou vir baie lede 'n probleem opgelewer het. Daar is o.m. voorgestel dat 'n neutrale beoordelaar daarvoor aangestel moes word. Gedurende Junie 1947 word berig dat daar op 'n vergadering van 22 April 1947 na 'n baie lang bespreking eenstemmigheid bereik is tov die volgende "*...it was decided to delete 'best bird on show' at all future Championship Shows...*" Dit is uit verdere uitgawes moeilik om vas te stel wanneer presies hierdie toekenning vir die eerste keer weer gemaak is. Die trofee wat destyds vir Beste Duif op Skou aangekoop was, is na hierdie besluit aan die Beste Duif in die Seksie Verskeidenheidsrasse toegeken.

Net om te wys hoe ernstig die lede destyds oor die saak gevoel het, skrywe Ds Malan daaroor in die Oktober 1951 uitgawe die volgende:
*"His pigeon was not the Best on Show, as stated, but the Best in the Fantail Section. There is no Best Pigeon on Show, only Best in Sections."*

## First National Conference

Op 30 Januarie 1948 is die eerste keer besluit om 'n lid se kostes na 'n skou te betaal, naamlik die van mnr Robinson wat in Bloemfontein moes gaan beoordeel.

The first national conference of the South African Fancy Pigeon Club was held on Friday, June 18, 1948, at Bloemfontein on the evening of the second day of the Championship Show. This was indeed an auspicious occasion, for not only were many important matters discussed, but it was the first time that an opportunity arose for members from all centres in the Union to meet together in the interests of the pigeon fancy.

Die notule is al oud en geel en die volgende lede het hierdie, die eerste nasionale konferensie, bygewoon:



**Oom Lappies van Bloemfontein**
Hierdie begaafde teler en persoon kon ook maar moeilik raak op vergaderings - maar 'n legende sal hy bly.

EHF Mellish, NC Verwey, Mev Liebenberg, Mnr PJ Liebenberg, JH Venter, MA Els, HJ de Bruin, D Bester, PC Pienaar - almal van Bloemfontein; WE Ruger en S Burger van Port Elizabeth; J Hirschman en AW Roos van Pietersburg; A Francis van Oos-London; M Wightman en Dr De Villiers van Kaapstad.

Tydens hierdie vergadering is besluit dat alle gelde voorhande van streke aan hoofkantoor gestuur moet word en dat streke geld vanaf hoofkantoor sou ontvang vir hul uitgawes.

The question of the Judges Panel was also discussed and progress was made in this direction.
It was also decided that future championship shows will be known as **South African Grand National Championship Shows.**

## Book of Standards and judges' association

In the January 1948 magazine it was reported that Mr Hughes-Halls of Rhodesia was busy preparing standards of various fancy pigeons for the "benefit of the Club." Dit sou egter baie jare neem om hierdie boek van standaarde te voltooi.

In sy jaarverslag van 23 Junie 1949 het mnr Mellish aangekondig dat die volgende persone *"were appointed as foundation members of the Judges Panel: Transvaal: AW Roos and J Lauryssen; Natal: R Porritt, Watton and W Owen; Border: J Zeeman and P Urquhart; OFS: PJ Liebenberg, Port Elizabeth: W Mitchley, R Whitlock and J Wilmot; Cape: M Wightman, Dunsdon and N Verwey."*

Wat presies hierna met die paneel gebeur het, is nie heeltemal duidelik nie en kon ook nie in die navorsing gevind word nie.

In die vyftigerjare begin stemme opgaan om 'n onafhanklike beoordelaarsvereniging in die lewe te roep. Die konstitusie is opgestel en eers in 1969 word berig dat kommentaar steeds afgewag word. 'n Ad hoc-komitee is in 1969 saamgestel om die saak te bespoedig. Hierdie komitee het bestaan uit mnre Warren Klopper, Gert Bierman (Sekretaris van die voorlopige Beoordelaarsverenigingkomitee), Reg Gething, Jan van Leeuwen, David Malan en Charl Pretorius. Daar is ook in 1969 besluit om daadwerklik aandag te gee aan die bind van 'n boek van S.A. Standaarde en Gert Bierman was versoek om die standaarde te "kollekteer" en met behulp van verskeie persone te verwerk. Hy het dan ook daadwerklik aan die werk gespring en reeds in dieselfde jaar is verskeie standaarde vir kommentaar aan beoordelaars uitgestuur.

### Newcastle Siekte pootjie die 1950 Kampioenskapskou

In April 1950 word aangekondig dat die kampioenskapskou afgestel is weens die uitbreek van hierdie gevreesde siekte.

In 1949 was die volgende subkomitees reeds gestig: Johannesburg, Oos-London, Port Elizabeth, Bloemfontein en Suid-Rhodesië **en almal goed opdreef.**

## DEEL II / PART II
## The Years 1951 until 1959
## Die Jare 1951 tot 1959

### Vrystaat stig eie Vereniging

Dit is nie heeltemal uit nuusbriewe en notules duidelik wanneer die Vrystaat sy eie sierduifvereniging gestig het nie maar so 'n vereniging is wel in die vroeë vyftiger jare onder die leiding van mnr PJ Liebenberg gestig. Die vereniging het dan ook sy eerste skou gedurende 1952 in Bloemfontein aangebied en daar word berig dat 1010 duiwe vertoon is, sowat 200 duiwe meer as die vorige jaar se kampioenskapskou wat in die Kaap gehou was. Uit latere berigte is dit duidelik dat baie OVS lede, ook lede van die SASV gebly het. Latere berigte lui dat die wegbreek van die Vrystaat waarskynlik kon spruit uit die feit dat daar nie goeie pryse vir vertoners op skoue aangebied is nie. In Augustus 1952 skryf 'n lid die volgende:
*"Perhaps, it is because of such defects that the Free State fanciers have founded their own club with its own cups, rings and show, which apparently leaves the other shows in the shade. I believe certain fanciers in the Transvaal have similar plans which, obviously, must be damaging to the SAFPC."*
Mervyn Wightman was egter van mening dat die Vrystaat moontlik weggebreek het omdat *"the headquarters at the Cape was considered to be too dictatorial. The Free State reckoned there were 'te veel Engelsmanne' in the club..."*

Tog het alles blykbaar nie so voor die wind met die OVS Vereniging gegaan nie. In Junie 1953 blaas 'n sekere mnr N van Vuuren behoorlik stoom af. Hy skrywe:
*"Dan was ek nog altyd onder die indruk gewees dat pryse, ens. wat jy op tentoonstellings verower iets is om op trots te wees. ... maar die jaar is die pryskaarte sommer binne in die mandjies gegooi. 'n Mens kan jou voorstel hoe so 'n pryskaart lyk as 20 duiwe op hom getrap en gemis het."*
Dan was hy ook boos omdat sy duiwe in oorvol kratte per trein aan hom teruggestuur is. Hy meld verder dat Bloemfontein verseker moet weet dat as hulle so voortgaan, hul duiwe-seksie sommer gou-gou dood sal wees.

Mr. Alex Ravenscroft joined the SAFPC in 1951. Mr Mervyn Wightman recalled his first impression of Alex as follows: *"Here was a fancier with the drive, the personality and the charisma to help in reactivating our SAFPC."* Since 1954 until the late '70's Alex played an active and important role in the Executive Committee and the Transvaal Area Committee.


### Kritiek tov Beoordeling en die aanhou van duiwe

As ons meen dat **kritiek tov beoordelaars** 'n onderwerp is wat maar onlangs aangeroer is, maak ons 'n fout. Reeds in die vroeë vyftigerjare verskyn talle briewe van ongelukkiges. Oom Johan du Preez van Senekal het hom in die April 1953 (terloops die eerste Afrikaanse teks) streng uitgespreek teen die kritici.

Die groot verskil was dat die manne wat kritiek uitgespreek het, dit met feite gedoen het en nie in die bondel geskiet het nie. So het een teler geskryf: *"Hoe kan daardie kortbeen-Carrier met sy kort nek, wat dus onmiddellik bots met die hooftrekke en vereistes van 'n goeie Carrier, nog die aandag trek van die beoordelaar en hom 'n kans op die finale beslissing gee?"*

Nog 'n stukkie kritiek: *"I should like to know if Messrs. WA Ziemann and J Walden are in possession of judges' certificates to judge fancy pigeons. Mr Ziemann, I only want to say this to you: don't argue with one who has experience of a bird, if you don't even know the difference between a Carrier and a Dragoon." (August 1952).*

In die Mei 1953 uitgawe vat oom Johan du Preez vlam en skryf ondermeer: *"Daar moet 'n rede wees vir die kritiek wat uitgespreek is in die blad. Vir diegene wat nie op die kampioenskapskou was nie, kan ek net sê: 'van horen zeggen liegt men veel.' Aangesien ons nie kan bekostig om dinge hulle gang te laat gaan, ongerymhede toe te smeer of doekies om te draai nie, wil ek my uiterse teleurstelling uitspreek oor die reëlings wat daar getref is. Ons is daaraan gewoond dat daar tydens die kampioenskapskou 'n vergadering gehou word waarop die skou aangeleenthede, ens., bespreek word. Kan mnr. Verwey my asseblief inlig waarom manne soos hyself, mnre Mellish, Wightman, Kershoff, Roos, Truter en ander*



**Is daar 'n mooier kombinasie?**

*bekendes nie die skou ondersteun nie?*
*... ek daag enige beoordelaar uit om te bewys dat hy alle Sierduifrasse in die fynste besonderheid 'ken en kan beoordeel'...*

En dan kry oom Johan du Preez sommer 'n klomp ander sake van sy bors af wat daarop dui dat alles nie so voor die wind gegaan het nie:
*"... 'n jaarvergadering moet belê word tydens die skou en*
*(i) 'n balanstaat moet voorgelê word; en*
*(ii) daar moet elke jaar 'n nuwe bestuur gekies word en 'n komitee wat skouaangeleenthede sal behartig, moet saamgestel word."*

*Ook in Augustus 1952, het 'n lid onder die skuilnaam **"Progressive"** die volgende kwyt geraak:*
*"It also seems as if certain breeds enjoy more attention from the club than others, whether individuals of species are favoured, cannot be ascertained."*

Ook 'n sekere mnr W van der Walt berig Desember 1954 dat swakker duiwe wen die beter duiwe en dit verwar beginners. Hy was destyds van mening dat die beoordelaar na eie smaak beoordeel.

## Vrystaat hou eers eie vergadering en woon later SASV vergadering by.

Op 25 Junie 1955 vind die kampioenskapskou en jaarvergadering in Bloemfontein plaas. Dit dui daarop dat alhoewel die Vrystaat sy eie vereniging gehad het, was daar tog goeie samewerking met die SASV. Die volgende sake is aangeteken:

* Die ledetal staan op 170;
* Ds Malan meen die konstitusie moet verander word want daar is nou te 'veel lede vir die huidige konstitusie';
* Die Vrystaat het sy algemene jaarvergadering op dieselfde aand gehou en het later, nadat hulle vergadering klaar was, by hierdie vergadering aangesluit;
* Die invoerpermit vir ringe is vanaf 25 pond na 11 pond verminder en dit gee 'n moeilike toedrag van sake af;
* Mnr Verwey dien onverwags sy bedanking in en mnr Mellish weier om dit te aanvaar; Ds Malan en andere, klop mnr Verwey vir sy goeie werk op die skouer en sê dat die vereniging nie sonder hom kan aangaan nie - "... *'n doodse stilte het geheers totdat mnr Verwey opgestaan het...*" en gesê het dat hy nie so maklik sal touopgooi nie en sy bedanking teruggetrek;
* Ds Malan word die taak opgedra om die notas in die 'S.A. Poultry' tydskrif te skryf:
* In die bank was 120 pond en by die poskantoor 84 pond.

In Maart 1956 het Ds Malan 'n appeltjie te skil met duiweboere wat hul duiwe **"vermoor"**.
"Ou Doom" was woedend nadat hy verskeie hokke besoek het waar duiwe in uiters haglike toestande aangehou was. Hy het ook van "verskriklike" klein hokkies gepraat.

## Pligte van Streekkomitees


In April 1956 word die magte en bevoegdhede van streekkomitees in die konstitusie omskryf. Betreffende fondse word die volgende bepaling neergelê –
*"The Secretary/Treasurer of the Sub-Committee shall be provided with a reasonable amount of petty cash to defray working expenses and a return of such expenditure signed by the Chairman and Secretary must be submitted to the Executive quarterly."*
Of hierdie bepaling werklik uitgevoer is, word nie oor geskryf nie.

### Sakwapen

In 1953 is die eerste sakwapen ontwerp en teen 12s 6d verkoop.

## Dood van Willie Roos

In die September 1956 uitgawe word berig dat Willie Roos van Pietersburg oorlede is. Hy is noodlottig in 'n ongeluk beseer. In die artikel, deur Ds Malan geskryf, word berig dat Willie Roos as die grootste duiweboer in Suid-Afrika onthou sal word. Tydens sy heengaan het hy oor meer as 1200 uitgesoekte duiwe beskik van alle soorte. Ds Malan het hierdie groot duiweboer, soos volg onthou:
*"Gedurende baie jare het hy met groot sukses alle soorte pronkers geteel, en hy was net met die beste tevrede. Hy was 'n fyn kenner van sierduiwe en een van ons bekwaamste beoordelaars.*
*"As mens was hy beskeie en vriendelik en hulpvaardig. In hom het ons 'n ware vriend gehad. Met sy hoflike maniere was hy 'n ware 'gentleman'.*
*"Sy liefde en ywer vir ons stokperdjie blyk veral daarin dat*



A FRILLBACK - ONE OF THE MOST BEAUTIFUL PIGEONS

*hy feitlik eiehandig die groot duiwesaal op Pietersburg opgerig het, en self al die skoufuike gemaak het, en duiweskou georganiseer het, sodat Pietersburg tot so 'n mate die Mecca van duiwe geword het, dat die Kampioenskapskou volgende jaar daar sou plaasvind. Dit was sy ideaal. In die fleur van sy lewe is hy afgesny en ons het 'n onherstelbare verlies gely deurdat ons ' allerbeste vriend en stoere duiweboer verloor het. Ons klub kan dit moeilik bekostig. Sy nagedagtenis sal egter bly voortleef solank daar met sierduiwe geboer word in Suid-Afrika."*

**Die Grondwet**

Ds Malan het gedurende 1957 die Grondwet vir die eerste keer vanuit Engels in Afrikaans vertaal.

Mnr Mellish, destyds voorsitter het gedurende November 1957 vermeld dat die SASV pragtig georganiseer is in die volgende streke: Pietermaritzburg, Johannesburg, Port Elizabeth en Pietersburg. Die Ovs was op sy eie.

## Die Roos Gedenkbeker en Aloma Roos Trofee

Die 1957 kampioenskapskou in Pietersburg het, soos reeds vermeld, bekend gestaan as die Memorial Championship Show. Mnr PA Swanepoel het die Groot Kampioen en Reserwe Kampioen uit die getal van 1 063 vertoon. Die Roos- en Aloma Roostrofees was beide vir die eerste keer op die spel.

Oor hierdie skou het Clive Druce soos volg geskrywe:

*"The judges being Mellish, Verwey, Rev Malan, Ingle and Druce. None of the judges was shot after judging, as far as I know, so I presume the members were satisfied with the dicisions."*

Die 1958 kampioenskapskou het op 23 tot 26 Junie in Pietermaritzburg plaasgevind. Hoewel die seksie-wenners gepubliseer is, is die twee hoofpryswenners se name nêrens te vinde nie.

**Ek het die voorreg gehad om deur die verlede en die geskiedenis van die vereniging te blaai; dit was my beskore om al die verwikkelinge in een omslag vas te bind sodat lede kan weet daar was manne en vroue, koningsmense en koningskinders, wat van toeka af lief was vir sierduiwe en die vereniging; wat dit opgebou het tot dit wat dit vandag is - 'n sierraad vir die nageslag - Kobus Snyman.**

Ds Malan se laaste woorde het later geblyk waar te word, want in 1957 is die Roos Gedenkbeker vir die eerste keer aan die Groot Kampioen op die S.A. Kampioenskapskou toegeken.

In dieselfde berig is dit ook bekend gemaak dat Willie Roos se dogter, Aloma, ook oorlede is. Die Aloma Roostrofee word ook sedert 1957 aan die reserwe kampioen duif toegeken.

Gedurende Maart 1957 skryf Ds Malan dat mev Roos besluit het om nie Willie se duiwe te verkoop nie, maar om self aktief daarmee te teel en skoue by te woon. Hierdie buitengewone mens het dan ook die 1957 kampioenskapskou te Pietersburg feitlik eiehandig georganiseer en aangebied. Hierdie skou het dan ook as die **Memorial Championship Show** bekend gestaan en sou skoue daarna, volgens 'n besluit, sodanig bekend staan.

In die Augustus 1958-uitgawe van die S.A. Poultry Magazine word pertinent melding gemaak dat die meeste vertoners vanaf die vroegste jare self saam met hul duiwe per trein na en van skoue gereis het en ook na hulle omgesien het. Hierdie opofferings spreek boekdele maar ek kan my terselfdertyd voorstel watter heerlike feesritte dit moes gewees het.

Skoue is in 1958 in feitlik alle uithoeke van die land gehou, soos o.a. De Aar, Bethlehem, Middelburg (Kaap), Uitenhage, Graaff-Reinet.

1958 sal ook onthou word as die jaar waarin 35 pare raadhere ingevoer is deur o.a. W van der Walt, W Venter, Warren Klopper, J Mackintosch, PC Dorling, MJ Roberts, SJ Strydom, A Ingle, CG Stannard en SJ Spies. Maar dit was nie al nie -vanaf 1955 tot ongeveer 1960 het talle duiwetelers groot hoeveelhede duiwe ingevoer wat die sierduifstokperdjie 'n groot hupstoot gegee het. Die invoer van duiwe was inderdaad mode gedurende hierdie tydvak.

## Dood van Edwin Mellish

Vanaf 1945 tot en met sy dood op 3 Januarie 1959, na 'n kort siekbed, was Edwin Mellish voorsitter van die SASV. Gedurende hierdie jaar was Alex Ravenscroft van Johannesburg, Brian Raw van Pietermaritzburg, Clive Druce van Uitenhage, A Muller van Middelburg en M Hughes-Hall van Suid-Rhodesië sub-komitee sekretarisse of te wel streekverteenwoordigers soos ons dit vandag ken. Die Vrystaat was steeds nog nie aktief as streek by die SASV betrokke nie.

Na die dood van Edwin Mellish het Clive Druce van Oostelike Provinsie, as Voorsitter van die SASV waargeneem en op die 1959 AJV sodanig verkies. Mnr Alex Ravenscroft is as Vise-Voorsitter en mnr G Brown as Trofeemeester op dieselfde vergadering verkies.
Gedurende 1959 is die gedagte telkens uitgespreek dat Bloemfontein die permanente kampioenskapskousentrum moes word. In dieselfde jaar vind die kampioenskapskou in Middelburg (Kaap) onder die beheer van die destydse Middellandestreek plaas. Hierdie groepie liefhebbers is in die vroeë vyftiger jare op Hanover baie aktief en dit is interessant om te weet is dat die streek die kampioenskapskou aangebied het, sonder dat hulle werklik formeel 'n streek was. Die streek is eers op 19 Mei 1960 onderleiding van Tielman Nieuwoudt, Boy Viljoen, ons huidige Frikkie en Adna van Zyl, Dawie de Kok, Sarel Venter en Koos Benadie (Petie se pa) amptelik van die grond af gebring. Frikkie was as sekretaris van die streek ook streekverteenwoordiger. In die vroeë sestigerjare is die beheer van Middellande deur Middelburgtelers oorgeneem en het die streek uiteindelik ontbind.



# DEEL III / PART III
# Die Sestiger jare
# The Sixties

In die laat vyftiger en vroeë sestigerjare het die bootjie van die SASV deur vele troebel waters gevaar. Volgens mnr Wightman was daar stories dat die Vrystaatlede die beheer oor die SASV wou oorneem. *"... that some OVS members planned to take over control of the club by removing Clive Druce as Chairman, NC Verwey as Organising Secretary and myself as President."*

In 1960 word mnr Warren Klopper as Notaskrywer en in 1961 as Voorsitter van die SASV en Ds Malan as President verkies. Op dieselfde vergadering het Cas de Waal die balansstaat bevraagteken. Volgens mnr Wightman het mnr Verwey hieroor nie gelukkig gevoel nie. Alhoewel mnr Verwey weer as Organiserende Sekretaris verkies is, is mnr Cas de Waal as Tesourier en ook in die plek van mnr Klopper as Notaskrywer verkies tydens dieselfde vergadering. So is die pos van sekretaris en tesourier dan geskei.
Hierdie gebeure het volgens mnr Wightman, direk gelei tot die stigting van die NSU onder leiding van mnr Norman Verwey. Maar later meer hieroor.

## Warren Klopper weer verkies as Voorsitter

Aan die begin van hierdie dekade is mnr Warren Klopper dus as Voorsitter van die vereniging verkies en na 'n kort onderbreking van minder as 'n jaar gedurende 1964, sou hy die voorsitterskap tot en met 1988 behou. Onder hierdie begaafde oud Burgemeester, boer en sakeman, het die SASV vele hoogtepunte belewe en was hy instrumenteel tot baie nuwe gedagtes wat die ratte van die vereniging gladder sou laat vlot. Hy het ook pragtige bydraes vir die S.A.Posduif geskryf toe daar sowat 1 tot 5 bladsye van die tydskrif aan die Vereniging afgestaan is. So het Warren hom in die Augustus 1961 uitgawe van die S.A. Posduif oor sy verkiesing as voorsitter uitgelaat: *"Ek was stomgeslaan toe u my as voorsitter verkies het. Ons jonger geslag kan slegs bou op die goeie fondament wat hulle (die ouer garde) gelê het."*

In April 1961 propageer Warren die gedagte van 'n sentrale skousentrum en Faan van der Linde sluit by hom aan dat die Vrystaat en die SASV gerus kan saamsmelt tot voordeel van die stokperdjie. Hierdie versoeke het nie op dowe ore geval nie en in Julie 1961 berig Ds Malan dat die Vrysaat as streek aansluit. Die eerste voorsitter was Ds AF Malan en die sekretaris oom Liebs. Daar is in hierdie uitgawe nie van die SASV gepraat nie, maar die SASDU. (Hoewel geen bewyse gevind kon word nie, wil dit tog lyk of die SAFPC destyds as **Suid-Afrikaanse Sierduif Unie** vertaal is).
In Julie 1961 word 1 750 duiwe in Bloemfontein vertoon en Ds Malan beoordeel 850 daarvan. Die kwessie van beoordelaars het weer sterk onder die soeklig gekom en was 'n groot kopseer. Warren het die saak soos volg opgesom: *"We also have judges who dwell in the past and do not change their set ideas with the times."*

Ook in 1961 word die Modenaklub gestig aan huis van Reg Gething en daar word bepaal dat modenas in agt klasse geskou sal word - daar word aangeneem dat dit 'kleure' moet lees.

************************************************
Die handgeskrewe stigtingsnotule is nog in oom Reyn se besit. Die volgende lede het op 2 September 1961 aan huis van Reg Gething vergader om die klub te stig:
Reg Gething, JD Botma, Warren Klopper, PJ Liebenberg, JJ Reyneke en Lettie Reyneke en as gas Erwaarde Potgieter. Warren is as Voorsitter en Lettie as Sekretaris verkies. **(Inligting deur mnr A Reyneke verskaf)**
************************************************

In April 1961 besoek Warren die 80 jarige Mnr Maag van Kaapstad, een van die stigterlede van die vereniging. Hy het in daardie jaar na sy verkiesing as Voorsitter, en die

jare daarna duisende kilometers afgelê om feitlik alle uithoeke van die land te besoek. Ook word ons aandag daarop gevestig dat mnr A Francis van Oos-London sedert 1922 met sierduiwe geboer het.

## Nasionale Sierduif Unie ruk stokperdjie in twee

Die sestigerjare het, soos reeds kortliks vermeld, ook gelei tot die totstandkoming van die Nasionale Sierduif Unie. Die werklike rede waarom die NSU gestig is, word omweef deur baie verhale, afhangende met wie gesels word. Gebeure tydens die AJV van 1961 moes, volgens alle aanduidings, egter 'n besliste rol gespeel het.

Mnr DJJ (Dennis) van Rensburg het hom oor die stigting van die NSU soos volg uitgelaat:

*"Sover ek kon vasstel het die NSU sy ontstaan gehad op 30 Maart 1963, twintig jaar nadat die SASV in 1943 tot stand gekom het. Die NSU het blykbaar sy ontstaan te danke aan die feit dat die SASV se WP-area swak fungeer het en dat as gevolg van ontevredenheid van sekere lede van die WP-area daar oorgegaan is tot die stigting van die nuwe liggaam..."*

In dieselfde skrywe, merk Dennis die volgende op: *"My eerste ondervinding van die stokperdjie het ek as lid van die Karoo Sierduifklub opgedoen en derhalwe eerste bewus geword van die beheerliggaam die NSU. Mettertyd het ek bewus geword van die SASV as nog 'n liggaam wat die stokperdjie in Suid-Afrika verteenwoordig en het ek toe ook lid geword van die SASV."*

Dennis was ook van mening dat die NSU in al sy jare van bestaan nooit verder inslag kon kry as net die Kaap Provinsie nie en toe die destydse Karoo Sierduifklub ontbind en sy lede by Griekwaland-Wesstreek inskakel, was, wat hom betref, die skrif reeds teen die muur.

Uit bovermelde aanhaling uit Dennis van Rensburg se brief is dit egter duidelik dat reklame destyds nie so goed was nie. Selfs vandag bestaan daar twyfel oor die effektiefste wyse waarop die SASV bekend gestel moet word en blyk alle pogings redelik futiel te wees.

Ook in 1960 is die Seksie Verskeidenheidsrasse in drie verdere seksies verdeel.

Aan die einde van 1961 het die SASV se eerste selfstandige nuusbrief met die hulp van Ds Malan verskyn. In die Junie 1962 nuusbrief, verskyn die destydse voorsitter, mnr Warren Klopper se voorsittersrede soos op die AJV gelewer, baie volledig. Hieruit kan die volgende afgelei word:

* Dat die SASV sterk gegroei het en dat sowat eenderde van die lede baie aktief was;
* dat die 1962 kampioenskapskou die grootste getal inskrywings tot datum getrek het, naamlik 2046, vertoon deur 72 vertoners (daar was destyds 200 lede);
* die Oostelike Provinsie het in twee opgebreek en die Nasionale Sierduif Unie is gestig;
* die vereniging het in die 1961/62 boekjaar 'n verlies van R51,44 gemaak;
* drie spesialiteitsklubs is gestig, te wete die Modenaklub (2 September 1961), die Sponsduifklub en, by herhaling, die Fantailklub. Op daardie stadium het die 'Pouter Club' reeds bestaan;
* die Uitvoerende Komitee is vir die eerste keer by wyse van stembriewe verkies en 70 stemme is uitgebring;
* dat die Kampioenskapskou voortaan permanent in Bloemfontein sou plaasvind - hieroor volg vele briewe in latere uitgawes. Ook sou die gedagte om slegs streekkampioene op 'n kampioenskapskou te laat deelneem, vele briewe tot gevolg hê.

'n Enorme hoeveelheid trofees en bekers is in daardie jaar uitgedeel as deel van die Vrystaatpryse vir die beste duiwe. Dit bevestig die vroeëre aanname dat die Vrystaat waarskynlik van die SASV weggebreek het omdat daar volgens hulle nie genoeg pryse op skoue aangebied was nie.

In die Februarie 1963 nuusbrief word die bedanking van mnr Norman Verwey as Sekretaris van die SASV aangekondig. Dit was nadat hy reeds die NSU op die been gebring het. Mev Lettie Reyneke is deur die Uitvoerende Komitee gevra om as sekretaris te ageer totdat 'n nuwe bestuur gekies is. In dieselfde uitgawe word vermeld dat die kampioenskap se skouprofyt voortaan tussen die ses bestaande streke verdeel sou word.

Die 1963 kampioenskapskou vind weer in Bloemfontein plaas en die notule van die jaarvergadering bring die volgende onder die leser se aandag:

* ledetal - 172 (In November 1963 was die ledetal 242);
* geen balansstaat vir die jaar kan deur die tesourier voorgelê word nie omdat dit nog nie deur die ouditeure gefinaliseer was nie;
* die vyf streke wat hul jaarverslae gelewer het, was Transvaal, Oostelike Provinsie, Middellande, Vrystaat en Natal.

## 21ste Verjaarsdag van die SASV

1964 breek aan en so ook die SASV se 21ste verjaarsdag. Hieroor het wyle Mervyn Wightman die volgende geskrywe:

*"The aims with which we set out twenty-one years ago have been very largely fulfilled; indeed in many ways results have exceeded our most optimistic expectations.*
*Financially we are in a sound position; at Headquarters we have a thousand Rand in our treasurery and our affairs are run in a sound businesslike manner.*
*Entries at shows seem to increase steadily in quality as well as in numbers.*
*Loft tours will illustrate the growing keenness of fanciers throughout this land of sunshine.*
*But we did not attain this outstanding measure of success without constant struggle, occasional and frequent*

## *Voorblaaie van "Die Sierduif" sedert die eerste verskyning*

**LETTERHEAD OF THE FANTAIL CLUB IN THE EARLY 30'S AND 40'S**




**FRONT PAGE FROM 1943.**




**FRONT PAGE FROM 1945**




**FRONT PAGE FROM JANUARY 1948**




**FRONT PAGE OF THE OFS CLUB**






**Dick en Anna Hattingh van die Baai wat vir die Sierduifstokperdjie reuse werk verrig het. Dick was ook destyds sekretaris van die Nasionale Sierduif Unie. Hy is die man van die mookees en dit kos keer om hom op skoue te klop. Dick boer saam met sy seun Gerhard wat tans in Bethlehem werk.**



**Sarie Knoetze van Kimberley - die bekendste uitvoerende komiteelid. Sedert 1982 reik sy al die ringe uit en niemand kon ooit kla dat bestellings nie dadelik aandag gekry het nie. Sy is ook 'n ywerige teler met Strassers en Holle Kroppers. Die een op die voorblad is juis haar duif.**

*disappointment.*
*At one time the Orange Free State broke away and formed a new club, a parochial affair, but eventually they came back - stronger in unity and wiser in experience. At another time the Transvaal Area - our strongest region - broke up entirely laying dormant for years due to personal squabbles. Make no mistake about it, we are threatened by enemies both without and within, and no structure will survive which cannot resist those elements that would bring it down. This is the natural law of the "survival of the fittest."*

*"We must stand together as one man and seek to achieve our own aims democratically.*
*When individual members have constructive ideas, or grievances, let them be brought into the open democratically. No problems will solved by throwing democratic principles to the wind, and we should resist this with great determination.*
*For instance, in the Cape Western Province, we have recently experienced a split away by a few mislead members, for reasons not based on facts but upon the personal grievances of one man, and done in the most undemocratic fashion one could imagine.*
*The opposition socalled "Union" had been formed by a former office bearer, while he had still been a office bearer in the SAFPC. Rings had been distributed and members (our own club members) signed up.*
***Every member has the right to know the facts of this challenge to our unity and no loyal member should have a moment's hesitation in rejecting these discordant overtures."***

Ter viering van die 21ste verjaarsdag het die Uitvoerende Komitee R400 opsy gesit vir die maak van skouhokkies en R200 vir prysgelde vir die 1964 kampioenskapskou.

Op 23 Mei 1964 word die SASV se algemene jaarvergadering in die Cecil in Bloemfontein gehou. Die volgende belangrike sake word in die notule vermeld:

* Ledetal met stigting - 14; na 21 jaar - 232;
* inkomste in 1943 - R140; inkomste in 1964 - R1 200;
* ringe: uitgereik in 1946 - 1 500; 1963 - 15 500.

Hierdie vergadering was sommer 'n lekker warm vergadering want op 'n stadium het mnr Clive Druce die vergadering verlaat nadat 'n orde mosie ook gestel is. Mnr Druce het later weer na die vergadering teruggekeer *"... and put forward a series of complaints and allegations about the publication of the newsletter and alleged unconstitutional actions by the secretary. During the course of this discourse various members attending the meeting arose in an effort to have Mr Drue called to order."*
Voordat enige van sy vrae beantwoord kon word, het mnr C Druce egter weer die vergadering verlaat. Ouer lede dink met die tong in die kies terug na hierdie vergadering ... veral omdat oom Reyn en oom Dawie du Toit, wat albei as baie besadigde mense beskou word, tydens die vergadering saam op die been gekom het om teen Clive se optrede beswaar te maak. **(Blaai na bls 17)**

## OOM TIKKIE VAN ZYL
deur Kobus Snyman



Hierdie groot teler en ywerige duiweboer het vandag as gevolg van gesondheidsredes nie meer duiwe nie. Nadat hy met die teel van duiwe gestaak het, het hy ere-lidmaatskap ontvang.

Voordat hierdie groot man onder die duiweboere, se kennis verlore mag gaan, het ek by hom besoek afgelê. Oom Tikkie sal op 20 Junie, die uitreikingsdatum van die gedenkuitgawe, 76 jaar oud wees. Hy en tannie Patat woon steeds in Donald Murrylaan 85. Oom Tikkie beoefen nou 'n beeldhoukunswerk stokperdjie. Ek het hierdie kunswerke van nader besigtig en moet sê dit is net ongelooflik mooi.
Terwyl ek en hy gesels het, het die volgende baie interessante verhaal vorm aangeneem.

Oom Tikkie vertel self:
"In die dertigtiger jare het 'n NAT en 'n SAP nie met mekaar gepraat nie, so ook was die FORD-eienaar en 'n CHEV-eienaar nie juis van die grootste van maats nie. Net so was die gevoel tussen die waaierstert en poutermanne. Dat die Vereniging al hierdie manne bymekaar kon uitbring, bly 'n wonderwerk.
Omdat duiwe vry buite rondgeloop het, was duiwesiektes 'n rariteit, behalwe kropkanker wat nogal dikwels voorgekom het. Die beste medisyne hiervoor was asyn. Groen kakiebos is in ons hokke opgehang om luise te bekamp.
My eerste duiwe het ek al van kindsbeen gehad (1933), naamlik kroppers, waaiers en sommer baie ander maar dit was maar van **(Vervolg op bladsy 20)**

**MEMBERS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE DURING 1989**

**Back Row: Kobus Snyman (Vice Chairman), Wynand Wessels (Judges' Officer), Stewart Patterson (Treasurer), Pierre le Roux (Secretary) Neels le Roux (Cup Master). Front: Mrs Sarie Knoetze (Ring Master), Rev Renier Lee (Chairman), Mrs Bertha Snyman (Editor: Magazine).**



## LEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE GEDURENDE 1989

**Die Uitvoerende Komitee was voltallig tydens die neem van hierdie foto. Agter verskyn Kobus Snyman (Onder-Voorsitter), Mnr Wynand Wessels (Beoordelaarsbeampte), Mnr Stewart Patterson (Tesourier), Mnr Pierre le Roux (Sekretaris), Mnr Neels le Roux (Trofeemeester). Voor sit mev Sarie Knoetze (Ringmeester), Ds Renier Lee (Voorsitter) en mev Bertha Snyman (Redakteur).**



**VERTONERS VAN DIE KAMPIOENSKAPSKOU TE MIDDELLANDE IN 1959**

**Die fotograaf is onbekend. Die herkenbare telers is, van links na regs, staande: 3de - Warren Klopper in sy fleur; 5de - Frikkie van Zyl, destyds sekretaris van MIddellande; 7de - Oom A M Anderson; 9de - Ds Malan (met bril); 12de oom Callie Erasmus (dikkerig); net agter hom - Oosie Oosthuizen; vierde van regs - Reg Gething; derde van regs - SJ Marais. Sittende: 3de - Bas Sloof; 4de - oom Lappies; 6de - Hannes Mulder se vrou; net langs haar oom Norman Verwey; langs hom - Clive Druce. Is daar telers wat ons van die ander name kan voorsien?**

**Oom Dawie word Voorsitter van die SASV**

Mnr Warren Klopper bedank gedurende die jaar as Voorsitter van die Vereniging en mnr DJJ du Toit neem as Voorsitter waar.

Gedurende 1965 word mnr Klopper weer gekoöpteer as voorsitter en gee hy momentum aan die stigting van verdere streke en die aanstelling van area-notaskrywers om die nuusbrief gereeld met nuus uit die verskillende streke te ondersteun. Hy meld ook dat Griekwaland-Wes as die nuutste streek van die SASV, goedgekeur is. Name soos Oom Peter Vertue, sy seun Charles Vertue, Dou-Dou Borman (Dragoonteler), Nols Combrink (Strikduifteler), Piet Steyn (Norwich Kropperteler) word hier deur Hentie Badenhorst in herinnering geroep. Hentie onthou ook nog dat Pietie Benadie en Warren self 'n vername rol in die stigting van die streek gespeel het.

1966 breek aan en die kampioenskapskou in Bloemfontein lewer 'n rekord getal van 2086 duiwe op en 14 nuwe beoordelaars word getoets.. En vanuit Suid-Rhodesië word berig dat hulle sopas die status van 'n volwaardige Streek behaal het.

Volgends die notule van die AJV van 1966, het mnr Warren Klopper in sy voorsittersverslag die volgende gesê:

*"Dit was die swartste jaar in die geskiedenis van die S A Sierduifvereniging. Tien jaar gelede het mnr Willie Roos tragies verongeluk - vanjaar was dit weer mnr Kleintjie van Zyl wat so tragiese verongeluk het..."*

Mnr Klopper heet ook die nuwe spesialiteitsklub, naamlik die Transvaalse Carrier en Dragoon Klub welkom. Voorts dui hy aan dat die SASV oor 1400 skouhokke beskik en dat die finansies kerngesond is. Die stigting van die Hollandse Kropperklub word ook in die vooruitsig gestel en die klub is op 19 Junie 1966 aan huis van Jan van Leeuwe. in Linden, Johannesburg gestig.

*************************************************


Die Stigting van die Transvaal Carrier en Dragoonklub het aan huis van oom Charl Pretorius plaasgevind. Die eerste voorsitter was Johan de Bruyn, die sekretaris was oom Charl. Stigterslede was Willem Hurter, Koos Delport, Piet le Roux en Dave van Niekerk. Gedurende 1978 is die klub ontbind en al die bekers is vir Transvaalstreek geskenk.

Die Sponsduifklub is later gestig aan huis van Peet van Zyl op Steynsrus wat ook die voorsitter was met Hansie Botes die Sekretaris. Lede wat o.m. aktief begin raak het in die klub was Wynand Wessels, Phillip Nortjie, Ko Crous, oom Johan du Preez, At Botha, Steve Coetser, Hennie Engelbrecht en vele ander.

*************************************************

Mnr Gert Bierman word in 1965 as Vise-Voorsitter op die AJV verkies.

Op 6 Augustus 1966 vergader die Uitvoerende Komitee in Bloemfontein en besluit om die 1967 kampioenskapskou aan Kimberley toe te ken. Daar word besluit dat kampioenskapskouprofyte nie meer tussen streke verdeel



**CHAMPION FANTAIL 1976**

**No 312 - A famous bird from the lofts of Sam and Ros Greenman. Champion Fantail at the Championship Show of 1976**

---

gaan word nie, maar dat die streek wat die skou aanbied, 80% van die wins sal ontvang en dat 20% aan die Uitvoerende Komitee oorbetaal moet word. Gedurende hierdie vergadering is die stigting van 'n federasie ook bespreek maar streekkomitees het reeds voldoende outonoom gefunksioneer en so 'n wysiging was inderwaarheid onnodig.

So breek die jaar 1967 aan en die Kampioenskapskou vind vir die eerste keer in baie jare buite die Vrystaat plaas, naamlik in Kimberley onder die sterk en bekwame leiding van oom Peter Vertue en andere soos hierbo genoem. 1800 duiwe is vertoon. Tydens die AJV word vermeld dat daar 19 800 ringe verkoop is. Sewe streke lewer ook verslag oor hul doen en late, asook 5 spesialiteitsklubs. Tydens hierdie vergadering word die kwessie om Uitvoerende Komiteelede vir uitgawes na vergaderings te vergoed vir die eerste keer bespreek, maar geen besluit is geneem nie.

In 1968 was Johannesburg die vergaderplek van die kampioenskapskou. 2200 duiwe word vertoon deur 76 vertoners. Daar word ook gerapporteer dat die ledetal op 298 lede staan en dat Natal as streek nou weer aktief is, maar dat die Middellandstreek ontbind het. Tydens die AJV word die eerste keer weer melding gemaak van die NSU en dat samewerking met die Unie van hulle kant moet kom.

Op 7 Augustus 1968 sterf oom Dawie du Toit. As teler het hy hom hoofsaaklik toegelê op modenas, norwich kroppers en strikduiwe. Hy was ook vir 'n jaar voorsitter van die SASV en uit briewe was dit duidelik dat hierdie persoon baie gewild onder mede telers was.

In die Oktober-uitgawe van Die Sierduif raak Ds Malan die kwessie van die NSU weer aan. Hy skryf onder meer:



**SUID- WESTELIKE DISTRIKTE VAN DESTYDS**

**Agter van links na regs: Flip Jordaan, Dennis van Rensburg, Barnard Steyn, Willie Stander, Lol Stander, Johan Mulder, Samuel van Greunen, Eddie Claasen, Edwin Hill en Sarel Marais. Die persone voor is: Theuns Loubscher, Ronnie Swiegelaar, Tobie Swanepoel, Norman Verwey, Attie van Greunen en Andre du Plessis. Die foto is tydens een van die skoue geneem.**

**Foto verskaf deur Pierre Maritz en oom Attie van Greunen**



**SUID-WESTELIKE DISTRIKTE SE LEDE BYEEN**

**Nog 'n foto van Pierre en oom Attie. Agter: Tobie Swanepoel, Willie Stander, Eddie Claasen, Attie van Greunen, Johan Mulder en Lol Stander. Voor sit Lidia Stander, Lennie Swanepoel, Annie van Greunen, Connie Mulder en Linky Stander. 'n Mens kan sien dit was in die dae van die mini-rokkies toe die foto geneem is.**

*"I now feel that the time is ripe to make a decided move in this direction. Circumstances have changed to such a degree that the atmosphere is very favourable for the two clubs to came closer together with the aim of ultimately becoming one organisation."*

In die Desember uitgawe sluit Francois Pienaar hom by Ds Malan aan as hy van mening is dat twee verskillende organisasies met een doel werklik geen bestaansreg het nie. Sy goedbedoelde brief word in die Februarie 1969 uitgawe kwaai aangeval vanuit die geledere van die NSU. Daar word onder meer soos volg geskrywe:

*"Nou sal ek graag wil weet waar kom vriend Pienaar aan sy informasie dat ons nou leierloos is. Die NSU is in 1963 gestig en ons het in Augustus 1967 reeds meer as 140 lede gehad...*
*"Nou vir 'n leier: Wat is verkeerd met ons huidige leier en voorsitter van die NSU, Gert Gouws van Beaufort Wes. Wat van oom Paul Jordaan, 'n welbekende beoordelaar en ook ons President...* In die laaste sin kry die algemene gevoel wat destyds geheers het uiting*: "Soos my vriend Pienaar sê waarom twee liggame wat dieselfde doel nastreef as daar net een kan wees."*


Uit talle briewe is dit duidelik dat verskeie lede van beide die SASV en die NSU lid was en dat, alhoewel daar twee oorganisasies was, lede inderwaarheid tog groot vriende was.
Gedurende 1968 word mnr A Reyneke in die plek van mnr G Bierman as Onder-Voorsitter van die SASV verkies en in dieselfde jaar voer Gert Bierman tweekeer Mookees na Holland uit.
Volgens die notule van die AJV van 29 Mei 1969 was mnr Warren Klopper die groot dryfveer agter die uiteindelike stigting van die beoordelaarsvereniging wat toe al vir baie jare net nie van die grond af kon kom nie. Die stigting van die Beoordelaarsvereniging en die saamstel van die Boek van S.A. Standaarde het gedurende die jaar dan ook hoë prioriteit geniet.

Oom Liebs (PJ Liebenberg) sterf in 1969.

Nog 'n spesialiteitsklub, te wete die Raadsheer-Vereniging word op 20 November 1969 aan huis van mnr Charl Pretorius gestig. Die eerste komitee was Voorsitter Charl Pretorius, Vise-Voorsitter: Kobus Langeveldt, Sekretaris: David Malan

**Die eerste twee-en-half dekades van die SASV was in die werklike sin van die woord, vormingsjare. Vanaf die sewentigerjare was die SASV derhalwe redelik gestruktureerd en het daar met verloop van tyd slegs kleiner aanpassings plaasgevind.**





## DEEL VI / PART VI
## The Years 1970 - 1979
## Die Sewentiger Jare

Waar die sestigerjare gekenmerk was deur die tot standkoming van die NSU, het die vroeë sewentigs weer gelei tot eenwording van die sierduifstokperdjie. Meer hieroor later.

Die 1970 kampioenskapskou het in Johannesburg plaasgevind.

**Frank Eager oorlede**

Op 12 Junie 1970 is die bekende Frank Eager oorlede. Hy was 'n uitstaande teler van Reuse Kropduiwe, Lahores, Magpies, Nonne en Vinkduiwe.

Twee nuwe streke, naamlik Noord-Transvaal en Wes-Transvaal kom in 1971 tot stand en gedurende die jaar vergader die beoordelaarsverveniging om sy konstitusie goed te keur asook 'n klompie S.A. standaarde.

*************************************************

Enkele manne wat deur die jare in die Noord-Transvaalstreek aktief was en is, is die volgende: Dirk Badenhorst, Koot Serfontein, Tinus van Rensburg, Hennie de Vos, Gerhard van der Bank, mnr Badenhorst, wyle Fred Townsend en Dirk Rossouw, Piet Bruwer, Oom Jan van der Walt en seun, W Dombrowski, Mnr van Loggerenberg, Piet Willemse, Oom Sadie, Dave Meades, Carel van der Merwe, James Ekron en Peet Botha.
Die hand kon ongelukkig nie op die stigtingsnotules gelê word nie.
*************************************************

In sy Voorsittersverslag op die AJV in Johannesburg, meld mnr Warren Klopper dat die SASV van krag tot krag gaan. 114 vertoners het die kampioenskapskou bygewoon en daar is 323 opbetaalde lede. Daar word ook

gerapporteer dat R3 000 op vaste belegging geplaas is.

Nadat 'n afvaardiging van die U.K. mnr Gert Bierman gedurende die eerste helfte van 1970 besoek het, stem hy in om die pos van Sekretaris te aanvaar.

1971 was die jaar van die eerste gekleurde ringe. Ann Ricketts stated: *"... I see the fancy has gone mod with its colour 1971 rings."*
Die Algemene Jaarvergadering van die SASV is op 15 Julie 1971 in Bloemfontein gehou en daar is tydens die vergadering gerapporteer dat die beoordelaarsvereniging se werksaamhede nog voortgaan *"... alhoewel dikwels onder moeilike omstandighede en onbevredigende samewerking van lede."* Tog het die komitee *"die vorige aand vergader en is 'n komitee saamgestel om die skouskedule in geheel te verander."*
Ook moes daar op die skou met 'n minimum beoordelaars klaargekom word. Dit was 'n probleem vir baie jare en daar is dringend na 'n oplossing gesoek.
Tydens die vergadering is ledegelde vanaf R4 na R6 verhoog en ringe sou voortaan 40c per 10 kos.
Uit die notule is dit ook duidelik watter belangrike rol die nuusbrief in die voortbestaan van die SASV gespeel het. Daar was vele probleme om 'n notaskrywer te vind en mnr A Reyneke, het ten spyte van menigvuldige pligte in sy oorlaaide dagtaak, uiteindelik ingestem om die maandblad te behartig totdat iemand anders daarvoor gevind kon word. Hierdie iemand anders sou eers jare later gevind kon word.
Die Jaarvergadering het voorts besluit dat verblyfkoste van die volgende ampte van die Uitvoerende Komitee voortaan betaal sou word: Voorsitter, Vise-Voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Notaskrywer en Trofeemeester - daar was op daardie stadium nog nie 'n pos van Ringmeester nie. Die reiskoste na vergaderings vir dieselfde ampte is vanaf 4c na 6c per km verhoog.

## SASV en NSU voer samesprekings

Nog 'n baie interessante skrywe wat in die Augustus 1971 uitgawe van Die Sierduif gepubliseer is, was die van mnr Warren Klopper. Dit lees:
*"Tydens die skou het samesprekings plaasgevind deur afgevaardiges van die Nasionale Sierduif Unie en die SASV in verband met die moontlike samesmelting van die twee verenigings. Te oordeel aan die aangename gees en openhartige tweegesprek, vertrou ons dat dit vrugte sal afwerp. Ons hoop dat die twee verenigings sal kan saamwerk in die nabye toekoms."*
'n Memorandum oor die moontlike "amalgamasie" van die NSU en SASV, soos opgestel en onderteken deur die Voorsitter van die NSU, meld 7 belangrike sake wat bespreek is. Op 2 Junie 1971 het die SASV die NSU in kennisgestel dat daar *"onder geen omstandighede toe gegee (sal word) aan die eise (nie) en stel (die SASV) nie belang in 'n ander bedeling of manier van organisasie van die SASV nie."*
Die spesifieke samesprekings waarna verwys word, het plaasgevind tussen mnre W Klopper, A Reyneke en G Bierman wat die SASV verteenwoordig het en mnre D van Rensburg, D Hattingh en B Ricketts van die NSU. Mnr B

## (Oom Tikkie Vervolg)

**(OOM TIKKIE - VERVOLG VANAF BLS 15)**
swak gehalte. In 1960 het ek by die Vrystaat aangesluit en daarna by die SASV.
Meeste soorte sierduiwe was in 1940 onbekend en is ek op 'n dag versoek deur iemand van De Aar om twee duiwe te gaan uitken. Daar aangekom, moes ek tot my skande ondek dat ek ook nie die duiwe ken nie - baie jare later sou ons uitvind dat dit modenas was.
Beoordelaars is aangestel volgens hul sukses met die teel van die betrokke duifsoort, so byvoorbeeld het ds Malan my versoek om 'n standaard van die runts saam te stel. Beoordelaars moes duiwe, hoenders, konyne, kanaries, papegaaie en alle dergelike goed op landbouskoue beoordeel. Met sy aankoms op 'n dorp was hy almal se gunsteling en is hy met baie liefde oorlaai; na beoordeling was hy nie net onbemind nie, maar moes hy dikwels in aller haas vertrek.
In die Vrystaat, gedurende 1950, was die belangstelling vir sierduiwe hoog. Ek sou sê dat die Hollanders eerste in die ry gestaan het, dan die Engelsmanne en laastens die Afrikaners. Die wegbreek van die Vrystaat was direk veroorsaak deur die Hollanders en Engelse. Sowat 70% van die trofees van die Vrystaat is destyds deur Engelse firmas geskenk. Ekself het later baie van die bekers uitgewen en dit in 1982 aan die Vrystaat-streek teruggeskenk.
Erkende runttelers was oom Andie Anderson van Harrismith, Benadie van Hanover, Reus de Bruyn van Bloemfontein, Hoon Coetzee van Stilfontein, Adam Wessels van Wesselsbron en natuurlik ekself. Dit was Engelse runts waarvan ek nou praat. In die destydse Suidwes was ook 'n teler of twee wat met Duitse Runts geteel het waarvan die standaard goed was maar die duiwe was ligter as die Engelse duif. Ekself het 'n runt geteel wat 4 pond geweeg het met 'n vlerkspan van 49 duim. Die foto van die besondere duif was destyds in die Volksblad geplaas. Sy vlerkspan word as 'n wêreldrekord beskou.
Nadat ek as Reklamebeampte van die Vereniging aangestel is, het ek met hart en siel aan die werk gespring. Ek het die eerste DUIWEBANK gestig. Lede het goeie duiwe vir die bank geskenk wat dan gratis vir nuwe lede gegee is. So het ek my hele runtstoet weggegee en ek wonder waar die duiwe vandag rondswerf. Vanaf 1981 het ek vir baie jare ook bekendheid verwerf by wyse van my weeklikse rubriek **"Oom Tikkie se Stukkie oor Sierduiwe"**. In die rubriek het ek oor alles en nog wat geskrywe.
Dan was my vrou natuurlik net so gewillig om haar kant vir die Vrystaat te bring. Sy was vir baie jare gedurende die 70's sekretaris van die Vrystaat en het ons baie kere in my winkel "TIKTEL" vir vergaderings byeengekom.
Vandag is ek 'n kunstenaar wat beeldhouwerk doen vir die liefde daarvan. Ek geniet dit geweldig, maar my liefde vir duiwe en hul telers sal ek en my vrou nooit verloor nie.
Mag dit met julle baie, baie goed gaan. Dankie vir die voorreg om ook my beskeie deeltjie te kan bydra vir die Gedenkuitgawe. Ek sien baie daarna uit om dit te ontvang en te lees.
**Oom Tikkie."**

**Ek glo vandag nog dat ons rekord getal lede van 626 gedurende die laat tagtigs hoofsaaklik aan die deur van oom Tikkie gelê kan word want hy het dwarsdeur die land briewe geskryf en telefoonoproepe gemaak.**
**Ons bring hulde aan hierdie groot duiwevriend en -meester. Hy was inderdaad 'n sierraad vir die vereniging. Mag dit met u gesondheid beter gaan.**
**Kobus Snyman**

Ferreira was weens werkomstandighede nie teenwoordig nie.
Gedurende 1971 ontvang mnre Alex Ravenscroft, Peter Vertue en Gert Bierman hul "Allround Judges'" sertifikate.

Maar 1971/72 het ook sy laagtepunt opgelewer toe die nuusbrief, wat vanaf September 1971 in 'n pragtige formaat gedruk is, weens hoë drukkoste weer vanaf Mei 1972 afgerol moes word. Die destydse notaskrywer het alles in sy vermoë gedoen om dit te verhoed, maar die vereniging kon op daardie stadium net eenvoudig nie die uitgawe bybring nie.

Op 20 November 1971 word die S.A. Bodemtuimelaarsklub onder leiding van mnr Ben Ricketts gestig. Hy was ook die eerste voorsitter en die sekretaris was mev Ann Ricketts.

## Eerste Boeke van S A Standaarde

In Junie 1972 rapporteer mnr Gert Bierman dat 150 boeke van Standaarde gereed is en dat dit hom vele slapelose nagte besorg het om die derduisende bladsye getik en afgerol te kry. Uit sy sekretariele verslag, soos gepubliseer in die Junie 1972 uitgawe, is dit duidelik dat Gert nie net moedeloos was nie, maar ook erg ontsteld oor baie ander sake en gerugte wat die vereniging op daardie stadium beslis nie tot eer gestrek het nie. Die les wat egter uit Gert se brief te leer is, is dat daar altyd 'n paar lede is wat niks te doen het nie en dan van lid na lid loop (ry, as u so wil) met dikwels ongegronde stories oor persone wat werklik iets vir die stokperdjie beteken. **Hoe waar is juis hierdie opsomming nie ook vandag nie.**



**Blue Frillback Champion Bird of 1968 - bred and owned by Mrs Cecily Pretorius.**

Nog 'n hoogtepunt van hierdie jaar is dat die nuwe SASV-sakwapen met die wit waaierstert op die groen agtergrond van die RSA aanvaar is. Mnr Gert Bierman, destyds die sekretaris, het die wapen ontwerp, 'n swart baadjie gekoop en die wapen op die sak laat aanbring. Toe die wapen bespreek is, het hy die baadjie aangetrek. Almal was so geimponeer daarmee dat die wapen eenparig aanvaar is.

In Oktober 1972 te Kroonstad besluit die Uitvoerende Komitee dat goue medaljes gemunt moet word vir uitreiking aan die wenners van die Roos- en Aloma Roos-trofee. Op dieselfde vergadering is besluit dat oom Swannie Swanepoel ook 'n medalje moet ontvang omdat hy die eerste wenner van die Roos Gedenktrofee in 1957 was. Op dieselfde vergadering lê die sekretaris materiaalmonsters voor vir dasse waarop die SASV-wapen geweef is. Die vergadering het eenparing besluit dat die das met die veelvuldige wapenversierings aanvaar word en dat die grondkleur donkerblou sou wees. Nog 'n besluit van hierdie vergadering is dat modenas met C-ringe gering mag word.
Op 24 Januarie 1973 is 200 dasse bestel teen R2,25 elk vir verspreiding aan lede.

In the August 1973 Newsletter the formation of the Tumbler Club of S.A. was announced by Stewart Patterson.

***************************************************
Some of the active members in the early years were Alex Ravenscroft, Stewart Patterson, Frik van Zyl, Charl Naude, Warren Klopper, Corrie van Reenen, Jan van den Berg, Ann Ricketts, Ken Garrod, Kobus Louw, Peter Vertue, Tobie Botma, Gert Bierman, Hennie de Vos, A Ingle, David Malan and Otto Schwarzer. Alex was the first chairman and Stewart the first secretary.
***************************************************

Na sy opdrag in 1971, het die beoordelaarsvereniging die skou-skedule herskryf en is die getal seksies na 11 vermeerder.


Gedurende 1973 is 'n nuwe streek, Suidwes-Afrika met 24 lede, onder die leiding van Kobus Snyman by die SASV ingeskakel Baie Suidweslede was tot en met 1972 lid van die NSU. Lede wat aktief in hierdie streek betrokke was en is,was o.m. oom John Sowden, Carl Schlechter, Pikket Coetzee en Lena, mnr J Kriess en James Ekron.

Op 14 Junie 1973 is die Jaarvergadering in Bloemfontein gehou. Uit die notule blyk dit dat die ledetal van 402 in 1972 na 256 teruggeval het. Hierdie daling, 'n normale tendens deur die jare heen, is met groot kommer bejeen. Op dieselfde vergadering is Dr Cobus Verster versoek om 'n verslag op te stel oor langtermyn finansiele beplanning van die SASV.


## Nasionale Sierduif Unie begin verbrokkel

Dick Hattingh, destydse sekretaris van die NSU het die volgende opsomming van gebeure gemaak wat uiteindelik tot die ontbinding van die NSU gelei het:
*"'n Tydperk van skerp polemiek het na die samesprekings in 1971 met die SASV gevolg, veral ook na aanleiding van die brief van mnr Gert Bierman van 2 Junie 1971. Die NSU het op daardie stadium bestaan uit Boland, Westelike Provinsie, Oostelike Provinsie en Suidkaap."*


Die Bolandstreek kom op 19 Januarie 1974 tot stand. Barnard Steyn, vorige notaskrywer van die NSU, word as sekretaris van die streek verkies en hy skryf dat dit 'n eenparige besluit was om by die SASV in te skakel. Gerhard van der Bank was vir baie jare sekretaris van die streek en het uitstaande diens aan die streek gelewer.



**Die brons schietti modena van Hannes Hugo was tydens 1987 beste modena. Hannes het verskeie kere beste modena vertoon, gewoonlik met of swart, brons of blou. Hy het net met die drie kleure geteel. Die ander twee duiwe se eienaars het deur die jare verlore gegaan.**



**Die Satinette behoort aan mnr Lance Orchard van Pretoria. Die duif is in 1984 te Welkom as die Groot Kampioen tydens die Kampioenskapskou bekroon. Die Birmingham Roller was gedurende die Transvaalse streekskou in 1984 die beste Roller. Die eienaar is onbekend.**



**'n Kampioen swart Waaierstert van Coen Butler van Virginia. Coen het verskeie seksie-wenners met sy swart waaiers vertoon en het in 1974 die eerste houer van die Rodger Guilemot trofee geword toe hy die beste Jaaroud duif op die Kampoeinskapskou vertoon het. Regs is 'n gros mondain van Hennie en Sonja Coetzee van Olifantsfontein.**

In dieselfde uitgawe kom Pieter du Plessis van die WP Streek met die finale spyker in die NSU se kis met die volgende treffende woorde na vore:
*"Wel soos die meeste duifboere noual weet het die WP Sierduifklub toe geskiedenis gemaak en ... ek weet nie watter woord die regte is nie - maar dit kom daarop neer dat die W.P.Klub die SASV - W.P. Area oorrompel het en toe met die hele kaboedel by die SASV aangesluit het."*
Pieter het egter, soos hy tereg opgemerk het, die kat ietwat aan die stert beetgehad. Dit was die W.P.Streek wat die W.P.Klub oorrompel het. Ben Ricketts was op daardie stadium van beide organisasies die voorsitter en hy het die wiel aan die rol gesit om die W.P.Streek van die SASV weer in ere te herstel.

Na hierdie "oorrompeling" was dit nog net SWD en Oostelike Provinsie wat nog nie bes gegee het nie.

## Westelike Provinsie begin bou met Ben Ricketts aan die spits

Die kampioenskapskou in 1974 wat 'n persoonlike triomf vir Ben en Ann Ricketts. Nie alleen het hulle die W.P. Streek se sierduifmanne en vroue na die SASV teruggebring nie, maar word hy ook as Notaskrywer verkies en vertoon verder ook die groot kampioen vir daardie jaar.
Die Augustus-uitgawe van Die Sierduif het onder die bekende Rooi dekblad begin verskyn teen 35c per boekie per lid per maand. En op die reklamefront wend Cobus Verster as Reklamebeampte 'n reuse poging aan om die vereniging aan die ganse Suid-Afrika bekend te stel. Op 14 Julie 1974 verskyn vyf bladsye fotos in Foto-Rapport. Later daardie jaar word die stem van oom Reyn om 06:44 op Radio Suid-Afrika gehoor in 'n reeks praatjies wat hyself geskryf het. En uit die Boland beskryf Ken Garrod die Modena as die Modepop van die Sierduifwêreld.

1974 was 'n gloriejaar vir die SASV. So ook vir die Westelike Provinsie-streek onderleiding van Ben Ricketts wat die kampioenskapskou aangebied het. Tydens hierdie skou het Ben ook die eerste Gedenk Brosjure saamgestel waarin Mervyn Wightman uit die vuis oor die ontstaan van die SASV geskryf het. Dit was die eerste kampioenskapskou in 13 jaar wat weer in die Kaap gehou was.

## Toekenning vir Beste Jaaroud Duif op Skou

Die baie bekende Fransman, Roger Guillemot was die oorsese beoordelaar wat tydens die Kampioenskapskou opgetree het. Hy is ook die skenker van die nou reeds bekende **Society Nationale de Colombicuhture trofee** vir die beste jaaroud duif op skou.

Ongeveer 33 000 ringe is gedurende die jaar verkoop.

Gedurende 1973 sterf die alombekende oom Lappies Labuschagne van Bloemfontein. Hierdie teler wat sedert die vroeë vyftiger jare aktief by die sierduifstokperdjie betrokke.
Die Kampioenskapskou is in Bloemfontein gehou.
Dit was die skou waar die bekende Mnr A G Blair van Scotland in Suid-Afrika kom beoordeel het.

Die BANKOVS trofee word vir die eerste keer toegeken en die Vrystaat is die waardige wenner daarvan. Vanaf 1976 is die trofee volgens 'n puntestelsel toegeken soos ons dit vandag nog ken met enkele uitsonderings.

Op 4 Oktober 1975 besluit die Oostelike Provinsie Sierduifklub van die NSU om 'n streek van die SASV te word. Dick Hattingh skryf dat die ou Suidklub ook later ontbind het, terwyl SWD sy winterslaap binne gegaan het.

Mnr A Reyneke bedank as Vise-Voorsitter gedurende 1975 en mnr B Ricketts word gekoöpteer in die pos.

Twee baie bekende telers, mnre Andy Anderson en Faan van der Linde, sterf gedurende 1976. Die kampioenskapskou van 1976, die eerste tweedaagse skou, vind in Johannesburg plaas.

Tydens hierdie skou het die Oostelike Provinsie vir die eerste keer sedert die stigting van die NSU, weer as Streek van die SASV duiwe vertoon. Nog later gedurende die jaar, om presies te wees, op 1 Julie 1976 word die SWD streek ook weer in die lewe geroep onder voorsitterskap van mnr H Stander. So het die NSU dan finaal tot 'n einde gekom en kon alle sierduiftelers weer onder een liggaam hul stokperdjie beoefen.
Maar alles het nie so pragtig en goed gegaan as wat dit wou lyk nie. Op die jaarvergadering van lede op 16 Junie 1976, spreek die voorsitter, mnr Warren Klopper groot kommer uit wat daarop gemik is om lede tot die besef te bring dat die gees onder duiwemanne nie reg is nie en dat kampioenskapskoue *"'n ontspanning moet wees en nie 'n senutergende saak nie."*

## Brandstofbeperkings ry seminaar in die wiele

Ook in 1976 word 'n Seminaar vir 27 November 1976 aan huis van mnr Warren Klopper beplan. Nadat verskeie telers aangedui het dat hulle dit graag sal wil bywoon, word dit weens die brandstofbeperkings uitgestel. Gert Bierman kon sy teleurstelling nie in sy brief wegsteek nie. Hy skryf ondermeer: *"Die hotel op Schweizer Reneke se verblyf was ten volle bespreek vir SASV lede; Ander lêplek was gereël deur Warren; die vier Dorper hamels wat geslag sou word het ek self gesien - vetgemes..."*

In dieselfde uitgawe rapporteer Gert ook dat Noord-Transvaal, weens o.a. 'n gebrek aan belangstelling onder sy lede, nie meer die 1977 kampioenskapskou kan aanbied nie. Die Vrystaat stem op kort kennisgewing in om die skou aan te bied.

1977 was die jaar van die Vrystaat en die Oostelike Provinsie. Ja, beide het geweldige pogings aangewend om

die BANKOVS trofee te verower en met Kobus Louw aan die voorpunt het die O.P. die skild uiteindelik met 1526 teenoor 1308 verower.
Die kampioenskapskou in Bloemfontein was vir skrywer, destyds sekretaris van die Vrystaat, 'n ware fees. Saam met Bertha het ons daardie jaar soveel lede ontmoet dat ons net eenvoudig nie geweet het het of ons kom of gaan nie. Met hierdie skou is die verskillende klasse vir die eerste keer met kleurhokkaarte geidentifiseer en is deur die AJV aanbeveel om deur alle streke gebruik te word.

Tydens die AJV op 5 Julie 1977 in Bloemfontein, waarsku die voorsitter teen die volgende wanpraktyke: Ringe aan nie-lede en geleende duiwe wat geskou word. Voorts word daar versoek dat daar weer na 'n driedaagse skou teruggekeer moet word omdat al die verrigtinge nie in twee dae afgehandel kan word nie en dat die skou baie vroeër behoort plaas te vind, selfs so vroeg as einde Mei.

## Uitnodiging aan lede lok geen reaksie

Na hul verkiesing in 1977 as President en Vise-President, rig Ds Jansen en Dr Verster in die September 1977 uitgawe 'n ope uitnodiging aan alle lede om behulpsaam te wees met voorstelle oor hoe hierdie twee ampte tot voordeel van die SASV aangewend kan word. Die twaalf streke word is twee gedeel met die gedagte dat ses aan Ds Jansen en ses aan Dr Verster oor wenke, voorstelle, versoeke en opdragte sou verslag doen. Hiervan het net mooi niks gekom nie, soos later sal blyk. Nie eens 'n enkele brief het gevolg nie en dit het vroeg in 1978 tot die bedanking van beide Ds Jansen en Dr Cobus Verster gelei.

## Mnr Warren Klopper bedank

1978 het met 'n yslike skok weggespring. Die voorsitter, mnr Warren Klopper bedank omdat tyd en koste twee sterk faktore geword het. Maar tientalle telers oortuig hom om voort te gaan as Voorsitter en stem hy dan ook dienooreenkomstig in.

Tydens 'n dagbestuursvergadering in Kroonstad op 28 Januarie 1978, wat vanweë Warren se bedanking belê is, kom Cobus Verster met die gedagte dat die konstitusie so gewysig moet word dat die huidige ampte van President en Vise-President afgeskaf moet word. Die volgende word uit die notule aangehaal soos dit in die Maart 1978 uitgawe verskyn:

*"Spreker (Dr Verster) neem dan ook dadelik die geleentheid waar om kortliks te skets hoe hy die nuwe bedeling in die bestuur van die SASV sou verwelkom. Volgens mnr Verster se oordeel en ondervinding is die Presidents- en Onder-Presidents posisies twee nutelose en dooie ampte. Hy grond sy stellings op sy waarnemings gedurende al die tyd dat hy lid is van die SASV, as ook op die algehele gebrek aan reaksie op die skrywe wat onlangs in die nuusbrief verskyn het, geskryf deur ds Jansen en Mnr K Verster, waarin gedagtes gewissel word, versoeke gerig is, opdragte gevra word, ens. i.v.m. die twee primêre Ampte in ons vereniging."*

Dr Verster het voortgegaan en voorgestel dat *"ons Konstitusie so gewysig word dat hierdie twee Ere ampte nie meer sal bestaan nie. Ons huidige stelsel van Voorsitter en Onder-Voorsitter moet dan vervang word met 'n President en Onder-President met volle uitvoerende magte."*

Dr Verster het hierna ook sy bedanking as Onder-President aangekondig.

Na "deeglike" bespreking het die vergadering besluit dat die sekretaris onverwyld alle streekverteenwoordigers skriftelik in kennis moet stel van die nuutste verwikkelinge, sodat nominasies vir bogenoemde drie ampte gemaak kan word en vir ander poste in die U.K. ook. In Worcester die volgende jaar tydens die kampioenskapskou, het die AJV besluit dat die poste van President en Vise-President sal voortbestaan soos dit was. Westelike Provinsie wen die BANKOVS Skild en op 3 September 1978 sterf oom Joop Engelbrecht van Noord-Vrystaat.

************************************************

**Sedert Noord-Vrystaat se stigting in 1979 tot sy dood in 1987 was Peet van Zyl die voorsitter. Ander woelige manne van die streek was oom Joop Engelbrecht, Manie Fourie, Willie du Bruyn, Wilfred Lehman en Smithie, wat almal reeds oorlede is. Rouxtjie Roux is tans die voorsitter. Nog aktiewe lede van Noord Vrystaat was en is Thelma de Bruyn, Hennie Engelbrecht, Ko Crous, Wynand Wessels, Nic Kemp, Hansie Botes, Lourens Muller, Gert Bosch, Philip Nortje, Ben de Lange.** En dan die vroue van Noord-Vrysaat. Hierdie dames is uniek en yl gesaai, want hulle weet hoe om vertoners te onthaal.

************************************************


In Maart 1979 word die ampte van Tesourier en Ringmeester geskei en op dieselfde vergadering word Noord-Vrystaat as volwaardige streek goedgekeur. Daar word groot kommer uitgespreek oor die stagnasie van Spesialiteitsklubs.

Oom Peter Vertue bedank as Tesourier, Hannes Hugo as Trofeemeester en Ben Ricketts as Notaskrywer. In hul plekke word Stewart Patterson as Tesourier, Neels le Roux as Trofeemeester en Charles Marais as Redakteur verkies. Die SASV se rekening word vanaf Kimberley na Johannesburg verskuif.

Mnr Bas Sloof sterf op 16 Mei 1979 in Bloemfontein.

Die kampioenskapskou vind te Vereeniging plaas.

Tydens 'n UK-vergadering op 2 Julie 1979 word besluit dat 'n polis uitgeneem sal word *"teen finansiele verlies deur die SASV as gevolg van wanbestuur deur lede of streke.*



**Rouxtjie Roux se Groot Kampioen van 1985**

gelewer wat tans voortgesit word deur Attie van Aswegen, Nico Conradie en vele ander. Deur volharding en ywer, kon Kroonstad daarin slaag om gedurende 1990 as volwaardige streek erken te word.
Die eerste volwaardige Modenaskou is dan ook in 1978 deur die Modenaklub in Kroonstad onderleiding van Kobus Snyman en Frik Knoetze aangebied. Op hierdie skou was Gert Bierman, Hannes en Lettie Reyneke en Ben Ricketts die ere-beoordelaars. Hierdie skou is deur 'n Swael Driekleur Gazzi Mannetjie (73/1973) gewen nadat hy ook op die 1975 en 1977 kampioenskapskoue as die beste Modena bekroon is. Die duif is deur Willie Venter van Bloemfontein geteel en later deur Kobus en Bertha Snyman aangekoop.

************************************

So sal die reis na die Kaap in 1982 my altyd bybly. Koos Piek het sy en Carina se duiwe in die sleepwa gehak en toe ons in die Kaap aanland, was al die wit duiwe, blou-vaal van die dieselrook. Dat hulle nie dood is nie, was 'n wonderwerk. Carina het alles probeer om die blou-vaal duiwe weer wit te kry, maar tevergeefs.

## Deel V / Part V
## Since 1980
## Vanaf 1980

### Algemene Opsommende Opmerkings

Die laat sewentigs en vroeë tagtigs sal onthou word as die opkoms van vele nuwe lede, streke en wyke wat in later jare 'n vername rol in die funksionering van die SASV sou speel.

In Heilbron het Koos Piek en sy klompie duiwetelers uit hul lang slaap ontwaak en met bokspringe vooruitgegaan, soveel so dat hulle, min in getal, maar groot in wilskrag, die SA Kampioenskapskou in 1983 aangebied het. 'n Skou der skoue, het lede na die byeenkoms uitgeroep, maar, terselfdertyd ook 'n sug van verligting geslaak nadat dit verby was want so wat van nagtelike eskapades van karavane wat rondloop, was nog nie belewe nie.

In Kroonstad het Frik Knoetze en sy ywerige klompie lede hul merk begin maak deur duiweskoue op groot skaal aan te bied. Veral hulle najaarskou het groot inpak gemaak en is deur talle lede bygewoon. Hier het oom Johan Botha onbaatsugtige diens in belang van die sierduifstokperdjie

**************************************************

Wat Heilbron betref, het die ywer en kragtige groei in die middel tagtigs begin taan en het die aktiwiteite aldaar feitlik tot 'n stilstand gekom.

Noord-Vrystaat het in getalle en duiwebyeenkomste werklik in gestalte groter en groter geword sodat hulle in die middel tagtigs die grootste streekskou nog in Suid-Afrika met 2 200 duiwe aangebied het. Onder die leiding van eers wyle oom Joop, Peet van Zyl en later wyle Manie Fourie en huidiglik Rouxtjie Roux, is die streek se toekoms rooskleurig. Hierdie streek het vele terugslae belewe deurdat sy voorste werkers en telers deur die dood weggeneem is. Dink maar aan manne soos Willie du Bruyn, Wilfred Lehman, Peet van Zyl en Manie Fourie, almal, terwyl hulle in die streekkomitee gedien het.

Natal, onder die leiding van Steve Coetser, Myles van Deventer en Rodney Stevens het ook sterker op die voorgrond getree, maar met Steve se vertrek na Christiana, het die streek stiller geraak.

Griekwaland-Wes, wat ook 'n laagtepunt bereik het, het in die laat tagtigs onder leiding van Frik en Sarie Knoetze, Dawie van den Heever en oom Kotie Visser weer na vore getree as een van die aktiefste streke deurdat vele skoue en duiwedae jaarliks aangebied word.

## Oom Tikkie se Duiwebank kom opdreef

In hierdie tydvak het die baie ywerige reklamebeampte, oom Tikkie van Zyl met sy beroemde Duiwebank begin. Vele nuwe lede is by wyse van duiweskenkings gewerf. So jammer dat hierdie pragtige poging later gestaak is, maar daar was redes daarvoor.
En in Noord-Transvaal is daar weer vir die eerste keer in ses jaar, 'n skou in 1983 aangebied. Dit nogal saam met die pragtige meisie van Sanlam, Linda Fismer, Dirk Badenhorst en sy ywerige nuwe komitee. In die Sanlamsentrum het hulle die pronkers uitgestal waar derduisende lede van die publiek beweeg het. Sanlam het ook talle pryse uitgeloof.

Onder die Kingtelers was daar beroering toe Rouxtjie Roux vanaf Amerika sy tweede besending Kings invoer. Dit het letterlik jare geneem vir kingtelers om die kort, ronde en mooier King te aanvaar.

## Meer Spesifieke gebeure

Op 1 Julie 1980 word die SASV vir alle rasse oopgestel: *"Dat anderskleuriges ook lede van die SASV kan word."*

Gedurende 1981 tree twee nuwe lede tot die Uitvoerende Komitee toe. Ds Renier Lee word as sekretaris en Kobus Snyman as Redakteur verkies. Dit is ook die jaar waarin talle lede opnuut beswaar maak teen die kies van beste duif op skoue. Soos in 1947, is lede van mening dat geen mens verskillende duifrasse met mekaar kon vergelyk nie. Hoewel die storm mettertyd bedaar het, is die saak na die Uitvoerende Komitee vir oorweging verwys.

The SAFPC was also fortunate to have Mr John Hollingworth from England to judge modenas at the Championship Show of 1981 in Bloemfontein. This gentleman died during 1988.

Net na die Kampioenskapskou in Bloemfontein, verskyn daar 'n artikel oor sierduiwe in 'n plaaslike koerant wat die hele SASV in rep en roer het. In die artikel beweer die skryfster dat sierduiftelers met **"spektakels"** teel. So verontwaardig was die Redakteur van Die Sierduif, dat hy die artikel van die skryfster in die Augustus 1981 uitgawe geplaas het vir kennisname deur lede. Uittreksels van die arogante artikel word aangehaal:
*"Ongelooflik dat 'n mens die teling van spektakeldiere tot stokperdjie kan kies. Soos ek op die sierduifskou nou die dag in Bloemfontein gesien het: hoe meer mismaak en onfunksioneel die arme duif, hoe groter die louere waarmee sy baas wegstap...*
*"Dit is seker die inherente naywer van die mens omdat hy nie self kan vlieg nie wat hom inspireer om die grondtuimelaars te teel... hy moet onbeholpe op die grond rondrol...*
*"Die "waardige" raadsheer - sou in die natuur gewis 'n bedreigde spesie wees..."*
*"As die kropduif nie sorgvuldig opgepas word nie, sal hy letterlik eet dat hy bars..."*

## Sam Greenman died

Sam Greenman, Vice-President of the Club died on the 3rd of Augustus 1981.

Op inisiatief van die Ds Lee en die Redakteur, verskyn die skoukatalogus in 1982 vir die eerste keer as deel van die maandblad en het streke nie meer nodig gehad om hierdie groot koste aan te gaan nie. Die reëling sou later oorslaan na 'n los boekie wat aan die begin van elke jaar aan alle lede saam met hulle ringe uitgepos word. Tans word die skedule een keer elke drie jaar hersien en is die huidige skedule tot en met 1994 van toepassing.

## Beste Duif op Skoue word bevraagteken

Talle telers begin die aanwys van beste duif op skou bevraagteken. So is daar niks nuuts onder die son nie, want dieselfde argumente as wat in 1947 gegeld het, het weer na vore getree.

Na die bedanking van Rudi Brunzlaff as ringmeester word Frik Knoetze in Julie 1982 as Ringmeester verkies
Die vereniging sluit 1982 met 473 opbetaalde lede af.

In Maart 1983 vergader die Uitvoerende Komitee in Krugersdorp en belangrike besluite word geneem. Van die besluite wat gedurende April 1983 aan lede deurgegee is, was die volgende:

* Die kies van 'n beste duif op skou sal bly voortbestaan;
* geen persoon mag in die ras waar hy skou, beoordeel nie;
* die Afrikaanse Teks van Rasstandaarde is beskikbaar, vertaal deur verskeie telers en getik en gebind deur die Redakteur;
* dat daar weggedoen word met die Beoordelaarsvereniging vanweë die feit dat die vereniging bitterweinig doen en dat 'n lid van die U.K. aan beoordeling en aanverwante sake aandag sal gee;
* dat die poste van Reklamebeampte en Trofeemeester afgeskaf moet word - Die Trofeemeesterpos is egter behou.

**Western Province**
**List of notable fanciers who kept the flag high in the 70's:**

| | |
|---|---|
| Ben Ricketts | Richie Chenoweth |
| Ann Ricketts | James Chenoweth |
| Tok Hoffman | Chrisjan Rossouw |
| Johan Louw | Willie Robbertze |
| John Patterson | Domonic Tome |
| Ken Garrod | Neville Petersen |
| Dries Retief | Johan van Tonder |
| Bill Rogers | Pieter du Plessis |
| Stuart Torrance | Colin Wrench |

**By Ben Ricketts**

Gedurende 1983 het die Sekretaris, ds Renier Lee saam met Adv Chris Möller die Konstitusie bygewerk en dit is later gedurende die jaar aan alle streekverteenwoordigers versprei vir kommentaar.

Ook gedurende 1983 neem Noord-Vrystaat sy pragtige duiwesaal, geskenk deur die Welkomlandbougenootskap, in gebruik. En Ronde-Bossie word 'n huishoudelike naam wanneer duiwedae in die Noord-Vrystaat aangebied word.

In September 1983 word die eerste Modenaskou wat voortaan as die Prestige Skou (Modena Classic Show) bekend sou staan, aangekondig. Hierdie skou het gedurende 1984 in Bloemfontein plaasvind. Gerhard en Johan Laubscher en hul eggenotes en Kobus en Bertha Snyman het hulself oortref met die aanbied van hierdie skou waar meer as R2 000 aan pryse op die spel was.

Aan die einde van 1983 sluit die vereniging af met 'n nuwe rekord aan ledetal, naamlik 583. Transvaal stoot sy ledetal na 126 op en die Vrystaat na 109.

## The Greenman Memorial Trophy

Ere-lidmaatskap word gedurende die AJV op Heilbron op 14 Julie 1983 aan mnre AW Ravencroft en B Willes toegeken. Die AJV besluit om die beoordelaarsvereniging onveranderd te behou. Transvaal wen die BANKOVS Skild. Mev Ros Greenman skenk die pragtige **Sam Greenman Memorial Trophy** vir Reserwe Jaaroud Duif op die Kampioenskapskou. Tydens die vergadering word dit aan Ds Lee en mnr Stewart Patterson opgedra om 'n volledige rekord op te stel van pryswenners op kampioenskapskoue.

In 1983 loods Hannes Hugo 'n rubriek oor "Modenas: Teorie en Praktyk" wat waarskynlik die beste duiwe rubriek was wat ooit uit die pen van 'n lid van die SASV gevloei het. Hierdie hoogaangeskrewe teler het intussen uitgetree en afgetree en boer nou met wilde duiwe wat saans kom kos soek en "hom aan kos net soveel kos" as wat sy sierduiwe gekos het.

In 1984 kom 'n nuwe reeks duiwemiddels op die mark wat 'n groot impak op sierduiftelers gehad het.
'n Finansiele Kommissie word aangestel om die Uitvoerende Komitee op finansiele gebied te adviseer. Die lede van die Kommissie was Ds Lee, mnre S Patterson en K Snyman.

Noord-Vrystaat bied in sy kort bestaan vir die eerste keer die Kampioenskapskou in 1984 aan.
In Julie 1984 sterf Ds A F Malan en David skryf in sy huldeblyk dat sy vader as ons eie Mr Waaierstert onthou sal word. Die Waaierstertklub het dan ook vanaf 1985 hul gereelde AF Malan Gedenkskou.
Op die jaarvergadering in Welkom op 1 Julie, word o.m. die volgende besluite geneem:

* ringgelde word vanaf 12c na 10c verlaag;
* ledegeld word na R25 per lid opgestoot;
* dat die Redakteur voortaan nie meer deur lede verkies sal word nie, maar uit nominasies deur streke, deur die Uitvoerende Komitee aangestel sal word nadat so 'n persoon se bekwaamheid en die drukkoste van die maandblad in ag geneem is;



**Mnr Pogue of Canada en Dr Koot Serfontein.**
**Mr Pogue het Suid-Afrika in 1987 besoek en was een van die hoof beoordelaars. Hier is hy en Dr Koot in 'n ernstige gesprek gewikkel.**

Mnr Warren Klopper word vir die eerste keer in baie jare deur Prof Dirk Badenhorst van Noord-Transvaal geopponeer. 178 stemme word ontvang en mnr Klopper word weer as Voorsitter verkies.

Transvaal wen vir die tweede agtereenvolgende jaar die BANKOVS Skild.

In die November 1984 uitgawe kies Chris Frick van Hamlet sy Sierduifspringbokspan en die oorspronklikheid daarvan lok wye reaksie.

Die Desemberuitgawe van 1984 lewer die volgende pragtige bydrae van Warren Klopper:

*"When reflecting on 1984 it becomes clear that what the Club strived for many years is within our reach. We have more members attending shows, more attending meetings and sharing in area activities. It must at all times be understood that we must operate as a group and not as individuals. Only by working together can we achieved success. There will always be some differences of opinion since our members are from different professions and different backgrounds. What suites a retired person does not suite a new member. Unless we compromise we will never enjoy harmony in our Club. After all, compromise is the basis of our civilisation."*
Die ledetal van die SASV bereik aan die einde van 1984 'n nuwe rekord, naamlik 626.

In die Maart 1985 uitgawe maak Mev Cecily geskiedenis deur die selfgeteelde Sans Souci standaard te publiseer sodat goedkeuring daarvoor verkry kon word.
Die eerste AF Malan Gedenkskou te Krugersdorp lewer sy verrassing op toe Jaap Smith die kampioen vertoon.



**LOU EN JOEY BRITS VAN TRANSVAAL**
**Hierdie twee telers was verantwoordelik vir die tik van die jongste boek van Standaarde.**

OVS wen die BANKOVS Skild.

42 000 ringe word gedurende 1985 verkoop.


Op 26 Augustus 1985 sterf Peet van Zyl aan 'n hartaanval. Hierdie bekende sponsduifteler was Noord-Vrystaat se Voorsitter vanaf 1979 toe die streek tot stand gekom het.

Tydens die Jaarvergadering van 4 Julie 1985 word die Beoordelaarsvereniging afgeskaf en op die Uitvoerende Komitee vervang deur 'n beoordelaarsbeampte. Lede van Oos-Transvaal maak melding dat hulle sterk genoeg is om 'n selfstandige streek te vorm en doen dan ook so op 3 Augustus 1985 onderleiding van Wim van Rensburg wat ook as die eerste voorsitter verkies word. 19 lede was tydens die stigtingsvergadering teenwoordig. Dr De Villiers word as onder-voorsitter verkies, Saag van Wyngaardt word die eerste sekretaris en Louis Koen die tesourier. Deur die jare het Louis en Bets as ware staatmakers uitgetroon en is die twee steeds verantwoordelik vir feitlik alle skoureëlings. Tans is Johan de Bruyn die streek se president.
Ringpryse word in dieselfde jaar na 20c stuk verhoog.
Die kampioenskapskou vind in Johannesburg plaas, en die ledetal daal na 594.
Oom John Sowden van Windhoek sterf op 4 Julie 1986 op die ouderdom van 70 jaar. Hierdie pragtige mens het vir etlike jare die sierduifstokperdjie in Namibië onder die min lede aan die gang gehou.

Stewart Patterson en Ds Lee wend in dieselfde jaar 'n enorme poging aan om op versoek van die AJV 'n lys van kampioenskapskou-wenners saam te stel en hul poging word in die Julie 1986 nuusbrief geplaas. Hulle slaag nie daarin om sekere jare se wenners te vind nie. Dit kon ook nie met die saamstel van die Gedenkuitgawe gevind word nie.
In Julie 1986 word Pierre le Roux as sekretaris van die Uitvoerende Komitee verkies.

Gedurende 1988 word landswyd 22 reklamedae deur streke georganiseer, maar nie veel nuwe lede word gewerf nie.
Daan van Zyl van Vereeniging se reeks oor sierduiwe verskyn in die Landbouweekblad. Die reeks bestaan uit 12 aflewerings. Daan het homself oortref toe hy oor hierdie mooi stokperdjie van Konings en Kinders geskrywe het.
In dieselfde jaar word die ampstermyn van uitvoerende komiteeposte vanaf een jaar na drie jaar verleng ten einde *"uitvoerende komiteelede geleentheid te gee om hul voete te kan vind en hulself te kan bewys want met die huidige stelsel kan so 'n persoon uitgestem word voordat hy nog werklik iets vir die vereniging kon doen."*
Die benaming van Voorsitter en Vise-Voorsitter word verander na President en Vise-President en die van President en Vise-President na Ere-President en Ere-Vise-President. Die nuwe posbenamings van President en Vise-President word dus uitvoerende poste. Dit wat Dr Verster al in 1978 voorgestel het, het dus eers tien jaar later plaasgevind. Tydens die jaarvergadering waar hierdie besluit goedgekeur is, het mnr Warren Klopper *"gepleit dat die status quo behou moes word."*

1988 lewer 'n rekord wins van R4 171 op.
Mnre Lourens Muller, Hannes Homan, Ken Garrod, Neels le Roux en Sarel Viljoen word as "Allround Judges" op die jaarvergadering benoem en so aanvaar. Nog 'n wysiging is dat die woord "Club" na "Association" verander word en die SAFPC word sodoende na SAFPA verander.
Noord-Vrystaat se tiende verjaarsdag word op luisterryke wyse tentye van die kampioenskapskou te Welkom in 1989 gevier. 141 vertoners woon die kampioenskapskou by. Die streek wen ook die BANKOVS trofee.
Die Manie Fourie-skild vir die B-Afdeling word vir die eerste keer toegeken en deur Oostelike Provinsie verower.



**SILWER SCHIETTI VAN BERTHA SNYMAN**
**Hierdie duif het verskeie skoue gewen in die vroeë tagtiger jare.**

Dit was ook die jaar van Kobus Snyman se wit King hen (16/88) wat op vier skoue as die beste duif bekroon word sowel as die Groot Kampioenduif te Welkom op die Kampioenskapskou.
Talle spesialiteitsklubs word gestig soos die Afrikaanse Troetelduif en Trompetterklub, die Sjinese Uilklub, die Skaarsrasklub en talle ander.

************************************************

Sommige van die Vrystaatlede wat deur die jare vanaf 1961 aktief was, was en is Ds Malan, oom Liebs, oom Lappies, Dr Marais, Reus de Bruyn, Jannie du Toit, Hannes Hugo, Dr C. Verster, Willie Venter, al die Reynekes, Manie Fourie, Louis Botha, oom Tikkie, Pollie Wessels, Marais Viljoen, die Snymans, Jan van den Berg, Otto Schwarzer, Chris Möller, al die Laubschers, Die Mullers, JC Nel, Tannie Patat van Zyl, Piet Britz, Johan van den Heever, Dirk Mostert en honderde ander. **Ook hierdie streek se dames moet uitgesonder word vir hul harde werk agter die skerms.**

************************************************

'n Nuwe reëling word ingestel waar streekkomitees versoek word om volle besonderhede van hul skoue en komitees in te stuur aan die Sekretaris van die SASV. Volledige besondere van streekskoue word ook vanaf 1989 in die maandblad gepubliseer sodat streke nie meer nodig het om hul skoubesonderhede uit te stuur nie. Min streke maak egter van hierdie diens gebruik.

David Malan beding 'n borgskap van R5 000 vanaf mnr Sarel Swanepoel van Krugersdorp ten gunste van die Kampioenskapskou.
Wynand Wessels stel 'n nuwe Boek van S.A.Standaarde saam in samewerking met die onderskeie spesialiteitsklubs en beoordelaars.
Die SASV sluit die jaar met 'n wins van R3 474 af.

1990 het met 'n ledetal van 470 afgesluit.

Kroonstad word na jarelange pogings as selfstandige streek erken. Die eerste voorsitter van die streek is Attie van Aswegen. Asgevolg van die talle skoue word streke se twee gereserveerde skoudae na een verminder ten einde alle streke te kan akkommodeer. Met die kampioenskapskou in die Paarl word geskiedenis gemaak toe Bertie du Toit se Rooi geruite Schietti Modena die eerste modena word om 'n Kampioenskapskou te wen.
Mnr SA Patterson word na elf jaar weer onbestrede herkies as Tesourier. So ook mev Sarie Knoetze as Ringmeester. Mnr Chris Möller van Griekwaland-Wes word as uitvoerende Vise-President verkies.

## Joey verloor die Standaarde

Lou en Joey Brits pak 'n enorme taak aan deur die nuwe saamgestelde Boek van S.A. Standaarde te tik. Dit geskied met groot drama want Joey druk twee verkeerde knoppies en al die tikwerk verdwyn soos mis voor die son. Met baie trane begin sy weer van vooraf en doen dit in 'n rekord tyd.

**Wes-Transvalers wat o.a. tydens die streek se stigtingsvergadering in 1971 teenwoordig was:**

| | |
|---|---|
| Warren Klopper | Hannes Raath en sy vader, mnr LD Raath |
| DP van Zyl | Wyle Jan van den Heever |
| JG van Zyl | Dries van der Walt |
| Jan Buys | Fred Kirstein |
| Karel Reyneke | Hoon Coetzee |
| Johnny Rosin | |

**Name verskaf deur Karel Reyneke**

OVS wen die BANKOVS Skild as die hardwerkenste streek en die Manie Fourie-sklid gaan aan Boland.
Onder die aansporing van Peet Botha kom Noord-Transvaal gedurende 1991/92 weer aan die gang. James Ekron word as sekretaris verkies en Piet Willemse as Voorsitter. Saam met Peet, reël hulle weer vir 'n pragskou gedurende 1992.
SWD kom as streek weer op die been en belewe 'n besonder aktiewe jaar, maar in die Transvaalstreek loop 'n paar dinge skeef en die kampioenskapskou word op kort kennisgewing na die Vrystaat verskuif. Hierdie kampioenskapskou sal veral onthou word as die jaar waarin die SASV R5 090 byeengebring het om kanker te help bestry. HIerdie grootste poging is deur die Ere-President mnr Warren Klopper met R1 000 geopen.
26 382 ringe word aan telers verkoop en gedurende die jaar word die nuwe Boek van S.A. Standaarde teen R75 per eksemplaar aan lede beskikbaar gestel. Mnre Wynand Wessels, Stewart Patterson en Pierre le Roux word as Senior Beoordelaars aangestel.
Ds Lee gee sterk momentum aan die toekenning van nasionale en provinsiale kleure.

8 Februarie 1992 sal onthou word as die dag waarop telers van die skouposduif hul groot dilemma hanteer het, te wete die verskil tussen die Suid-Afrikaanse en die jongste amerikaanse invoere. Op dieselfde dag het die Uitvoerende Komitee aan huis van Kobus en Bertha Snyman in Bloemfontein vergader om finale beslag aan nasionale en provinsiale kleure te gee. Daar word besluit dat vier balkies verwerf kan word, naamlik een vir skou (met eie geteelde duiwe), een vir vertoner, een vir beoordelaar en een vir administrasie. Die eerste uitreikings word beoog vir Julie 1992 tydens die kampioenskapskou in Johannesburg.

Die Kampioenskapskou sal vanjaar in Johannesburg plaasvind en is vir 8 tot 11 Julie beplan.
Verskeie spesialiteitsklubskoue het gedurende April in Bloemfontein en Welkom plaasgevind. Wat die Modenaklub betref, was dit die tiende skou.






**Dit is nie elke dag dat 'n mens iemand betrap wat so lekker lag nie. Frik Knoetze, ringmeester vir die jare 1982 tot 1986 is in 'n vrolike luim. Regs is Sam Wiggett en John Dicks gedurende 1986 in die Paarl afgeneem. Dit was tydens die Kampioenskapskou. Dit is nie bekend of die twee veterane nog met ons is nie.**



**Steve and Beverley Coetser from Natal during the Championship Show of 1988. Middle: Hannes Raath from Potchefstroom (sonder sy kitaar) Right: Tom Prittchett from the USA during the Championship SHow of 1981 in Bloemfontein.**



**Links glimlag Bertie du Toit van die Kaap tydens die onthaal in 1990. Hy het vroeër die dag beste duif vertoon. In die middel skuil Nak Smit agter die Roos Trofee nadat hy dit in 1988 gewen het. Regs is Corrie van Reenen van Harrismith. Hy is 'n tuimelaarteler.**

*Manne en Vroue wat maar net mense was en is maar tog hul beste probeer lewer het en steeds lewer.*

## MEMBERS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE 1943 - 1992

**Presidente en Onder Presidente (ook Ere President en Ere Onder Presidente):**
(Sedert 1962 word slegs die aanvangsdatum vermeld)
Gerhald Orpen van Kenilworth, Kaapstad
1943 tot 1957
Mervyn Wightman, Yeoville, Johannesburg and Gardens, Cape Town: 1957 tot 1962
G Dolley, 1958
Ds AF Malan 1962
Reg Gething, 1959 & weer 1962
AM Anderson, 1962 tot sy dood in 1966
AW Ravenscroft, Meyerton, 1984
A Reyneke, Bloemfontein, 1965
A Ingle, Natal, 1970
Ds JC Jansen, 1977
Prof JR Verster, 1977
CE Pretorius, Johannesburg, 1982 tot sy dood in 1987.
WLT Klopper 1989 tot tans.

**Voorsitter (Teenswoordig President):**
**Chairman (Now President)**
1. NC Verwey, Vasco, Kaapstad 1943 tot 1945
2. EHF Mellish, Oranjesicht, Kaapstad 1945 tot 1959
3. Clive Druce - 1959 tot 1961
4. WLT Klopper, Schweizer Reneke 1961 tot 1964
5. DJJ du Toit, Strand, 1964 tot 1965
6. WLT Klopper, 1965 - 1989
7. Ds RG Lee, Krugersdorp, 1989 tot 1992
8. PM le Roux, Kaapstad, 1986 tot huidig.



**Mr Warren Klopper**
**Chairman of the S.A.F.P.A. for 28 years.**

**Onder-Voorsitter (Teenswoordig Vise-President):**
**Vice-Chairman (Now Vice-President)**
1. AW Ravenscroft, Meyerton, 1959 until 1964
2. Reg Getting, Natal, 1964 tot 1965
3. GP Bierman, Standerton, 1966 - 1968
4. A Reyneke, Bloemfontein, 1969-1975
5. BG Ricketts, 1975 tot 1986
6. JJ Snyman, Bloemfontein, 1986 tot 1988
7. CJS Möller, Kimberley, 1988 tot huidig

**Sekretaris/Secretary:**
1. AH le Roux, Brooklyn, Kaapstad 1943 tot 1945
2. NC Verwey, Vasco, Kaapstad 1945 tot 1963
3. Mev Lettie Reyneke, Vanderbijlpark, 1963 tot 1965
4. AW Ravenscroft, Meyerton, 1965 tot 1967
5. Lettie Reyneke, 1967 tot 1970
6. GP Bierman, 1970 tot 1981
7. Ds RG Lee, Krugersdorp, 1981 tot 1986

**Tesourier/Treasurer:**
Pos was tot 1961 gekomineer met Organiseerende Sekretaris
1. HC de Waal, 1961 - 1965
2. F Pienaar, Lichtenburg, 1965-1969
3. PC Vertue, Kimberley, 1969-1979
4. SA Patterson, Bryanston, 1979 tot huidig

**Ringmeester/Ring Master**
Die pos is eers in 1979 van Tesourier losgemaak.
1. R Brunzlaff, Newcastle, 1979
2. F Knoetze, Kemptonpark, 1982
3. Mev S Knoetze, Kimberley, 1986 tot huidig

**Trofeemeester/Cup Master:**
1. G Brown, Middelburg (Kaap) 1959
2. PJ Liebenberg, Bloemfontein, 1964
3. JH Labuschagne, Bloemfontein, 1971 tot 1975
4. JS Hugo, Bloemfontein. 1975
5. CA le Roux, Vereeniging, 1979 tot huidig

**Beoordelaarsbeampte/Judges' Officer**
**Vanaf 1975 is die pos van beoordelaarsbeampte geskep en het die voorsitter van die Beoordelaarsvereniging ook op die Uitvoerende Komitee gedien. Die eerste persoon wat die posisie beklee het was mnr Alex Ravenscroft**
1. Mnr Manie Fourie - 1986
2. Mnr Wyand Wessels - 1988


**Notaskrywer/Redakteur/Noteswriter/Editor:**
Sien rubriek oor Redakteurs

**Reklamebeampte/Publicity Officer**
Cobus Verster, Bloemfontein, 1973
JJ Snyman, Bloemfontein, 1977
AJH van Zyl, Bloemfontein, 1979
Pos later afgeskaf.



# Kampioenskapskoue van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging
# Championship Shows of the South African Fancy Pigeon Association

**Since the first Championship Show in 1946 in East London, 46 shows were held. The Roos Memorial Trophy and the Aloma Roos Trophy were awarded in 1957 for the first time. Sedert die Roos Trofee vir die eerste keer in 1957 toegeken is, kon nog net 'n handjievol telers die toekenning ontvang.**



**Geen beste duif is vir die jare 1948 tot ongeveer 1956 toegeken nie.**

Die heel eerste kampioenskapskou van die SASV het in Oos-London in 1946 plaasgevind. Hierdie geskiedkundige skou het in samewerking met die S.A. Poultry Society plaasgevind, soos tewens die gebruik gedurende die eerste dekade en meer was. Gedurende 1950 is die kampioenskapskou weens Newcastle siekte afgestel. Die 1992 kampioenskapskou is dus die 46ste kampioenskapskou van die vereniging.

1946:
Oos-London. AW Roos vertoon die beste duif.
1947:
Johannesburg. Daar is weggedoen met beste duif op skou "omdat 'n mens nie die duiwe van verskillende seksies met mekaar kan vergelyk nie", is daar in een van die uitgawes geskryf.
1948:
Bloemfontein.
1949:
Pietermaritzburg nadat daar 'n lang debat gevoer is waarom die destydse Suid-Rhodesië nie die skou moet aanbied nie.
1950:
Newcastle siekte breek landwyd uit die beplande skou word afgestel.
1951:
Kaapstad. Die skou is vanaf die 28ste tot die 30ste Junie gehou.
1952:
Oos London, Junie 26 - 28.
1953:
In die Mei 1953 uitgawe verskyn die eerste volledige lys van skoudatums. 15 skoue word gelys en die kampioenskapskou is vir Pietermaritzburg geskeduleer. Weer eens is dit nie duidelik of daar 'n beste duif aangewys is nie.
1954:
Pietersburg
1955:
Bloemfontein
1956:
Kaapstad
1957:
Pietersburg. Hierdie skou het as die **Memorial Championship Show** bekend gestaan na-aanleiding van
die dood van mnr Willie Roos van Pietersburg gedurende 1956. Die Roos- en Aloma Roostrofees is vir die eerste keer toegeken. Mnr P.A. Swanepoel het beide hierdie trofees met groot kampioen en reserwe kampioen gewen. Van die seksie-uitslae kan afgelei word dat sy ope en jaaroud strikduiwe (n oop mannetjie en J/0 hen - beide Satinette) vir hom die pryse los geskou het.
1958: Pietermaritzburg
1959:
Die destydse streek Middellande het die kampioenskapskou
te Middelburg, Kaap aangebied.
1960 Johannesburg


1961
Kaapstad. Die W.P. Streek was in hierdie stadium so swak georganiseer dat die kampioenskapskou saam met die Cape Town & Peninsula Poultry Club plaasgevind het.
1962:
Bloemfontein. Mnr JG van Zyl verower die Roos Gedenkbeker (eerste inskripsie op die beker) met 'n raadsheer; die reserwe kampioen was 'n swart waaierstert van Ds AF Malan
1963:
Bloemfontein op 15 tot 18 Mei. Mnr AM Anderson wen met 'n wit king en oom Peter Vertue vertoon die reserwe kampioen met 'n swart langgesig
1964:
Geen uitslae kan gevind word nie, maar volgens die gravering op die Roosbeker het mnr Warren Klopper die Roos Gedenkbeker met 'n Norwich Kropper verower.
1965:
Die skou vind in Johannesburg plaas en Francois Pienaar vertoon die groot kampioen met 'n waaierstert. Mnr Warren Klopper vertoon die reserwe kampioen met 'n norwich kropper.
1966:
Die skou vind in Bloemfontein plaas. 69 vertoners vertoon 2 100 duiwe. Die groot kampioen word deur GJ Visagie met 'n raadsheer verower en die reserwe kampioen gaan aan Faan van der Linde met sy waaierstert
1967:
Die eerste skou in Kimberley. Die kampioen word deur JP Pretorius met 'n raadsheer verower en die reserwe kampioen is die blou langgesig van oom Peter Vertue.

1968:
Die Roos Gedenkbeker word deur Francois Pienaar met 'n wit waaierstert verower. Die Satinette van HC de Waal was die reserwe kampioen. Die skou het in Johannesburg plaasgevind.
1969:
Bloemfontein. Die kartelrug van CE Pretorius egpaar verower die Roos Gedenkbeker en Dennis van Rensburg vertoon die reserwe kampioen met sy brons driekleur Modena.
1970:
Die skou vind vanaf 21 tot 23 Mei in Johannesburg plaas. 114 vertoners vertoon daardie jaar 3 197 duiwe en die groot kampioen word deur Stewart Patterson verower met 'n swart LF tuimelaar.
1971:
Bloemfontein. Mnr JC Langeveld verower die Roos Gedenkbeker. A Reyneke het die reserwe kampioen duif vertoon met 'n Modena.
1972:
Mev CE Pretorius wen die skou met 'n kartelrug en Warren Klopper vertoon 'n modena wat as die reserwe kampioen aangewys is.
1973:
Bloemfontein. Die Roos Gedenkbeker gaan aan HC de Waal (Blondinette); die Reserwe Kampioen aan Win Coetzee vir sy Wit King.
1974:
Cape Town: Ben and Ann Ricketts won Champion Pigeon on Show (gros mondain). Die Reserwe Kampioen word deur G van der Bank met 'n Modena verower. Twee jaar later dui Cobus Verster aan dat hierdie skou die 32ste van die SASV was. Dit is volgens alle aanduidings nie korrek nie. Dit was die 28ste kampioenskapskou.
1975:
Alex Ravenscroft won Grand Champion with a Red Norwich Cropper. The show was held in Bloemfontein. The reserve goes to Mr and Mrs CE Pretorius (Frillback) and best Yearling was awarded tot the Jacobin of GD Swiegers.
1976:
Die Groot Kampioen is vertoon deur PJ Benadie met 'n wit Raadsheer; die Reserwe Kampioen en die Beste Jaaroud is 'n swart LG Tuimelaar


wat deur Stewart Patterson vertoon is. Die skou is in Johannesburg gehou en deur 97 vertoners bygewoon wat 2573 duiwe vertoon het.
1977:
Weer eens Bloemfontein. Kampioen Duif, andermaal PJ Benadie van De Aar; die reserwe kampioen is deur Hannes Raath met 'n Norwich Kropper vertoon. Hannes het met die duif ook die Beste Jaaroud vertoon.
1978:
Worcester. Groot Kampioen: Wit King van GW Roux; Reserwe Kampioen, jaaroud Kartelrug mannetjie van mevr C Pretorius.
1979:
Kampioen Duif (Dragoon) van Lourens Muller; Reserve Champion (Baldhead) SA Patterson. Venue Johannesburg.
1980:
Bloemfontein: Best Bird was exhibited by Mr & Mrs CE Pretorius (Frillback); The Reserve Champion was a white
Jacobin of P J Benadie from De Aar. B&A Ricketts het
die beste Jaaroud duif met 'n German Beauty Homer vertoon en C van Reenen se EAK L/F Tuimelaar was die reserwe jaaroud duif.
1981:
Bloemfontein. Mnr L Orchard van Pretoria vertoon beste duif met 'n Blondinette; Reserve Champion goes to the German Beauty Homer of mr JL du Preez; Best Yearling on Show to the Fantail of mr DJ Malan; Best Junior Bird to the Modena of C Britz.
1982:
Kaapstad. Mnr Stewart Patterson vertoon beste duif met 'n wit LF tuimelaar; Reserve Champion goes to the Modena of F Knoetze; Best Yearling on show to the Black Gazzi Modena of Z Snyman (Junior Champion Bird).
1983:
Wie sal hierdie skou te Heilbron vergeet. In die nagte het die karavane rondgeloop en daar was geen warm water in die storte nie. Ds Renier Lee het die kampioen met 'n swart Norwich Kropper vertoon; reserwe kampioen is deur PJ Benadie se Raadsheer verower; die beste jaaroud duif deur Ds Lee se Kropper; die Reserwe jaaroud deur 'n Satinette van L Orchard en die beste T/O Geslag Jaaroud deur die Kartelrug van mev CE Pretorius
1984:
Weer maak mnr L Orchard van Pretoria so toe hy tydens die eerste kampioenskapskou te Welkom, die groot kampioen met 'n Satinette vertoon. D&J Malan vertoon die reserwe kampioen met 'n wit waaierstert; Pierre le Roux se wit King word as die beste jaaroud duif bekroon; Oom Sarel Viljoen se Norwich Kropper verower die Bas Sloof trofee vir Beste T/O geslag duif en die Sam Greenman Memorial Trophy word deur PC Ferreira met sy Show Racer verower.
1985:
Die jaar van die Kings. Groot polemiek het ontstaan oor die Amerikaanse invoere. Rouxtjie Roux vertoon die groot kampioen met 'n wit king mannetjie te Johannesburg. Gerhard van der Bank behaal die reserwe kampioen duif met sy swael driekleur Gazzi Modena. Rouxtjie se wit King is ook die beste Jaaroud Duif. JJ Dicks van Krugersdorp se Birmingham Roller verower die Bas Sloof trofee en die swart Norwich Kropper mannetjie van oom Sarel Viljoen word as die Reserwe Jaaroud bekroon.
1986:
Paarl kry sy eerste kampioenskapskou en Hennie Cloete van Johannesburg skou die Roos Gedenkbeker met sy swart Non los. HG Gous verower Reserwe Kampioen en Beste Jaaroud Duif met sy Norwich Kropper; Rouxtjie se wit King behaal Beste T/O Geslag jaaroud duif en die Raadheer van oom JG van Zyl loop met die Sam Greenman Trofee weg as reserwe jaaroud kampioen
1987:
Nak Smit van Kaapstad verower die Roos Gedenkbeker en die Beste Jaaroud Duif in Bloemfontein met 'n luide gil (wie sal dit vergeet?); reserwe kampioen duif gaan aan die Raadsheer van oom JG van Zyl; Ds Lee se Norwich Kropper word as die beste T/O Geslag duif bekroon en K Blaauw van Krugersdorp vertoon 'n waaierstert wat as Reserwe Jaaroud bekroon word.
1988:
In Bloemfontein verower Ds Lee die groot kampioen met 'n Brunner. Jack Forbes vertoon die reserwe kampioen duif met 'n wit langgesig tuimelaar; Pikket Coetzee vertoon die beste jaaroud duif met 'n blondinette, D van Vuuren se swart waaierstert is die beste T/O geslag en A Reyneke verower die reserwe jaaroud duif met 'n modena.
1989:
Welkom. Kobus Snyman vertoon die groot kampioen met 'n jaaroud wit king hen wat in daardie jaar op vier skoue beste duif was. Die reserwe Kampioen word deur Jan Loots se grizzle gros mondain verower wat ook die reserwe jaaroud prys verower. Die beste T/O geslag jaaroud duif het aan Manie Fourie se Norwich Kropper
gegaan.
1990:
Bertie du Toit word die eerste modenateler wat die gesogte Roos Beker met 'n modena verower. Die EAK Norwich Kropper van Manie Fourie is reserwe kampioen sowel as beste jaaroud duif; 'n Fairy Swael van Rodney Stevens is reserwe jaaroud duif en 'n grizzle kartelrug van Frikkie van Zyl van Hanover behaal die Bas Sloof trofee as beste T/O geslag jaaroud duif.
1991:
Wynand Wessels verower die groot kampioen in Bloemfontein met sy Dragoon wat gedurende die jaar op talle skoue beste duif was. Die beste ope duiftoekenning is vir die eerste keer gemaak met die toevoeging van die Ds en Mevr Lee trofee en die Dragoon van Wynand Wessels het ook hierdie toekenning ontvang. Die schietti modena van Bertie du Toit wat die vorige jaar die kampioen duif was, is as reserwe kampioen aangewys. Rouxtjie Roux se King is as beste jaaroud duif aangewys, PA Cilliers se German Beauty Homer as die reserwe jaaroud duif en W Coetzee se afrikaanse uil as die beste T/O geslag jaaroud duif op skou.
**As daar so deur die uitslae gegaan word, kan met reg gekonstateer word dat mev Cecily Pretorius al die manne stof in die oë geskop het deur drie keer die Groot Kampioen te vertoon. Dit is voorwaar 'n prestasie as ons in aanmerking neem dat sy hierdie pryse elke keer met 'n eie geteelde duif gewen het.**

Ander telers wat al twee keer die Roos Gedenkbeker verower het, is:
Francois Pienaar
Stewart Patterson
Petie Benadie
Rouxtjie Roux
Lance Orchard
Ds Renier Lee.

Sedert die Roos Gedenkbeker aan die Groot Kampioen Sierduif toegeken word, kon nog net 22 telers die beker huistoe neem en dit in 35 jaar.



**Groot Kampioen Sierduif van 1971**
Mnr CJ Langeveldt se wit Raadsheer




## SO IS DAAR IN 1982 DEUR DIE REDAKTEUR GESPOT

**Lede wat nog nie in 1982 lid was nie, sal nie al die idees in die spotprent snap nie. Ek verduidelik graag. In 1982 was die maandblad so oorstroom met artikels en briewe dat daar net nie spasie was nie, ongeag die feit dat tot 48 bladsye per maand uitgegee is. Lede het die maandblad ook met borge oorstroom. Onder die waaiersterttelers het Tom Pritchett se beoordeling op die kampioenskapskou die telers diep laat dink. Dr Verster het op daardie stadium 'n pragtige reeks oor die Hollandse Hoogvlieërs geskrywe. So ook Jan Cromhout oor die Mookee. Hannes Hugo het 'n Curriebekerkompetisie tussen die modenastreke bepleit - die kompetisie het vir baie jare plaasgevind met oorwegend die Vrystaters as wenners. Onder die swaarrasklubtelers was daar baie probleme nadat Rouxtjie vir die eerste keer Amerikaanse Kings ingevoer het.**

==========================================================





**Transvaal 1970:**

Lede is Stewart Patterson, Sarel Viljoen, Odendaal, Marais, A Heydenrych, Visagie, B Heydenrych, Gouws, Du Toit, Willie Marais, Pretorius, Oosthuizen, Jan van Leeuwen en sittende Gert Bierman. Die dames is mevre Viljoen, Pretorius en Heydenrych.

**Foto: Mev Cecily Pretorius**

# Seksie-Wenners van Kampioenskapskoue
# Section Winners of Championship Shows

## 1946 - 1991



Slegs 'n handjievol telers slaag jaarliks daarin om duiwe te teel wat op 'n kampioenskapskou as seksie-wenner bekroon word.



**1946**
Certificates of Merit
Best Blower - JJ Langenhoven
Best Fantail - Dr de Villiers
Best Tumbler - L Boy
Best Toy - A Francis
Best Frill - AW Roos
Best AOV - AW Roos
Championship Cub for best Pigeon on show: AW Roos

**1947** Not indicated

**1948**
Best Blower (English Pouter) - PJ Barnard
Best Fantail - Dr V de Villiers
Best Tumbler - EHF Mellish
Best Frill (Blondinette) - Mervyn Wightman
Best Toy - J Hirschman
Best in Variety (Dragoon) - JW van Zyl

**1949**
The Blue ribbon winners were:
Best Blower - AW Roos
Best Fantail - Dr V de Villiers
Best Tumbler - EHF Mellish
Best Frill - J Hirschman
Best Toy - PJ Alberts
Best AOV Pigeon - AW Roos

**1950 No Championship Show**

**1951**
Best Blower - JJ Langenhoven
Best Fantail - AF Malan
Best Tumbler - E Mellish
Best Frill - JH Wrench
Best Toy - MA Els
Best Variety - WC Kruger

**1952**
Best Blower - HJ de Bruin
Best Fantail - AF Malan
Best Frill - HJ de Bruin
Best Toy - PJ Liebenberg
Best Tumbler - A Francis

**1953**
241 pigeons were exhibited
Blowers: F A Upton
Variety: F Pretorius
Fantails: E Brookes
Frills: PA Swanepoel
Tumblers: EHF Mellish
Toys: J Metcalfe & Son

**1954** Not indicated

**1955** Not indicated
**1956** Not indicated

**1957**
Pietersburg. The section winners were:
Blowers - IL Rautenbach
Fantail - Rev JC Jansen
Fantail - Sareltjie Spies
Frills - P A Swanepoel
Toys - SJ Spies
Variety - J K Grove

**1958**
Pietermaritzburg. The section winners were:
Blowers - AW Ravenscroft
Fantails - SJ Marais en D Malan
Tumblers: AW Ravenscroft and CJ Langeveldt
Frills: PA Swanepoel and R Gething
Toys: PJ Benadie and A Ingle
Variety: Ingle, Lovell, Labuschagne, Marais and Burmeister.
Specials were awarded to best owner-bred and best non-owner-bred.

**1959**
Blowers - WAM Muller - open and yearling
Fantails - Open and yearling - SJ Marais
Tumblers: B Ferreira - open
J van Zyl - yearling
Toys - P Benadie - open
F van Zyl - yearling
Variety - AM Anderson - open
B Ferreira - yearling

**1960** Not published
**1961** Not published

**1962:**
The section winners were:
Blowers: Norwich Cropper - WLT Klopper
Commercial Breeds: King - AM Anderson
Wattle Breeds: Carrier - MG Bonnet
Variety: Bronze Gazzi - WLT Klopper
Fantails: Black - AF Malan
Frills: African Owl - AW Ravenscroft
Tumblers: Mealie L/F - B Ferreira
Toys: Jacobin - JG van Zyl
Junior Classes: Fantail - L Malan

**1963:**
Blowers: Norwich - WLT Klopper
Commercial Breeds: King - AM Anderson
Wattle Breeds: Swart Posduif - SJ van Niekerk
Variety: Nun - A Reyneke
Modenas: Gazzi - Reg Gething
Fantails: Blue - CM du Plessis
Frills: Blondinette - HC de Waal
Tumblers: L/F - PC Vertue
Toys: Jacobin - JG van Zyl

**1964** Not published
**1965** Not published

**1966**
Blowers: Norwich Kropper - WLT Klopper
Utility: Breed not stated - A Reyneke
Wattle Breeds: Dragoon - PJ Liebenberg
Variety: Jacobin - G J Visagie
Modenas: Gazzi - Reg Gething
Fantails: LC Malan
Frills: African Owl - J H Kruger
L/F Tumblers: FJ van Zyl
Other Tumblers: LC Malan
Rare Varieties: Monk - LC Malan
Junior Classes: Fantail - Deon Strauss

**1967**
Best in Section and Breed were not published

Blowers:
Open: Norwich - WLT Klopper
Yearling - JFJ van Rensburg
Commercial Breed or Utility:
Open - Reyneke en Coetzee
Yearling - A Reyneke
Wattle Breeds:
Open - MJ Ferreira
Yearling - Crouse Brothers
Variety:
Open - H de Vos
Yearling - H de Vos
Modenas:
Open - F Pienaar
Yearling - F Pienaar
Fantails:
Open - HS van der Linde
Yearling - HS van der Linde
Frills:
Open - HC de Waal
Yearling - W du Toit
Tumblers:
Open - PC Vertue & Son
Yearling - P C Vertue & Son

No further details available

**1968**
Again Best Bird in Section and Breed were not published
Blowers:
Open - JFJ van Rensburg
Yearling - DH Fourie
Utility:
Open - HJ Coetzee
Yearling - AG van Helsdingen
Wattle Breeds:
Open - MJ Ferreira
Yearling - FJ Tieleman & Son
Variety:
Open - A Reyneke
Yearling - H de Vos
Modenas:
Open - F Pienaar
Yearling - JJ & AE Reyneke
Fantails:
Open - HS van der Linde
Yearling - F Pienaar
Frills:
Open - HC de Waal
Yearling - JH Kruger



**TUMBLER BREEDERS IN BLOEMFONTEIN DURING 1988**

**From left to right: Hezel van Meyeren, Stewart Patterson, Wynand and Bertie Wessels, Jan van den Berg en his son Kobus, Frikkie van Zyl, C Naude, Charles Marais, Rev Kieth Lee, Jack Forbes, Corrie van Reenen, Mias van der Westhuizen en Pierre le Roux. The Tumbler Club was founded in the early seventies. The first Chariman was Alex Ravenscroft and the secretary Stewart Patterson.**

---



**Toekie van Biljon (dof links), Francois Pienaar, Coen Butler, Sarel Koen en David Malan, almal gesoute lede van die S.A.S.V. en Waaierstertklub. Om die beurt dreun hulle mekaar op. Hier is hulle gevra om aandagtig na die waaiers voor hulle te koekeloer. Francois is lid sedert die vyftigerjare en was ook vir jare tesourier van die S.A.S.V. Coen het gedurende 1962 aangesluit en sy eerste skou in 1967 bygewoon. Hy is ook die eerste houer van die Rodger Guilemottrofee wat in 1974 uitgereik is. Coen was tot en met 1969 Landdros en woon nou sonder uitsprake en verhore rustig in Virginia. Hy het skitterende swart waaiers vanuit Amerika ingevoer. Oom Sarel Koen is van Parrow. In 1973 het hy aan Bertha twee pragtige wit waaiers geskenk tydens sy besoek in Suidwes. Oom Sarel is sedert 1944 in Kaapstad woonagtig en het gedurende 1946 by die S.A.S.V. aangesluit. Hy is deur Norman Verwey voorgestel en teel al die jare net waaiers. David was 'n kannetjie van 13 toe hy in die vroeëre vyftigs lid geword het. Hy was ook vir 'n jaar Redakteur van die maandblad. Oom Toekie is ook van Kaapstad en reeds jare lank lid.**

Tumblers:
Open - PC Vertue & Son
Yearling - PC Vertue & Son
Toys:
Open - JG van Zyl
Yearling - Mr & Mrs CE Pretorius

**1969**
Breed was not published
Blowers: JL Homan
Commercial/Utility: HJ Coetzee
Wattle Breeds: MJ Ferreira
Variety: PC Vertue
Modenas: DJJ van Rensburg
Fantails: F Pienaar
Frills: G Harman
Tumblers: SA Patterson
Toys: Mr & Mrs C E Pretorius

**1970**
Die Seksie-wenners van daardie jaar is soos volg opgeteken:
Seksie 1
Beste Kropduif - Egp SJ Viljoen
Seksie 2:
Kommersiële ras - KS Reyneke
Seksie 3:
Sponsduif - JA de Bruyn
Seksie 4:
Verskeidenheidsras - I W Bailey
Seksie 5:
Modena - DJJ van Rensburg
Seksie 6:
Waaierstert - F van der Linde
Seksie 7:
Strikduif - HC de Waal
Seksie 8:
L/F Tumbler - SA Patterson
Seksie 9:
Troetelduif - Egp CE Pretorius

**1971**
Die 1971 seksie-wenners was die volgende:
(Lees dit na analoog van die 1970 uitslae)
WJ Pretorius
KS Reyneke
G Bierman
SA Patterson
A Reyneke
H van der Linde
HC de Waal
SA Patterson
JC Langeveldt

**1972**
Die seksie-wenners van die 1972-kampioenskapskou, weer eens na analoog van 1970, was die volgende:
J Homan en J Oosthuizen
J Rosin
Johan de Bruyn
PC Vertue
WLT Klopper
DC Nortje
HC de Waal
Martens en Van Reenen
CE Pretorius

**1973**
Die seksie-wenners van die 1973-kampioenskapskou word soos volg aangetoon:
Blaasduiwe: Hollandse Kropper van B Sloof
Swaarrasse: King van Win Coetzee
Sponsduiwe: Dragoon van JA de Bruyn
Verskeidenheidsrasse: Lahore van Les Ewan
Modenas: Schietti van A Reyneke
Waaiersterte: Wit van F Pienaar
Strikduiwe: Blondinette van HC de Waal
Tuimelaars: Wit L/F van Stewart Patterson
Troetelduiwe: Fairy van CE Pretorius
Raadshere: Wit van Jan Buys
Juniors: Modena van Jaco Smit

**1974**
Die seksie-wenners was die volgende:
Blaasduif: Manie Fourie
Swaarras: B & A Ricketts
Sponsduif: Mev Tina en Seuns
Verskeidenheidsras: B & A Ricketts
Modena: G van der Bank
Waaierstert: CC Butler
Strikduif: JJ Odendaal
Tuimelaar: SA Patterson
Troetelduif: CE Pretorius
Raadsheer: PJ Benadie
Junior Klasse: E Schwarzer

**1975**
Blaasduiwe: AW Ravenscroft
Swaarrasse: Win Coetzee
Sponsduif: AS Botha
Verskeidenheid: S & R Greenman
Modena: WJ Venter
Waaierstert: F Pienaar
Strikduif: LA Ewan
Tuimelaar: S Patterson
Troetelduif: Mev CE Pretorius
Raadsheer: PJ Benadie
Junior Klas:
R Britz

**1976**
Die seksie-wenners was as volg:
Blaasduiwe: Norwich van Manie Fourie
Swaarrasse: Gros Mondain van J Rosin
Sponsduiwe: Carrier van MJ Ferreira
Verskeidenheidsrasse: Maltese van B&A Ricketts
Modenas: Gazzi van SJ Viljoen en Seun
Waaierstert: Ben Swart
Strikduiwe: Blondinette van L Orchard
Tuimelaars: L/F Tuimelaar van S Patterson
Troetelduif: Kartelrug van FJ van Zyl
Raadsheer: PJ Benadie
Junior Klas: Norwich Kropper van D Atterbury

**1977**
Die seksie-wenners van daardie jaar was die volgende:
Blaasduiwe: Norwich van Hannes Raath
Sponsduiwe: Carrier van J de Bruyn
Swaarrasse: Gros Mondain van Win Coetzee
Verskeidenheidsrasse: Non van S & R Greenman
Modena: Gazzi van B & J Snyman
Waaierstert: Wit van F Pienaar
Strikduiwe: Afrikaanse Uil van IG Venter
Tuimelaars: L/F van FJ van Zyl
Troetelduiwe: Kartelrug van mev CE Pretorius
Raadsheer: PJ Benadie
Beste in Junior Klasse: JC Hardy

**1978**
Die seksie-wenners word deur die volgende behaal:
Blaasduiwe: Norwich Kropper - Hannes Raath
Sponsduiwe: Carrier van F Greeff
Swaarrasse: King van GW Roux
Verskeidenheidsrasse: Mookee van M Fourie
Modenas: Gazzi van G van der Bank
Waaiersterte: Wit van G de Jager
Strikduiwe: Sjinese uil van L Muller
Tuimelaars: L/F Tuimelaar van C van Reenen
Troetelduiwe: Kartelrug van CE Pretorius
Raadshere: Wit van P Benadie
Grondtuimelaars: B & A Ricketts
Junior: Tuimelaar van S North

**1979**
Die volgende is die seksie-wenners:
Blaasduiwe: Hannes Raath se Norwich Kropper
Swaarrasse: King van GW Roux
Sponsduiwe: Dragoon van L Muller
Verskeidenheidsrasse: S & R Greenman
Modenas: JA Heydenrych
Waaiersterte: CC Butler
Strikduiwe: LJ van Rensburg
Tuimelaars: SA Patterson
Troetelduiwe: CE Pretorius
Raadshere: JG van Zyl
Skou Posduiwe: B Ricketts
True Racers: J Heydenrych
Ground Tumbler: C van Reenen

**1980**
Afdeling 1: Blaasduiwe - Ds R Lee
Afdeling 2: Swaarrasse - H van der Merwe
Afdeling 3: Medium Swaar - F & S Knoetze
Afdeling 4: Sponsduiwe - NJ Kemp
Afdeling 5: Verskeidenheidsrasse - Onbekend
Afdeling 6: Modenas - H Hugo
Afdeling 7: Fantails - DJ Malan
Afdeling 8: Strikduiwe - L Orchard
Afdeling 9: Tuimelaars - SA Patterson
Afdeling 10: Troetelduiwe - CE Pretorius
Afdeling 11: Raadshere - PJ Benadie
Afdeling 14: Juniors - A Smith

**1981**
Afdeling Blaasduiwe: Brunner van PJ de Wet
Afdeling Swaarrasse - King van J Rosin
Afdeling Medium Swaarrasse - Cauchois van N Kemp
Afdeling Sponsduiwe - Carrier van N Kemp
Afdeling Verskeidenheidsrasse - Lahore van C Verster
Afdeling Modenas - Schietti van H Hugo
Afdeling Waaiersterte - DJ Malan
Afdeling Strikduiwe - Blondinette van L Orchard
Afdeling Tuimelaars - L/F van S Patterson
Afdeling Troetelduiwe - Kartelrug van L Ewan
Afdeling Raadshere - PJ Benadie
Afdeling Homers - German Beauty Homer van JL du Preez
Afdeling Working Homers - B Meiring
Afdeling Juniors: Modena - C Britz
Afdeling Grond Tuimelaars - K Dombrowsky

**1982**
Section Blowers - Norwich Cropper of M Fourie
Section Heavy Breeds - Gros Mondain of H van der Merwe
Section Medium Heavy - Straase of S Knoetze
Section Wattle - Dragoon of Wesmar
Section Variety - Mookee of D Scott

Section Modenas - Sulphur Tri of F Knoetze
Section Fantail - DJ Malan
Section Frills - Blondinette of GM Coetzee
Section Tumblers - L/F of S Patterson
Section Birmingham Rollers - No Entries
Section Toys - Archangel - Hankebot
Section Jacobins - PJ Benadie
Section Homers - German Beauty Homer - B & A Ricketts
Section True Racers - F & S Knoetze
Section Ground Tumblers - Wesmar
Best in Junior Section: Z Snyman
**Number of entries: 1551**
**Number of exhibitors: 75**
**Empty pens 175**

**1983**
Section Blowers - Norwich Cropper of R Lee
Section Heavy Breeds - King of J Duvenhage
Section Medium Heavy - Carneau of M&A Pistorius
Section Wattle - Dragoon of Wesmar
Section Variety - Nun of H Cloete
Section Gazzi Modenas - Sulphur of B Snyman
Section Schietti Modenas - Black of H Hugo
Best Modena - Black of H Hugo
Section Fantails - DJ Malan
Section Frills - Satinette of L Orchard
Section Tumblers - Helmet of C van Reenen
Section Birmingham Rollers - Kon van der Westhuizen
Section Toys - Frillback of Mrs CE Pretorius
Section Jacobins - PJ Benadie
Section Homers - German Beauty Homer of JL du Preez
Section True Racers - S Coetser
Section Ground Tumblers - Wesmar
**Number of Exhibitors: 165**
**Number of entries: 3734**

**1984**
Section Blowers - Norwich Cropper - SJ Viljoen
Section Heavy Breeds - King - PM le Roux
Section Medium Heavy - Cauchois - JG Els
Section Wattle - Dragoon - Wesmar
Section Variety - Non - H Cloete
Section Modenas - Schietti - H Hugo
Section Fantails - D & J Malan
Section Frills - Satinette - L Orchard
Section Tumblers - Black L.F. - S Patterson
Section Birmingham Rollers - Munnik en Brits
Section Toys - Frillback - FJ van Zyl
Section Jacobins - White - W Muller
Section Homers - Show Racer - PC Ferreira
Section Ground Tumblers - GW Roux
Section Juniors - Holle Cropper - J Bester

**Exhibitors - 138; pigeons 3 528**
**Junior Exhibitors: 21; pigeons - 298**
**Grand total pigeons = 3 826**

**1985**
Section Blowers - Norwich Cropper - SJ Viljoen
Section Heavy Breeds - King - GW Roux
Section Wattle - Carrier - PP van Zyl
Section Variety - Non - JJ Coetzee
Section Modenas - Gazzi - GJ van der Bank
Section Fantails - DJ Malan
Section Frills - Satinette - L Orchard
Section Tumblers - Black L.F. - Jack Forbes
Section Birmingham Rollers - Joe Dicks
Section Toys - Frillback - CE Pretorius
Section Jacobins - JG van Zyl
Section Homers - Working Homer - F&S Knoetze
Section Ground Tumblers - Hansie Botes
Section Juniors - Chinese Owl - H Roetz

**1986**
Gedurende 1985 word die skouskedule drasties hersien deur die Uitvoerende Komitee op versoek van lede en 20 seksie-wenners word op die Kampioenskapskou in die Kaap aangewys.
Section Norwich Croppers -H Gous
Section Blowers - Holle - Ds H von Horsten
Section Kings - GW Roux
Section Gros Mondains - Nak Smit
Section Colour Pigeons - Polish Lynx - J Coetzee
Section Wattle - Dragoon - Wesmar
Section Crest Pigeons - Non - H Cloete
Section Gazzi Modenas - G van der Bank
Section Schietti Modenas - G van der Bank
Section Fantails - CJ Koen
Section Jacobins - JG van Zyl
Section L/F Tumbers - SA Patterson
Section S/F Tumblers - Not indicated
Section Eastern Frills - Blondinette - GM Coetzee
Section Owls - Sjinese Uil - DJ Scott
Section Toys - nie aangetoon
Section Birmingham Rollers - J Conradie
Section Homers - not indicated
Section Ground Rollers - G W Roux
Section Rare Variety -Damascene - Dave Lawton

**1987**
Section Norwich Croppers - Rev. R Lee
Section Blowers - Holle - F&S Knoetze
Section Kings - J Snyman
Section Gros Mondains -Nak Smit
Section Colour Pigeons - Lahore - Wesmar
Section Wattle - Dragoon - Wesmar
Section Mookees - D&G Hattingh
Section Crest Pigeons - Non - JJ Coetzee
Section Gazzi Modenas - G Laubsher
Section Schietti Modenas - J Hugo
Section Fantails - K Blaauw
Section Jacobins - JG van Zyl
Section L/F Tumbers - SA Patterson
Section S/F Tumblers - Helmet - C van Reenen
Section Eastern Frills - Satinette - L Brits
Section Owls - Sjinese Uil - JD Conradie
Section Toys - Kartelrug - CJS Möller
Section Birmingham Rollers - S&J van Wyngaardt
Section Homers - Show Racer - S&J van Wyngaardt
Section Ground Rollers - Wesmar
Section Rare Variety - Not indicated

**1988**
Norwich Kroppers - Ds Lee
Blaasduiwe (Brunner) - Ds Lee
Kings - G Engelbrecht
Gros Mondains - J Rosin
Kleurduiwe (Strasser) - F&S Knoetze
Sponsduiwe (Dragoon) - Wesmar
Mookees - Ds Lee
Kuifduiwe - Non - JJ Coetzee
Gazzi Modena - A Reyneke
Schietti Modena - H Hugo
Waaiersterte - D Malan
Raadshere - P Benadie
L/F Tuimelaars - J Forbes
S/F Tuimelaars - J&J v/d Walt
Oosterse Strikduiwe - Blondinette - GM Coetzee
Sjinese Uile - JD Conradie
Kartelrug - FJ van Zyl
Birmingham Rollers - JJ Dicks
Homers - Show Racer - L van Niekerk
Dubbel Roller - J Laubscher

**1989**
Beste Norwich Kropper - DH Fourie
Beste Blaasduif - Hollandse Kropper - MC van Denter
Beste King - JJ Snyman
Beste Gros Mondain - Jan Loots
Beste in Seksie 4 - Strasser - F&S Knoetze
Beste Sponsduif - Carrier - K Crous
Beste Mookee - AD Meiring
Beste in seksie 8 - Non - JJ Coetzee
Beste Gazzi Modena - A Reyneke
Beste Schietti Modena - A Reyneke
Beste Waaierstert - PC Schmidt
Beste Raadsheer - PJ Benadie
Beste L/F Tuimelaar - SF Naude
Beste S/F Tuimelaar - Helmet - CA Rossouw
Beste O/Strikduif - Satinette - GM Coetzee
Beste Sjinese Uil - JL Cromhout
Beste Kartelrug - FJ van Zyl
Beste Homer - German Beauty Homer - SJP Visser
Beste Grond Tuimelaar - Wesmar
Beste Skaarsras - Fairy - J R Stevens


**1990**
Die seksie-wenners is:
Norwich Kroppers - DH Fourie
Swaarrasse
Groep 1: Kings - JJ Snyman
Groep 2: Gros Mondains - not indicated
Sponsduiwe - Carrier - J Crous
Mookees D & G Hattingh
Afr. Troetel. & Trompetters - PM le Roux
Modenas
Gazzi - V Otto
Schietti - AJV du Toit
Waaiersterte - T Ryke
Raadshere - PJ Benadie
Tuimelaars:
Langgesigte - muffed - CJ Marais
Kortgesigte - CG Wrench
Strikduiwe - Satinette - L Orchard
Uile - Sjinese - DJ Scott
Kartelruê - FJ van Zyl
Birmingham Rollers - C&C Munnik
Homers - German Beauty Homer - JJ Grobbelaar
Bodemtuimelaars - J Laubscher
Skaarsrasse - Fairy - JR Stevens
**Vertoners = 115**
**Getal duiwe = 2232**

**1991**

Norwich Kropperklub - T&M van Deventer
Swaarrasklub:
Groep 1: Kings - JAS van Niekerk
Groep 2: - Gros Mondain - B de Lange
Sponsduifklub - Dragoon - Wesmar
Mookeeklub - D&G Hattingh
Nonklub - D&G Hattingh
Afr. Troetel. & Trompetterklub - PM le Roux
Modenaklub:
Gazzi - JM du Toit

## Seksie-wenners (vervolg)

Schietti - AJF du Toit
Waaierstertklub - D van Vuuren
Raadsheerklub - JG van Zyl
Tuimelaarsklub:
Langgesigte - KR Lee
Kortgesigte - J&J van der Walt
Strikduifklub:
Groep 1 - Blondinette - GM Coetzee
Groep 2 - Afrikaanse uile - R Anderson
Sjinese Uilklub - JD Conradie
Kartelrugklub - FJ van Zyl
Birmingham Rollers - LAS du Plessis
Homerklub - German Beauty Homer - PA Cilliers
Bodemtuimelaars - W van Rensburg & Kinders
Skaarsrasse - black swallow - JR Stevens
SA Blaasduif - not indicated
SA Kleurduifklub - Lahore - MPM Swart
**Getal vertoners = 143**
**Getal duiwe = 3 489**



**'n Dun Carrier van 1966**
**Eienaar SJ van Niekerk**
**- deur kunstenaar 1966**



**Mrs Ros Greenman**

There is only one thing to say about this charming lady: The Star at Shows of Yesteryear. Here she is with one of their champion white fantails.



The best norwich cropper and champion bird on show at the championship show of 1975 in Bloemfontein - bred and owned by Alex Ravenscroft of Meyerton.



**Mev Cecily Pretorius**

Sy het driemaal groot kampioen Sierduif vertoon en saam met wyle Charl vir baie jare die maandblad self getik, afgerol en uitgepos.



**Bertie Wessels van Wesmar in Bothaville. Hierdie foto is in die vroeë tagtigs van die ywerige duiwemannetjie geneem saam met 'n klompie van die grondtuimelaars. Vandag is hy 'n groot man en nog net so 'n ywerige duiweboer.**




**Hennie Coetzee van Olifantsfontein het vir baie jare gepoog om goeie gros mondains in die hande te kry. Maar voor dit het hy eers met Kings sy geluk probeer. Hy het met kleur kings begin, juis op die stadium toe die polemiek oor die kings begin het. En was hy teleurgesteld om te verneem dat sy kleur kings nie veel beteken nie? Buitendien, so sê hy, was dit eintlik net die wittes wat op skoue presteer het. So het hy dan uiteindelik na Gros Mondains oorgeslaan. By Rouxtjie het hy goeies gekoop en later saam met Jan Wiid duiwe ingevoer uit Frankryk en Duitsland. Hennie en Sonja boer saam en dit is altyd interessant om te sien hoe hulle selfs onder mekaar wedywer met hul duiwe.**



**Dr Cobus Verster**

Vroeër van Bloemfontein, Vise-President en Reklamebeampte. In 1978 wou hy reeds die struktuur van die Uitvoerende Komitee verander soos dit vandag daar uit sien. Hy was van mening dat die President en Vise-President van destyds twee dóoie ampte was. U kan meer hieroor in die uitgawe lees.



## Memorandum vir Finansiele Bystand

Na-aanleiding van sy opdrag in 1974 het Cobus Verster gedurende 1975 'n Memorandum vir Finansiele Bystand aan die Minister van Sport en Ontspanning voorgelê.

In die Memorandum is 'n saak uitgemaak waarom die departement die SASV geldelik behoort te ondersteun soos wat hy met alle sportorganisasie op daardie tydstip gedoen het.

Daar is voorgestel dat (a) dit op 'n R vir R-basis moet geskied volgens die ledetal of ledegelde; (b) die betaling van 'n salaris van 'n voltydse of deeltydse amptenaar; (c) bystand mbt spesifieke uitgawes; (d) bystand mbt reklame materiaal en (e) enige ander bystand.

Later daardie jaar in Pretoria staan die destydse Minister van Sport Dr. Piet Koornhof (self 'n duiweboer) en Hennie van der Walt (LV van Christiana) vir Warren Klopper, Gert Bierman en Alex Ravenscroft te woord oor die aansoek.

Alhoewel die vereniging as 'n sportorganisasie erken en geregistreer is, is geen geldelike bystand verleen nie. Daar is ook nooit weer aan die aspek aandag gegee nie.

## Die man van Drie Dekades - WARREN KLOPPER - Kobus Snyman



In enige instelling of sosiale vereniging, is daar gewoonlik mense wat uitstyg en besondere bydraes lewer wat stukrag en ritme aan gebeure verskaf. Wat die S.A. Sierduifvereniging betref was daar in die vroeë jare mense soos Edwin Mellish, M Hughes-Hall, Norman Verwey en andere.
Maar sedert die jare sestig tot laat in die tagtigs staan **daar een man uit wat die SASV gebou en getooi het.**

### Hierdie man is Warren Klopper van Schweizer-Reneke. Ek noem hom die Man van Drie Dekades.

Sy spore lê diep ingegrif deur die anale van die Vereniging. In die sestigerjare toe die SASV deur diep waters gegaan het met die afstigting van die Nasionale Sierduifvereniging, het hy duisende kilometers afgelê om die SASV se naam hoog te hou. Telers is besoek, skoue is bygewoon en talle en talle samesprekings is met die NSU-lede gevoer in 'n poging om die breuk te heel. **Vir hom was eenheid onder die sierduiftelers allesoorheersend, want, so het hy geglo, sou die enigste wyse vir oorlewing wees.**
Sy aandeel in die verkryging van die Rooshokke vanaf Mev Roos vir die SASV het geld en tyd geverg. Daar is honderde kilometers afgelê om hierdie hokke op Pietersburg en gaan haal waar hulle totaal verwaarloos rondgelê het; hy het dit self reggemaak en dit later weer eens op eie koste na Bloemfontein vervoer om dit in die destydse skousaal op die skougronde te berg om gereeld gebruik te word tydens skoue. Van hierdie hokke word vandag nog gebruik.

Hy was instrumenteel tot die herstel van die breuk tussen die SASV en die destydse Vrystaatafvalliges. Sy aandeel in die stigting van die destydse Beoordelaarsvereniging was een van groot opofferinge en volharding en word deur Warren as een van die talle hoogtepunte beskou; dit het grootliks gelei tot die opkoms van nuwe beoordelaars en die skoling van bestaande beoordelaars.
Ook die BANKOVS-Skild is deur sy en Cobus Verster se toedoen deur die destyds BANK OVS geskenk asgevolg van noue bande wat hulle met die Bank-OVS gehad het.

### Waarom Warren Klopper en Koos van Zyl by die Vrystaat moes aansluit

Vandag kan enige persoon op eie inisiatief by die SASV aansluit. Maar vroeër was dit nogal 'n dilemma as jy nie iemand geken het wat nie reeds lid was nie.
In 1954 besluit Warren en oom Koos van Zyl, beide van Schweizer-Reneke, dat hulle graag lid van die SASV wil word. Saam pak hulle die lang pad Heidelberg toe om mnr Naas Rautenbach te gaan spreek oor die kwessie van lidmaatskap. Mnr Rautenbach was op daardie stadium die subkomitee-sekretaris van die SASV in Transvaal. Altwee was in daardie stadium reeds jare lank duiweboere, maar niemand was eintlik van hulle bewus nie.
In Heidelberg aangekom, word hulle hartlik deur mnr Rautenbach ontvang, maar toe die kwessie van lidmaatskap bespreek word, word hulle versoek nie toegestaan nie want daar is niemand wat hulle ken om hulle voor te stel nie.
Baie teleurgesteld het hulle huiswaarts gekeer.
Lank daarna sien een van hulle 'n advertensie waar mnr PJ Liebenberg van Winburg sierduiwe te koop aanbied. Die langpad Winburg toe word aangepak en hulle ontmoet oom Liebs. Vrystaat het op daardie stadium hul eie Sierduifvereniging gehad en die twee manne word versoek om by die Vrystaat aan te sluit. Met geen ander keuse nie, doen hulle dit en oom Liebs slaag verder daarin om Warren te oortuig dat dit in hulle belang is om 'n paar pond in die vereniging in te stoot.
**So het dit dan gebeur dat Warren die Vrystaat se nuusbriefspasie in die S.A.Poultry Pigeon en Bird Magazine vir 'n jaar moes borg net om sy lojaliteit te bewys.**


### Kinders alleen grootgemaak

Sedert sy verkiesing as Voorsitter in 1961 was dit vir hom belangrik om eenheid onder die sierduiftelers te bewerkstellig. Die uitgangspunt was dat streke wel selfstandig kon funksioneer met hul eie skoue en subkomitees, maar dat die hele land by 'n sentrale liggaam, naamlik die



**PIKKET COETZEE EN DS RENIER LEE**

**Pikket en Lena Coetzee van Windhoek reis elke jaar duisende kilometers om die Kampioenskapskou by te woon. Pikket het sedert 1974 nog net een kampioenskapskou weens werkomstandighede gemis. Hierdie teler het weens volharding al verskere kere met van sy duiwe een van die top ses pryse losgeslaan, maar die groot kampioentoekenning ontwyk hom egter nog. Pikket wat so half en half op sy eie daar in Windhoek teel, het ook verskeie kere duiwe ingevoer.**
**Ds Renier Lee van Rustenburg is die President van die SASV. Hy was in die begin jare van die tagtigs ook vir vyf jaar sekretaris.**
**Hier pronk die twee telers met die Roos Gedenktrofee en die Rodger Guilemot beker gedurende 1988 in Bloemfontein.**



**MINISTER EN TOM VAN DEVENTER**
**Mooi bly mooi. Minister Kraai van Niekerk bewonder 'n Norwich Kropper. Saam met hom is Tom van Deventer van Natal. Die foto is tydens Natal se Streekskou in Pietermaritzburg in 1991 geneem.**

**WARREN KLOPPER (Vervolg)**

**Warren is hier met een van sy kampioene van die jaar 1971**



Uitvoerende Komitee moes inskakel. Die stigting van spesialiteitsklubs is ook aangemoedig maar weer eens was sentrale eenheid belangrik en is klubskoue saam met kampioenskapskoue gepropageer.
Wanneer daar met Warren se eggenote, Corrie, gesels word, dan besef jy hoeveel die Kloppers vir die Vereniging opgeoffer het. Met Warren feitlik voortdurend op die pad, moes Corrie haar kinders feitlik ma-alleen grootmaak. *"Kobus, Warren het motorkarre opgery agter vergaderings en skoue aan,"* het sy vertel toe ek met haar oor hom gepraat het. *"Niks in die sierduifhobbie wat ooit vir hom te groot of te veel nie. Hy het sy alles gegee."*

## Eie koste

Ek is daarvan bewus dat, alhoewel Uitvoerende Komiteelede vir hul koste na en van kampioenskapskoue betaal word, Warren feitlik nooit sy kostes geëis het nie. En male sonder tal het ek dit self ervaar dat wanneer jy aan hom 'n paar rand uit streekfondse aangebied het vir sy kostes om op 'n streekskou te beoordeel, dan het hy dit terug geskenk. Hy het in sy ampstermyn slegs een AJV nie gelei nie, en dit was in 1982 toe griep hom platgetrek het.

## Reise oorsee

Grootliks om sy kennis tov alle duifrasse uit te brei en om duiwe vir telers in Engeland te gaan uitsoek, het Warren tweekeer op eie koste daarheen gereis. Tydens sy eerste besoek gedurende 1962 saam met oom Anderson, het hy slegs as "steward" by die Dairy Skou in London opgetree maar gedurende 1972 het hy Raadshere op die North Hampton Brittish Timken Skou beoordeel. Cas, wat saam met hom was, het die Satinette en Blondinette aldaar beoordeel, terwyl Corrie as "steward" vir die beroemde Herhold Helliwel opgetree het. Gedurende hierdie laaste besoek het hy talle duiwe

## Warren Klopper (Vervolg)

persoonlik uitgesoek vir telers in Suid-Afrika.


Voorafgaande is maar net 'n klein kykie in hierdie groot man se rol in die vereniging.

**Die lede van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging bring hulde aan hierdie groot teler, beoordelaar en tans Ere-President van die Vereniging vir sy onbaatsugtige diens, opofferinge en selfs persoonlike ontberings wat hy en sy familie ter wille van ons geliefde stokperdjie deurgemaak het. Hy verdien die toekenning as Man van Drie Dekades oor en oor.**

Kobus Snyman

**Die Kroonstadtelers wat in die sewentigers en tagtigers aktief was:**

Frik en Sarie Knoetze
Oom Johan Botha
Die du Plessisfamilie
Bart en Sarie Griesel
Piet en Koos Terblanche
Danie en Christine Badenhorst
Pyp Fourie
Bertie en Annatjie Loubser
Nico en Rietjie Conradie
Rudolf Cilliers
Koos en Petro Swanepoel
Wikus en Sarie van Niekerk
Gert en Mariaan Pienaar
Isak en Corien Smit
BA van Zyl
Ben Nel en gade
Ben van Wyk
Wikus Prins
Chris de Beer en seuns
Attie van Aswegen
Jan Loots




**Oom Attie van Greunen van Suid-Westelike Distrikte is 'n man vir kortgesigte. Hy is reeds 71 jaar en 'n mens sal dit nie sê nie. Hy het jare gelede kortgesigte aan oom Jan van der Walt in Pretoria verkoop en onlangs weer van sy ou bloedlyne teruggekry. Oom Attie se lewenskrag hou die jong SWD-lede tans op hul tone en saam verrig hulle wonders in hierdie streek wat elke paar jaar 'n wedergeboorte beleef. Ons vertrou dat die huidige oplewing blywend sal wees. Oom Attie en Pierre Maritz was van die lede wat pragtig op die oproep om bydraes vir hierdie uitgawe gereageer het. Dankie aan julle twee.**




**BEST VARIETY 1977**

**Champion Nun** and Best in Variety during 1977 in Bloemfontein - Bred & owned by the Greenman's.



Champion Bird of 1983 at Heilbron.
Black Norwich Cropper of Rv R Lee.






## PERSONALITIES / PERSOONLIKHEDE
**Asook ander Bydraes van Lede oor die Verlede**
**Also other Contributions from Members about the Past**

## STEWART PATTERSON

by : Charles Marais



**Stewart Patterson**
Stewart is the present Treasurer of the South African Fancy Pigeon Assosiation

---

Without doubt Stewart must be one of the most well-known personalities in the Pigeon Club. Some 17 years ago I met Stewart for the first time and we have been good friends ever since.

Stewart was born in Cape Town on the 4th November 1936 and went to school at Rondebosch Boys High. He studied further at the University of Cape Town on a part-time basis while serving articles of clerkship with an international firm of accountants and then qualified as a Chartered Accountant in 1958. In December 1959, he married his wife, Gill, and in January 1960 he was transferred to the Johannesburg office. In 1963 they were again transferred, this time to London and returned some 15 months later to Johannesburg. He was admitted as a partner in the firm in 1968, transferred to the New York office for a short spell in 1970 and thereafter was appointed partner in charge of the Johannesburg office in 1977. He is a council member of the Transvaal Society of Chartered Accountants. Among his other activities he is a Council member of The Baptist Theological College of Southern Africa, treasurer and a deacon in his local church.

He tells me his grandfather showed poultry at the Cape shows in the early 1900s and he got his love for birds from him. He received his first pigeons, a pair of red Long-face Tumblers, from Norman Verwey when he was about 8 years of age.

Norman Verwey was a business colleague of Stewart's father and played a great part in encouraging him to keep pigeons. He remembers being given some red Muffed / Cleanlegged Tumbler crosses bred by Norman Verwey and Edwin Mellish in the early 1950's and exhibited in the Old Drill Hall, Cape Town in 1953 and 1954. Due to studies he gave up pigeons during 1955 and restarted in 1966 when he purchased some longfaced tumblers from Warren Klopper. In 1969 he imported some black Longfaces from Les Goad in England and followed this up with further importations of blacks and whites in 1972. These were followed in the next few years by importations of black, blue, cream and silver Baldheads and black, yellow and blue Nuns and Yellow Muffed Tumblers.

Since 1972 Stewart has become well known as a pigeon judge and has in fact judged pigeons throughout the world. For this reason one could probably say that Stewart is the best known fancy pigeon breeder in South Africa. His favourite breed is the Long-faced Tumbler.

Due to his hobby of keeping pigeons he has been in very close contact with the Rand Show and has risen to the top position at NASREC namely President and has helped greatly with the working of the finances at the Witwatersrand Agricultural Show.

He has been in charge of the Pigeon Club finances and that is the reason the finances are very sound. His extremely well ordered financial statements have become his trademark.

Over the years Stewart has kept many breeds including all the varieties of Long-faced tumblers, Nuns, Bokhara Trumpeters, African Owls, Turbits, Bellneck Rollers and now English Trumpeters, to mention a few. He has been a good judge of these pigeons as well as other varieties.
On the personal side I know that he has helped many fanciers to import good pigeons from England via Mike Knaggs and from the USA through our good friend Bob Witte. I think that Stewart himself would battle to remember how many birds he has helped to bring into South Africa.
Stewart's knowledge has contributed greatly to many South African fancy pigeon breeders both on the financial side and on the breeding side.



## GEBOORTE VAN 'N DUIWEBOER

deur Hannes Hugo

Sover terug as wat ek kan onthou, was ek maar altyd lief vir die geveerde volkie. Ek het grootgeword in die Boesmanland op die plaas Rosynebos teen die Hartbeesrivier. Kleintyd was my grootste maat 'n "makgemaakte" boesman met die naam Willem Dewee. Hy was veel ouer as ek, maar het die wonderlikste natuurkennis gehad wat ek nog teëgekom het. Dit is seker by hom wat my liefde vir die natuur grondslag gekry het sodat ek later 'n natuurbewaarder geword het.

Op die plaas was 'n put met 'n windpomp en 'n groot klipdam met 'n waterkrip waar die diere gesuip het. Wanneer die diere moes suip, is die waterkrip met 'n kraan volgemaak en dan het honderde voëls en duiwe ook kom drink. Die water was egter brak en vir drinkwater is 'n "gôrra" in die sand van die Hartebeesrivier, wat slegs in reëntye geloop het, gegrawe. Hier is dan varswater gekry. As die diere nie by die krip water gekry het nie, het die voëls en duiwe by hierdie "gôrras" kom drink. Hier het ek en Willem ure omgelê in die skadu van 'n abikwaboom om die voëls dop te hou. Toe was ek seker maar omtrent 4 jaar oud, maar ek onthou nog die wonderlike genot om hulle te kon dophou en in fluisterstemme te gesels.



**Hannes Hugo**
**'n Skitterende teler van die laaste twee dekades**

Namakwa-, tortel-, ringnek- en bosduiwe het oral gebroei en eendag kom Willem by die huis aan met twee klein bosduifies, waarvan die vere net begin uitkom het. Hy bring dit vir my om groot te maak. So gesê so gedaan. Hulle is met die mond gevoer en wonder bo wonder het albei groot en baie mak geword.

Langs die plaashuis was 'n geboutjie met dik kleimure en 'n kleidak, die sogenaamde "melkkamer", omdat dit die koelste plek op die plaas was. Die geboutjie het een venster gehad en die vensterbanke was baie breed. Die twee bosduiwe het groot geword en maar altyd daar om die huis gebly en saam met die werfhoenders kos gekry. Later het hulle selfs op die vensterbank van die melkkamer begin broei. Van die broeiery het egter nooit iets gekom nie, die nes is altyd beskadig met die oop- en toemaak van die venster. Hierdie twee bosduifies het egter veroorsaak dat ek 'n geweldige liefde vir duiwe ontwikkel het en nog baie is later groot gemaak.

Ek is toe, soos alle ander kinders, maar op sewejarige ouderdom skooltoe op die dorp. Hier het ek by mense so ongeveer 2 myl van die skool geloseer en het elke oggend en elke middag skooltoe en terug gestap. So halfpad skooltoe het 'n oom Van der Merwe gewoon. Agter sy huis was 'n groot skuur met 'n solder bo. Hierdie solder se deur was verwyder en daar het letterlik honderde mak duiwe in die solder gebroei. Dit was die eerste keer dat ek mak duiwe gesien het en ek was skoon verslae van verwondering. Vandag weet ek dat dit maar sommer 'n deurmekaar spul "commons" was, maar vir my was hulle toe letterlik die mooiste wat ek ooit gesien het. Rooies, bloues, "vales", "vosse" en bontes. Die kleure het ek nie geken nie en hulle sommer vir myself name gegee omdat ek die kleure van perde en donkies geken het en sommige kleure vir my min of meer eenders gelyk het.

**Regte Sierduiwe**

Later het ek met regte sierduiwe, waaiersterte en kroppers, kennis gemaak en was my verwondering groter. Op 'n dag het 'n skoolmaat van my gesê ek kan 'n paar van sy "Fantails" by hom koop. Ek was toe amper agt jaar oud. Ek was buiteweste van blydskap, maar die prys was kwaai en ek het nie geweet hoe om die geld bymekaar te kry nie. Hy wou 'n daalder (1 sjieling en ses pennies of 15 sent) vir die paar hê, en ek het maar 'n tiekie (2½ sent) per week sakgeld gekry en moes nog darem ander benodigdhede ook koop. Ek het in elk geval darem die koopprys bymekaar gekry en op 'n Donderdagmiddag die duiwe gaan haal want die Vrydag sou ons vir die naweek plaas toe gaan en dan kon ek hulle saam neem.

Die paar duiwe was vir my die mooiste ding wat ek nog besit het en ek dink dit het my meer plesier verskaf as toe ek my eerste motor gekoop het. Dit was 'n blou mannetjie en 'n wit wyfie. Die paartjie was in 'n kassie met draad voor in my buitekamertjie waar ek geslaap het, gehou. Daardie aand toe ek gaan slaap het het ek hulle uitgehaal en by my in die bed gesit. Ek het darem gou besef dit kan 'n morsery afgee en hulle toe maar weer terug in die kassie geplaas.

Op die plaas is vir hulle kaste teen die melkkamer se muur ingerig. Dit het voorspoedig gegaan en binne afsienbare tyd het ek 'n hele groot klomp duiwe gehad.
'n Ruk later kom 'n maatjie van my by my en sê ek moet na sy nuwe "Fantails" kom kyk. Daar gekom, sien ek die mooiste swart waaiersterte wat ek nog ooit gesien het. Na 'n gesoebat het hy die paar aan my afgestaan en gesê hy het hulle by sy neef gekry en sal maar weer by hom kry. Die neef waarvan hy gepraat het, was toe Kotie Visser van Kenhardt en ek wonder of Kotie so-iets kan onthou. Die was vroeg in die veertigerjare.

Die waaiersterte het goed aangegaan, maar omdat hulle buite rondgevlieg het, het die roofvoëls baie gevang. Muskeljaatkatte was ook lastig en het hulle later heeltemal uitgeroei.

Na die waaiersterte het ek en my jonger broer met vliegduiwe begin boer. Dit het 'n paar jaar aangehou, maar 'n muskeljaatkat het hulle ook almal een aand uitgeroei. Ek het toe in Pretoria begin werk, en is later weer plaas toe, maar vir 'n tydperk was ek sonder duiwe.

In 1963 is ek Bloemfontein toe en hier het ek vir oom Liebs leer ken en 'n groot verskeidenheid sierduiwe by sy troetel-dierwinkel leer ken. Hier het ek in 1966 my eerste paar swart Schietti Modenas by oom Liebs gekoop. Die paar was die begin van 'n swart stoet wat later baie pryse op skoue verower het en wat tweekeer die beste Modena op 'n SA Kampioenskapskou gelewer het.

In dieselfde tyd het ek vir oom Lappies, Reyn, Warren, Gert Bierman, Jannie du Toit en baie ander vermaarde duiweboere leer ken. By Warren het ek Modenas gekry, van Reyn en ook van sy broer, wyle Hannes Reyneke. My eerste seksiewenner op 'n SA-skou het ek in 1968 vertoon en ek was oorstelp van vreugde. Daarvandaan het dit al beter gegaan en in 1980 het ek die eerste keer die beste Modena op 'n SA vertoon. Dit het nog vyf keer gebeur, insluitende die twee swartes waarvan ek hierbo gepraat het. Hierdie wenners was almal duiwe deur myself geteel uit stoete wat ek van 'n paar kernduiwe, wat ek van die duiweboere wat ek genoem het, gekry het.

Die duiweboerdery het later 'n leefwyse geword en my baie plesier verskaf. Nou het ek egter nie meer een duif nie en my hart bly seer.



## TERUGBLIK OP MY JARE AS SIERDUIFTELER EN BEOORDELAAR
deur Cecily Pretorius

In 1953 het my man Charl oorgeskakel van wedvlugduiwe na sierduiwe. Ek het maar so so met Charl saam geboer, eers met Raadshere en later met rooi Kartels wat ek van 'n niggie van Frikkie van Zyl gekry het, maar was meer Charl se hok bestuurderes as mede duiweboer.

Gedurende 1964 het ek 'n paar wit Kartels op 'n skou gesien, vertoon deur Jopie Pretorius van Stelleland, en aan Charl gesê as hy van die duiwe vir my koop ek regtig 'n duiweboer sal word, omdat die duiwe wat ek tot op daardie stadium aangehou het nooit van skougehalte was nie. Die duiwe-stokperdjie het my toe behoorlik gevang.

'n Jaar of twee later het ek by Gideon Joubert van Kleinpoort van sy pragtige blou Kartels gekoop en nog later het ek geel, rooi, wit en swart Kartels ook by hom gekoop.

Die prag duiwe het behoorlik my hart gesteel en ek het intensief met Kartels begin boer, en ek was gelukkig genoeg om 'n paar jaar later die hoogste toekenning op 'n Kampioenskap-skou, naamlik die Roos Gwdenkbeker, met 'n blou Kartel wyfie te wen. Die eer het my drie keer te beurt geval. **(Red. Die enigste teler ooit wat driekeer die Roos Beker verower het.)**

Intussen het ek ook intensief met Silician en Fairy Swaels begin boer. Hoewel dit harde werk was, daar het baie tyd in die hokke moes spandeer na verveertyd om die duiwe te tooi (trim), was dit die moeite werd toe ek met 'n swart Fairy Swael die tweede hoogste toekenning op die 1970 Kampioenskapskou ontvang het.

In die sewentigerjare het ek 'n nuwe duiweras, die Sans Souci geteel, 'n spierwit duif van middelgrootte, gladde kop en lang veerpote (muffs). Ek wonder of daar nog van die eg Suid-Afrikaanse duiwe is en of die telers hulle heeltemal laat vaar het.

Omdat Charl en ek op hierdie stadium die volgende duiwe rasse in die hokke gehad het, Waaiersterte, Kings, Lahores, Satinettes, Magpies, Raadshere, Sans Souci, Norwich Kroppers, Gros Mondains, Nonne, Mookees, Sjinese Uile, Gimples, Archangles, Carriers, Dragoons, Duitse Skoonheidsposduiwe, Ysduiwe, Tuimelaars, Kartels en Swaels, was dit omtrent 'n moet dat ek vir myself as beoordelaar moes bekwaam. Die groot eer is my in 1983 aangedoen toe die alle rasse beoordelaar-sertifikaat aan my toegeken is.

As beoordelaar was my groot plesier om waaiersterte te beoordeel, wat ek op vele van ons Kampioenskapskoue gedoen het. Ek het ook natuurlik alle ander rasse op streekskoue beoordeel.

Ek het al hoe meer op Kartels begin konsentreer, daar dit die duif naaste aan my hart was. My stoet het al die kleure ingesluit en ek was bevoorreg om van my Kartels uit te voer na Engeland, Israel en die destydse Rhodesië, en in dié lande het van my duiwe hoë toekennings ontvang.

Na Charl se dood in 1987 het ek net nie meer kans gesien om met my duiweboerdery voort te gaan nie. Ek mis al die duiwevriende en byeenkomste en waardeer opreg dat van die duiwevriende my nog onthou en my skakel vir 'n geselsie. Die Knoetze-gesin vergeet nooit my verjaarsdag nie, dankie Frik en Sarie.

My liefde en goeie wense vergesel u een en almal.



## LOURENS MULLER
**deur Kobus Snyman**


**Hy spot altyd met homself - van my moet jy 'n groep foto neem.**
Hy het in 1963 op 16 jarige ouderdom met die Vereniging kennisgemaak. In 1964 skryf hy 'n oop uiltjie in die jaaroud klasse in

## GEBOORTE VAN 'N DUIWEBOER

deur Hannes Hugo

Sover terug as wat ek kan onthou, was ek maar altyd lief vir die geveerde volkie. Ek het grootgeword in die Boesmanland op die plaas Rosynebos teen die Hartbeesrivier. Kleintyd was my grootste maat 'n "makgemaakte" boesman met die naam Willem Dewee. Hy was veel ouer as ek, maar het die wonderlikste natuurkennis gehad wat ek nog teëgekom het. Dit is seker by hom wat my liefde vir die natuur grondslag gekry het sodat ek later 'n natuurbewaarder geword het.

Op die plaas was 'n put met 'n windpomp en 'n groot klipdam met 'n waterkrip waar die diere gesuip het. Wanneer die diere moes suip, is die waterkrip met 'n kraan volgemaak en dan het honderde voëls en duiwe ook kom drink. Die water was egter brak en vir drinkwater is 'n "gôrra" in die sand van die Hartebeesrivier, wat slegs in reëntye geloop het, gegrawe. Hier is dan varswater gekry. As die diere nie by die krip water gekry het nie, het die voëls en duiwe by hierdie "gôrras" kom drink. Hier het ek en Willem ure omgelê in die skadu van 'n abikwaboom om die voëls dop te hou. Toe was ek seker maar omtrent 4 jaar oud, maar ek onthou



**Hannes Hugo**
**'n Skitterende teler van die laaste twee dekades**

nog die wonderlike genot om hulle te kon dophou en in fluisterstemme te gesels.

Namakwa-, tortel-, ringnek- en bosduiwe het oral gebroei en eendag kom Willem by die huis aan met twee klein bosduifies, waarvan die vere net begin uitkom het. Hy bring dit vir my om groot te maak. So gesê so gedaan. Hulle is met die mond gevoer en wonder bo wonder het albei groot en baie mak geword.

Langs die plaashuis was 'n geboutjie met dik kleimure en 'n kleidak, die sogenaamde "melkkamer", omdat dit die koelste plek op die plaas was. Die geboutjie het een venster gehad en die vensterbanke was baie breed. Die twee bosduiwe het groot geword en maar altyd daar om die huis gebly en saam met die werfhoenders kos gekry. Later het hulle selfs op die vensterbank van die melkkamer begin broei. Van die broeiery het egter nooit iets gekom nie, die nes is altyd beskadig met die oop- en toemaak van die venster. Hierdie twee bosduifies het egter veroorsaak dat ek 'n geweldige liefde vir duiwe ontwikkel het en nog baie is later groot gemaak.


Ek is toe, soos alle ander kinders, maar op sewejarige ouderdom skooltoe op die dorp. Hier het ek by mense so ongeveer 2 myl van die skool geloseer en het elke oggend en elke middag skooltoe en terug gestap. So halfpad skooltoe het 'n oom Van der Merwe gewoon. Agter sy huis was 'n groot skuur met 'n solder bo. Hierdie solder se deur was verwyder en daar het letterlik honderde mak duiwe in die solder gebroei. Dit was die eerste keer dat ek mak duiwe gesien het en ek was skoon verslae van verwondering. Vandag weet ek dat dit maar sommer 'n deurmekaar spul "commons" was, maar vir my was hulle toe letterlik die mooiste wat ek ooit gesien het. Rooies, bloues, "vales", "vosse" en bontes. Die kleure het ek nie geken nie en hulle sommer vir myself name gegee omdat ek die kleure van perde en donkies geken het en sommige kleure vir my min of meer eenders gelyk het.

**Regte Sierduiwe**

Later het ek met regte sierduiwe, waaiersterte en kroppers, kennis gemaak en was my verwondering groter. Op 'n dag het 'n skoolmaat van my gesê ek kan 'n paar van sy "Fantails" by hom koop. Ek was toe amper agt jaar oud. Ek was buiteweste van blydskap, maar die prys was kwaai en ek het nie geweet hoe om die geld bymekaar te kry nie. Hy wou 'n daalder (1 sjieling en ses pennies of 15 sent) vir die paar hê, en ek het maar 'n tiekie (2½ sent) per week sakgeld gekry en moes nog darem ander benodigdhede ook koop. Ek het in elk geval darem die koopprys bymekaar gekry en op 'n Donderdagmiddag die duiwe gaan haal want die Vrydag sou ons vir die naweek plaas toe gaan en dan kon ek hulle saam neem.


Die paar duiwe was vir my die mooiste ding wat ek nog besit het en ek dink dit het my meer plesier verskaf as toe ek my eerste motor gekoop het. Dit was 'n blou mannetjie en 'n wit wyfie. Die paartjie was in 'n kassie met draad voor in my buitekamertjie waar ek geslaap het, gehou. Daardie aand toe ek gaan slaap het het ek hulle uitgehaal en by my in die bed gesit. Ek het darem gou besef dit kan 'n morsery afgee en hulle toe maar weer terug in die kassie geplaas.

Op die plaas is vir hulle kaste teen die melkkamer se muur ingerig. Dit het voorspoedig gegaan en binne afsienbare tyd het ek 'n hele groot klomp duiwe gehad.
'n Ruk later kom 'n maatjie van my by my en sê ek moet na sy nuwe "Fantails" kom kyk. Daar gekom, sien ek die mooiste swart waaiersterte wat ek nog ooit gesien het. Na 'n gesoebat het hy die paar aan my afgestaan en gesê hy het hulle by sy neef gekry en sal maar weer by hom kry. Die neef waarvan hy gepraat het, was toe Kotie Visser van Kenhardt en ek wonder of Kotie so-iets kan onthou. Die was vroeg in die veertigerjare.



**Lourens Muller**
Tans die Sekretaris van die Vrystaatstreek

en word deur wyle mev Lette Reyneke meegedeel dat hy die beste junior duif kon verower het as hy nie die duif verkeerd ingeskryf het nie. Eers in 1968 het hy ernstig met duiwe begin boer. Sedert daardie jaar het hy slegs een kampioenskapskou (1982) gemis.
In 1979 het hy die SA Kampioen op die Kampioenskapskou in Vereeniging vertoon met 'n Dragoon. Deur die jare het hy verskeie rasse aangehou maar die Modena bly steeds sy lieflingduif.
Lourens sê sy hoogtepunt in die Vereniging is die feit dat hy in 68 rasse getoets is alvorens hy in 1986 die jongste "Allround Judge" geword het.
Lourens is tans sekretaris van die Vrystaat en die streek se Streekverteenwoordiger in die Uitvoerende Komitee.
Lourens is 'n verteenwoordiger van Lucas in Bloemfontein en sy werk voer hom na feitlik alle uithoeke in die Vrystaat en Noord Kaapland. Hy is 'n reisende ambassadeur vir die SASV.
Lourens is getroud met Magda en uit die
huwelik is drie woelige knape gebore.




## MNR A REYNEKE VAN PARYS - deur K Snyman

**Die groot duiwemeester is al by geleenthede soos volg genoem: Die modena koning, die Arend van ons hobbie, die aristokraat van die vereniging...**

'n Skitterende mens wat met 'n lang en rype lewenservaring die fyn kuns ontwikkel het om kalmte en rustigheid uit te straal. Sy kennis van die Modena is fenominaal.
Op Brandfort het hy in 1956 met twee blou turbits begin - altwee mannetjies. Deur die jare het sy onderwysloopbaan hom vanaf Bloemfontein na Brandfort, Bethlehem, Viljoenskroon en terug na Bloemfontein gevoer. By die Hoërskool Sand du Plessis het hy tydelik nesgeskop voordat hy na hoër louere en uiteindelik, Adjunk Direkteur van Onderwys in die Vrystaat bevorder is.
Aan die einde van 1982 het hy met pensioen afgetree en hom op sy plasie Daarswater naby Parys gaan vestig.
In die jare sewentigs het hy 'n reeks praatjies oor Radio Suid-Afrika tov die vereniging en die sierduif opgestel en aangebied. Hy was ook redakteur van Die Sierduif gedurende 1971 tot 1973
Oom Reyn het met baie verskillende duifrasse geboer maar in 1957 het hy al sy aandag aan modenas begin gee. Hy het sy beste teelmateriaal vanaf sy boer wyle oom Hannes en Lettie Reyneke bekom.
Die Reyneke's was instrumenteel tot die stigting van die Modenaklub van SA aan huis van wyle Reg Gething in 1961.
Hierdie liefhebber is 'n Sierraad vir die SASV en ons eer hom vir sy kennis, sy benadering en sy kalmte.

## A W RAVENSCROFT
**by Alex Ravenscroft**

Alex started keeping pigeons at the age of 9 years and has been a fancier for 41 years.
In 1955 he won best Norwich Cropper on the Southern Suburbs Poultry Club Show held at a hall near Rosettenville Corner in the



**Alex Ravenscroft**
**He served our Club in many positions throughout the last three decades**

grounds of the Turffontein Race Course.
Alex became secretary of the Transvaal Area in 1956 when the area was at its lowest ebb, in fact was in debt. From then on he has held the following positions in the SAFPA -
Chairman of the Transvaal Area; Secretary of the SAFPA; President from 1964 for approximately 8 years and Chairman of the Judges Association for some 8 years.
He also represented the Transvaal area at Committee meetings at the Witwatersrand Agriculture Society, Southern Suburbs and Johannesburg Poultry Clubs for many years.

Through the years the SAFPA has weathered many stormy passages but has always managed to retain its identity and is now stronger than ever with many specialist Clubs as part of its expansion. Of the many changes that have taken place Alex never became a member of other Clubs and served the SAFPA in various position to the best of his ability.

To mention some of his contributions for the advancement of the Association, he was the originator of "Soeklig/Focus" on the SAFPA., presented the draft for the Constitution of the Judges Association, a job breakdown on

wapen gegee met die woord "Judge" daarop, want ek het toe ook darem al beoordeel.
Die middag op pad huis toe en sommer nog teen die skougronde en reg op die De Villiers Graaffbrug, het een van die kratte los geraak (ou Samuel het seker alleen vasgemaak) en ons hoor net planke spat in die druk verkeer. Ek het onmiddellik stilgehou en hom terug gestuur om die gemors uit die aankomende verkeer se pad te verwyder. Toe ek omkyk sien ek net Mookees en Sjinese Uile trek daar rond om die ou watertorings.

'n Hulpvaardige man het ook stilgehou om te help, maar ek was nooit bewus van hom nie. Omdat ek nie deur die agterruit van die bakkie kon sien nie, as gevolg van die vrag duiwe, het ek maar op gevoel in die truspieëls gekyk en baie stadig agteruit gery om die paar plankies op te laai.

Skielik skree hulle van agter en toe ek stilhou was dit net mooi teen die vreemdeling se motor. Hy was onmiddellik woedend en wou net sommer hier deur die voorruit my aanvat. Ek was eers stom geskrik en het maar rustig uitgeklim om die skade te gaan besigtig. Omdat dit natuurlik in die winter was het ek sommer my wit oorjas aangehou --- gelukkig nog met my "Judge-Badge" op die lapel. Die man het werklik ooral gesoek vir skade aan sy kar en met sy op en af kykery en beduiery na my, merk hy tot my verbasing en geluk op dat ek 'n "Judge" is. Net daar swaai hy sy tirade, frustrasie en woede om en vra of ek regtig 'n regter is. Met so min woorde as wat ek kon, het ek hom verduidelik dat ek en nog 25 ander regters oor die afgelope 3 dae 3256 wesens beoordeel het wat agter tralies sit en ek is nou baie moeg en op pad huis toe.

Al bleker en bleker het hy na my geluister en bevestig dat daar geen skade aan sy motor is nie; hy wou my nooi om by hom tuis te gaan as ek dan so moeg is na soveel lewensbelangrike beslissings en dat hy vertrou en hoop om nooit voor my



Die Homerklub was in 1981 gestig. Die stigterslede wat in Bloemfontein teenwoordig was, was Peet van Zyl, Steve Coetser, Manie du Plessis, Frik Knoetze, Johan du Preez, Ann Ricketts en Okkie le Roux van der Merwe. Die Homerklub is weer van meet af gedurende 1987 gestig.

as regter te verskyn nie, want dan kan ek hom ook miskien so onredelik aanvat as wat hy met my gedoen het.

Baie, baie dankie, Alex vir daardie "Badge" wat jy my gegee het, ek bewaar dit nou nog met deernis.

Die alombekende Modena egpaar die Reynekes van Mumfordstraat, Vanderbijlpark, was vir my altyd net goeie en hulpvaardige mense.

Op 'n stadium was ek afgevaardig om saam met ons predikant en 'n ouderling 'n ringsvergadering in hulle dorp te gaan bywoon. Dit was nog in my heel begin jare as lid van die SASV. Ek het hulle adres gehad en die laaste aand net na die sitting het ek en my oudste afgesit om hulle te gaan ontmoet en gou bietjie duiwe te kyk en gesels. Soos dit daardie tyd nog kerkwet was in die Ned. Hervormde kerk, moes die kerkraad in amptelike drag geklee wees en dit het beteken lang manel en wit strikdas. Die manel se "tails" het verseker gehelp om die fladderende duiwe te help keer, want daardie tyd kon ek nog nie so lekker 'n duif vang nie.

Na baie geluister van my kant en antwoorde van hulle kant, is ek daar weg met een top paar swaeldriekleur/silwer Gazzi Modenas. Toe was die prys 'n dure R5 per paar. Reynie gee toe nog vir my 'n oormerkte mannetjie/witvlerk wyfie blou/bronsdriekleur gazzi paar. Was ek in my noppies oor die groot geskenk. Die groot-groot vreugde het eers gekom toe ek uit daardie selfde paar vele eerste prys wenners en andere geteel het. Hulle het nooit 'n skoubank gesien nie, maar hulle het die fort gehou en hulle huiswerk deeglik gedoen. Ons kan hulle as voorbeeld neem ...

**Mnr A Ingle**

Die ware ou "gentleman", mnr Ingle van Greytown het altyd na die beoordeling verby is gesê:

"Who called the judge a bastard, who called the bastard a judge".

Deur die genade van die Allerhoogste is die grootste seën en geluk wat ek ooit uit my verbintenis met Sierduiwe gehad het, die samesyn met mede lede van die SASV.

Wat ek in oorvloed ontvang het was vriendskap, liefde, lojaliteit en verdraagsaamheid.

Vergun my asseblief die geleentheid om uit al die honderde lede wat ek leer ken het, net een naam uit te sonder. Toe alles en almal om my



Hennie Cloete van Transvaal



Frikkie van Zyl van Hanover



Karel Reyneke van Klerksdorp
Foto geneem in die vroeë 70's



**Ses van die bittereinders tydens die onthaal in Bloemfontein gedurende 1991. Die foto is om 02:00 die oggend geneem. Van links na regs: Phillip Nortjie (N.OVS.), Hennie Engelbrecht (N.OVS), Papmaker Engelbrecht (TVL), Koos Conradie (OVS), Frik Knoetze (Griekwas) en Dick Hattingh van die baai. Net na die foto geneem is, het die manne van die baai die snoek uitgehaal en om 03:00 is snoek geëet terwyl Papmaker die hotnotsriel op maat van die musiek uitgevoer het - hieroor het Leendert Groenewald lede reeds ingelig in 'n vorige uitgawe.**

**Die Homerklub is weer op 10 Junie 1987 in Bloemfontein gestig nadat dit blykbaar na die eerste stigting doodgeloop het. Hierdie keer was die stigterslede oom Johan du Preez (voorsitter), Koos Marais (sekretaris/tesourier), Johan du Bruyn, At Botha, Saag van Wyngaardt, Ko Crous, Lourens van Niekerk, Philip Nortjie en Willem Wessels. Die huidige voorsitter is Gerhard Loubscher en die sekretaris JC Nel, beide van Bloemfontein - inligting deur JC Nel.**



**So het lede dikwels tydens duiwedae gehelp om die maandblad in koeverte te plaas vir versending. Vir al die helpers oor 'n tydperk van elf jaar, sê ek hartlik dankie, veral aan die Mullers en die Laubschers, en by name Zelda, Sannet, Laurie, Jaco en Corné. Hierdie vyf was ware staatmakers.**

begin wegbeweeg, het een lid by my gestaan en ons skaduwees val nog steeds op mekaar. Hy is Warren Klopper. Baie dankie Warren, ek bedank en salueer jou daarvoor.

Kobus, mag ek vertrou dat jy tot hier gelees het en dit in die gees waarin ek dit weergegee het sal ontvang en verwerk.

Beste wense en baie dankie vir jou groot poging met die samestelling van die SASV Gedenkuitgawe.



## WESMAR BOERDERY

**deur Wynand Wessels.**

Wesmar boerdery sluit by die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging gedurende November 1977 aan en word verwelkom in die Nuusbrief van Maart 1978. Die manne agter Wesmar Boerdery (Martie Wessels Boerdery) is Wynand en Bertie Wessels (Bertie toe 2 jaar oud).

Die eerste jaar of twee was ek lid van Vrystaatstreek en ook Kroonstadwyk waar ek vise-voorsitter geword het nadat Frik Knoetze na Germiston verhuis het. As gevolg van die afstand na Bloemfontein vir vergaderings, het ek besluit om by Wes-Transvaal aan te sluit. Hier het ek goeie jare beleef onder die leiding van manne soos Karel Reyneke en Hannes Raath. Gedurende Maart 1982 word ek verkies as streeksverteenwoordiger van Wes-Transvaal tot 1986, waarna ek in 1987 verkies word as reklamebeampte vir een jaar. In 1988 het ek die pos van tesourier beklee in Wes-Transvaal. In dieselfde jaar is ek deur Wes-Transvaal tydens hul jaarvergadering genomineer as beoordelaarsbeampte van die SASV nadat wyle Manie Fourie besluit het om die tuig neer te lê.

Tydens die kampioenskapskou van 1988 is ek verkies tot beoordelaarsbeampte vir 'n termyn van vier jaar tot en met die kampioenskapskou hierdie jaar 1992. Ek glo dat in my jare in die SASV die laaste vier, seer seker die meeste hoogte en laagte punte in my duiwe-lewe opgelewer het.

Om net 'n paar aan die positiewe kant te noem, is die skouskedules wat uitgegee is die afgelope vier jare en veral die huidige een wat vir drie jaar geldig gaan wees. Dan ook die twee standaarde boeke waaraan daar drie jaar geswoeg en gesweet is. Ek persoonlik dink die mees gepaste stukkie werk, was sekerlik die 1992 beoordelaarsboek. Soos die spreekwoord sê: Gee jou medemens blomme terwyl hy lewe en nie vir sy begrafnis nie.
Daarom dan die buiteblad van die beoordelaarslys van 1992, wat opgedra was aan wyle Manie Fourie.

Ek wil afsluit met die volgende versoek aan lede van die SASV: As iemand sy/haar kant bring in hierdie stokperdjie, moet nie hom/haar in die rug steek omdat jy nie beter kan doen nie. Almal weet dat die beste rugbyspelers nog altyd op die kantlyn sit. Laat ons die volgende vyftig jaar **hande vat** en sê: **almal vir een en een vir almal**.

**Wynand Wessels**




## LOOKING BACK -Ken Garrod

Kobus - well done and good luck with your venture with the Special Commemorative Issue.

I became a member of SAFPA in 1966 and enjoyed those early years in Natal. A wonderful happy club with members such as - Brain Raw, Corrie van Reenen, Les Ewan, Andy Anderson, Harry Bruce, Irene Harman, Peter Plough and Ben Heydenrych. There were also gentlemen whose names slip my memories, mr Anderson (Harrismith), mr Rogers (Rollers), mr Willis (Fantails), John Bland (Holles), Errol Wills (Tumblers). I could have missed a few, a good team, and Natal was strengthened when mr Pigeon, Reg Gething, joined us. He really helped us and did wonders with compiling our book of standards - he and his wife spent many hours helping the hobby and the Natal area were very fortunate. He certainly was my teacher - (I forgot mr Ingle a fine gentleman). Dave Lawton from Rhodesia also joined us - I have good memories of those years.

---



**Ken Garrod of Merwede**

---

My first Championship Show in 1967 - I entered 10 birds and did very well - beginners luck. Best Helmet - second Bronze tri Schietti in a big class - he was beaten by an import. My African owl also did well. The thrill was meeting the big Fanciers. I was put through my paces by panels of Senior judges to obtain my judges certificates for Modenas - Lettie & Mr Reyneke. Helmets - Alex Ravenscroft and David Malan. Fantails - Dominee Malan, Michael Hugh-Halls, Francois Pienaar, Faan van der Linde and another.
African Owls - Mr Ravenscroft and Mr C de Waal (Failed). Chinese Owls - Mr Ingle and another (Gert Bierman).
I remember being offered £10 for the Helmet and the Modena (I didn't sell).

In 1972 we moved to Paarl - WP like Natal had a good team. Ben and Anne Ricketts (wonderful people). Collin Wrench, Neville

Petersen, James Chenowith, Johan Louw, Christiaan Rossouw, Stewart Torrance, Dominique Tome, Willie Robertse.
I became a member of SAFPU who were very active in the Cape, also a good bunch of chaps with excellent Modenas, Jacobins and Tumblers. When we united we shared the best of both bodies. Too many names to mention but mr Wightman was a gem of a gentleman. Ben and Anne did wonders for the hobby. Barnard Steyn and Gert van der Bank kept the Boland Area alive. The 1974 Championship Show in Cape Town was a show I will always have good memories of. The first overseas judge, Roger Guillemot, officiated. The good friends made over these years have added joy to my life.

Kobus I could write on other memories but I am afraid I might miss out on some names. I would also like to mention mr Warren Klopper who has also done wonders for our hobby.

Regards



## BOLAND BLY 'N VESTING - Barnard Steyn

My eerste ondervinding van Sierduiwe was 'n paar Dragoons wat ek persent gekry het. Eers het ek gemeen dit is 'n paar homers met groot vratte. Daarna het ek die boek, The Pigeon van Wendell onder oë gekry en ook 'n klubskou van die ou NSU (Nasionale Sierduif Unie) op Robertson bygewoon. Daar het die Gros Mondain dadelik my oog gevang.

Dit was in 1966. Later het ek van die SASV te hore gekom. Anne en Ben Ricketts was toe reeds lede van biede Unies. Kort daarna het ek gevolg. Sake het 'n paar jare later nie reg geloop nie. Ons wat lede was van die Boland Klub van die NSU het besluit om 'n Boland Area van die SASV te word.

Die Stigtingsvergadering is gedurende November 1973 by my aan huis gehou. Die volgende lede was die dag daar, sommige is nie meer met ons nie. Oom Flip Jordaan, jare lank Hoenderboer en toe Modena boer - reeds oorlede. Oom Jannie Hall van Villiersdorp, Hoenderteler, hoender beoordelaar en later duiweboer. Kol. G van der Bank, jare lank sekretaris van die Boland Area en Modena teler, Torr Emslie - Modena teler, Silwer Cream en Yellow Ochre, Donald Geldenhuys - Carrier teler - reeds oorlede, Danie Geldenhuys - Hollandse Kroppers, Mookees en Gros Mondains.

Danie Geldenhuys is nou al 'n paar jaar ons Voorsitter van die Boland Area. Hy en sy Sekretaris, Chris Frick is twee steunpilare van ons streek.

In 1974 het ons, ons eerste Boland Area Skou op Worcestor aangebied. Daar was 2034 op skou, waarvan 540 Modenas was.

Die Boland het in 1978 die Kampioenskapskou hier op Worcestor aangebied. Dit was 'n puik skou en dit is nie ons wat so gesê het nie. Warren Klopper en Gert Bierman het die Saterdag-oggend gevra waar kry julle die gees om so 'n skou te hou.

Duiwegroete
**Barnard Steyn**



## SURVEY OF SHOW PARTICIPATION
**By Rosalind Greenman**

One of the things that stands out most in my mind of the Fancy Pigeon hobby of yesteryear was the frequency of active participation by several people in many of the Area Shows. One could count on their regular attendance and a great bond developed over the years, almost to the point of "loyalty" where one felt guilty if one missed supporting an Area Show. Sometimes, as in our case, Sasolburg would appeal to us because theirs was an Agricultural Show, as was the Vaal Show, and no one could deny that the Greenmans did **SWELL** numbers, but it was swell being there as various levels, culminating in the **big one - the Grand National Championships** where ever they took place.


For us this included the central depot - the very cold weathered Bloemfontein, with the ever warm hearts of all its members who worked so hard to make everyone welcome from the times we stayed at the Maitland Hotel, till we moved north to the President Hotel, but the "hullos" were something else and again, all I can say is **"VRYSTAAT"** - you never let us down!

**Verskoon my "gemeenskap"**
Dit was heerlik and lekker en die **geselskap** was tremendous, and note, I am **not** making the faux pas I made at the Heilbron Nationals in 1982 when I spoke of the great **GEMEENSKAP** - Manie Fourie went purple: Neels le Roux went pink and Rouxtjie Roux's eyes nearly popped out of his head, toe sê ek: "Wat is NOU verkeerd?" whereupon my so-called friends proceeded to tell everyone at the General Meeting what I had unknowingly said, but so genuinely meant in the name of 'companionship', to a loud roar of Afrikaans laugther.

Being midway between Cape Town and Johannesburg, Bloemfontein certainly hosted the most Nationals and to one and all, from yesteryear to today, honouring those who have since passed on too for past efforts, we say **Thank you very much indeed for those wonderful memories Bloemfontein.**

Johannesburg also hosted Nationals and the same enthusiasm and the same amount of hard work was evident in all their efforts to give everyone a golden welcome to the Golden City. Even we, from Vereeniging, once stayed at the Johannesburg hotel because being together is half the fun. **Thank you Johannesburg for your great shows.**

Klerksdorp too hosted a National and again what a welcome we received - I think they had to build extra pens just to accommodate the Greenmans. That too was a very



**Johan Botha van Kroonstad**

**Hy was vir baie jare die dryfkrag agter die Kroonstadtelers.**

---

happy show with wonderful memories. **Thank you Klerksdorp for just everything - this was the first place where No. 1 Nun did so well.**

Worcester also hosted a National and they made us so welcome in wine-land. I assure you we felt it and we loved the wine. **Thank you too for all your efforts, Worcester.**


I must mention Pretoria because we attended a few Area Shows there and nothing was too much as they helped and assisted with our massive entries. Once when I went to collect the pigeons alone as Sam could not find a locum that day, I locked the car keys in the car. The Pretorians even found a friendly AA officer who managed to open the car without any damage and to save Sam a night journey with duplicates. Since then, I never drive without two sets of keys - one in the car and one round my neck. **Thank you Pretoria for all your friendship.**


The Heilbron Nationals I attended on the final day when the Annual General Meeting was held and then the beautiful dinner-dance at the City Hall. This was a difficult time for me - still is - but Sam was born in Heilbron and that a show should have been hosted there just a year after his passing was not easy to take. However, I had another mission - at the Presentation just prior to the dance, I donated a life size bird in memory of my beloved Sam, and since he always felt that ones progress depend on the success of ones yearlings, I specifically honoured him by making the cup the **Best Reserve Yearling on Show.** Thereafter we danced the night away and between one of Sam's school-masters who ballroom danced with me, and Manie Fourie, I danced like a spring chicken all night and lost two pounds in weight that night alone. There's our answer ladies - no pills, just dancing toes. **Thank you Heilbron for the lovely welcome to me.**

The lofts did well, in fact, far better than I ever expected, and here I must thank my partners and Rodney for their faith in our birds.

The South African Championships was a great eye opener for me, and I was most impressed with the number of entries, the number of breeders exhibiting, the judging and especially the quick handling of administrative work.

It gave me a great deal of satisfaction and pleasure to have ones whole family involved in the fancy and I sincerely hope they will all be able to attend the next S A Championships, as all being equal, I will.
B R Stevens



## DIE OU GARDE VAN BOLAND WORD DEUR LEENDERT OPGEDIEP

**Red. Hierdie rubriek verskyn aanvullend tot die van Barnard Steyn. Leendert skrywe:**

Ek het op 9 jarige ouderdom my eerste sierduif vanaf my oom Koos Beukes gekry. Manne van daardie jare wat duiwe aangehou het oa Dawid Cloete, Jimmy Croucamp, Jimmy du Toit en ene Thiart. Dan is daar ook Edward Hill, Philip Jordaan, Boetie Lourens, Jannie Hall, Danie Geldenhuys (Boland se huidige President) en Chris Frick.
Nog manne wat in herinnering geroep word, is Manie Badenhorst, wat so in die omgewing van 1 000 duiwe aangehou het en Crisjan Rossouw wat met Kings en Grosse geboer het.
Op Worcester is die Pluimvee en kouvoëlskoue baie goed ondersteun, so ook die skoue van Malmesbury, Caledon, Bredasdorp, Villiersdorp, Robertson en Goodwood.
'n Ander groot duiweboer wat vir jare die Boland aan die gang gehou het, is Gerhard van der Bank. Hy het reuse werk hier gedoen.

Beoordelaars wat in die vroeë jare baie aktief hier was, was Ben en Ann Ricketts, Barnard Steyn, Plip Jordaan en Daantjie Jordaan.
Ouer lede wat reeds oorlede is, is Dawid Cloete, Jimmy Croucamp, Plip en Paul Jordaan, Jannie Hall, Danie Steyn, Manie Badenhorst en Crisjan Rossouw.
Leendert.



## VANAF 47 TOT HIERTOE deur Paul Maritz

Jammer dat ek nie vroeër gereageer het nie, maar dood het altyd 'n oorsaak.
Ek het my eerste Kroppers in 1947 by mnr Rautenbach, destyds sekretaris van Transvaal, aangekoop. Hy het op Heidelberg gebly. Ek het drie pond vir hulle betaal. Vanaf AW Roos in Pietersburg het ek ook heelwat duiwe gekry, onder andere 'n Pigmy Pouter wat hy vir my saam met 'n klomp duiwe gestuur het.
Vanaf oom Norman Verwey het ek saalrug Tuimelaars gekry toe hy nog destyds notaskrywer van die vereniging was.
Gedurende 1976 het ek vanaf Manie Fourie Norwich Kroppers aangekoop, maar moes van hulle vir Manie terug gee toe ek in 1978 baie siek geword het agv 'n kiem wat ek in my hokke opgetel het.
Groete, Paul.
**Red. Jammer, Paul, die fotos is nie geskik vir plasing nie.**



## TWO GREAT MEN IN THE FANCY by Rodney Stevens

### 1. Ds Renier Lee

Oh, yes, die dominee. What are we going to do without him? Yes we critised and then were happy with him. Anyway those are things of the past. This is not easy shoes to fill. He served us well and tried his best (how many of us could do better?) Ds Lee, we always enjoyed your visits to our shows and know you enjoyed them to. Please except our sincere thanks from all the Natal guys for your hard work. Hope you are going to show a lot actively in the right province.
Thanks again.
**(P.T.O.)**

## 2. Kobus Snyman

Ja, wel... did Kobus work hard or was it just a cover up. Kobus not one of us want the job so we know its not easy. For all these years gone past I think each one of us know that we could have supported you more but... Thanks all the same for your faithful effort. I think you deserve a rest after 11 years. All we can say is thanks, thanks, thanks.

**Ladies and gentlemen we are losing two great men whether you agree or not. I tell you those who fill these shoes will have a lot to strive for and will need our help.**

**All the best and to both of you we give you a standing ovation and know at heart the S.A. Fancy Pigeon Association was always a top priority and still will be with you guys.**

**All our thanks**
**From the Natal Boys and Rodney Stevens.**



## A HISTORY OF ENGLISH TUMBLERS IN SOUTH AFRICA
**by Stewart Patterson**

It is not clear when Tumblers first arrived in South Africa but early fanciers such as "Long John" Hofmeyer who died in 1990, Mostert, Frikkie Langerman, amongst others, probably bred them. Muffed tumblers were first introduced into South Africa in the mid 1930's when Spencer Dey, an Englishman who had emigrated to Australia some years earlier, settled in Cape Town and brought his large stud of muffed tumblers with him. These largely comprised recent imports from England or their progeny and consisted of virtually all the self colours, with some marked muffs including black saddles, beards and badges. When he died in the late 1940's his stud passed to two brothers, Fred and Alec Pietersen, Norman Verwey and Albert Maag. As a schoolboy I often visited Maag at his home in Plumstead, Cape Town, which was only 5 km from my own, and admired his birds. I did not then (in 1948) appreciate that he was known as the Tumbler King of the Western Cape and had been responsible for much of the early development of tumblers in South Africa.

It is interesting to note the part certain prominent Cape Town businessmen played in importing top tumblers in the 1940's and 1950's. Gerald Orpen, then managing director of Syfrets Trust and first President of the SAFPA, imported red and yellow saddleback muffs from Woodroffe, a well known English fancier after the war. A fellow director, Edwin Mellish, made a number of imports of clean legs from England from 1947. Mellish had been a prominent budgerigar breeder prior to joining the SAFPA in 1944. Over a period he imported black, white, reds and yellows (from MacDougall in Scotland), and blue longfaced cleanlegs and won virtually all the major tumbler show awards between 1947 and 1955. Dr Rodney Keegan, of Keegan Trust and later a director of companies such as Hill Samuel and SA Eagle Insurance Co, imported cream cleanlegged longfaces from Les Goad in England in 1960, this stud ending up with Frikkie van Zyl.


In the late 1950's Bernie Ferreira of Uitenhage imported mealy and blue bar cleanlegs as well as black baldheads and, in 1962, Peter Vertue obtained blue cleanlegs from Stan Mirfield in England. He and Warren Klopper also imported blacks and whites from Fred Prance in the mid 1960's. These blues were quite outstanding and won the major shows for a number of years.

The next major advance was my importation of black and white cleanlegs from Les Goad in 1969. These were far ahead of local birds at the time and set a new standard for longfaced tumblers. In 1973 I imported black baldheads from Les Goad including a pair from Joe Schafer, a top US baldhead breeder.

While muffed tumblers, particularly saddlebacks, remained popular they had not improved as did the cleanlegs, in terms of the head qualities looked for in a tumbler. Warren Klopper and Kosie van Zyl imported saddles and beards from England in the late 1950's and a Hollander, JJ Strack van Schyndel, imported black, yellow and red saddles from Holland about that time. In 1966 Tobie Bothma imported 2 pairs of black mottled muffed tumblers from Holland; these were very striking birds but lacked head and muff qualities. In 1976 I imported 2 pairs of yellow muffed tumblers from George Fundel, England. These were a huge advance at the time but were eclipsed by the imports of black and red muffs Charles Marais made in 1979 and 1980 from the United States.

The 1980's saw a steady stream of imports, the most notable being 3 shipments of 90 cleanlegs in most colours from Mike Knaggs of England. Mike had judged at the 1982 Championship Show in Cape Town and on his return to England did an outstanding job in obtaining good breeding stock for our local tumbler fanciers. In the last two years Bob Witte of the United

**(Turn to page 83)**



Oom Koos van Zyl 'n Wes-Transvaler en een van die oudste lede in die SASV. Hy boer vanaf die veertigerjare met uitsluitlik Raadshere. Oom Koos het in 1954 aangesluit. Hy het sedert 1956 slegs twee kampioenskapskoue gemis - 1959 en 1990. Hy het ook 'n baie groot liefde vir Archangels.

**DIE SIERDUIF - 'N INTERESSANTE STOKPERDJIE, 'n uittreksel van 'n aanbieding op die SAUK deur A Reyneke gedurende Februarie 1975.**

Die duif, simbool van vrede, was deur die eeue heen baie nou aan die mens verbonde. Die vroegste vermelding van duiwe vind ons in die tyd van die vierde Egiptiese vorstehuis, omstreeks 3000 jaar v.C. Geskrewe stukke maak melding van duiwe wat aangehou is en die duif kom op die spyslys van een van die farao's voor.

Hierdie vroegste geskiedenis van die duif word soos volg beskryf in die Afrikaanse Kinderensiklopedie: Die volke van Midde-Asië het die duif al sedert die vroegste tye geken. In daardie dae het die mense geglo dat die duiwe deur die gode beskerm word omdat hulle veral naby tempels gesien is. Die verowerings en handelstogte is die duif uit Agter-Indië en uit Assirië na Sirië, Fenicië, Palestina en Egipte versprei. In Sirië was daar al aan die begin van die vyfde eeu voor Christus mak duiwe. Vyftig jaar later was die duif 'n algemene huisdier in Athene en ander dele van Griekeland.

Omtrent 11 jr. v.C. is daar in Italië mak en halfmak duiwe in hokke aangehou. By die beleg van Modena in 44 v.C. is duiwe gebruik om boodskappe weg te stuur. Toe die Romeine ander lande verower het, het hulle duiwe saamgeneem en op dié manier is die mak duif na ander Europese lande versprei.

**Mogol Akbar**

Ook in die Verre Ooste het die duiweteelt tot 'n liefhebbery en 'n sport ontwikkel. Meer as 'n duisend jaar n.C. het die Kaliefe van Bagdad en die sultans van Egipte duiwehokke laat bou. Die groot-mogol Akbar van Indië wat omtrent die jaar 1600 gelewe het, was 'n groot liefhebber van duiwe en het omtrent 20 000 by sy paleis aangehou. Deur kruisteelt het hy ook nuwe duiwerasse voortgebring. In midde- en Wes Europa het die duif waarskynlik eers gedurende die kruistogte en as gevolg van die Hollandse handel sy verskyning gemaak.

As ons so vlugtig deur die eeue heen kyk, merk ons dat geen ander lewende dier die belangstelling, toegeneentheid en verering van die mens so verower het as juis die duif nie. **(Vervolg bls 67)**



**At Botha en Johan du Bruyn in gesprek oor Carriers. At het enkele jare gelede 'n skitterende reeks oor die Carrier geskrywe. Johan, reeds lid vanaf 1957, is tans president van Oos-Transvaal. Hierdie twee manne is beide aktiewe lede van die vereniging. Eintlik moes ek 'n ander foto van Johan geplaas het, maar, het hy gesê, moet tog asseblief nie, ek sal jou betaal - sê net hoeveel. Wat ek nie belowe het nie, is om te sê waaroor die foto handel. Dit was in die Kaap en Johan kon twee pragtige dames nie weerstaan nie. Soos gewoonlik was die kamera gereed en siedaar, hy is vasgelê vir die nageslag en sal een of ander tyd met die nuwe redakteur van voor af moet onderhandel om nie in die warmwater te beland nie.**

**Duiwe Staaltjie: Gegewe perd gebreklik. In die sestigs ontvang Ds Malan in Bloemfontein 'n oproep vanuit Kenhardt se wêreld dat 'n teler graag sy waaiers in Bloemfontein wil skou. Ds Malan versoek die teler om sy waaiers per trein te stuur en hy sal sorg dat dit op die stasie afgehaal word. So gesê so gedaan. Daar aangekom, sien Ds dat dit "garden fantails" is en hy neem toe maar die kas skousaal toe sonder om die duiwe in die hokkies te plaas. Na die skou, skryf Ds 'n brief aan die teler dat hy vir hom twee goeie waaiers saam met syne terugstuur sodat hy darem ook goeie waaiers kan teel vir die volgende skou. 'n Paar weke later skakel die stasiemeester ds en sê hier is twee duiwe vir hom wat hy moet kom afhaal. Toe ds op die stasie kom, vind hy sy twee pragtige waaiers wat hy weke te vore vir die teler persent gestuur het. By die krat was die volgende briefie aangeheg: "Baie dankie vir die waaiers, Ds, maar u kan hulle maar terugkry want ek wil nie gebreklike goed hê nie." Soos vertel deur David Malan.**



Otto Schwarzer van Bloemfontein was op sy dae 'n ware staatmaker in die Vrystaat. Hy teel nie meer duiwe nie.

**Duiwe Staaltjie: Tydens die Krugersdorp jongduifskou in die vroeë tagtigers, kuier Frik Knoetze, Vic Otto, Gerhard van Beek, Dirk Oosthuizen, oom Cliff Viljoen en 'n paar ander manne sommer 'n hond uit 'n bos uit. Later moes hulle huiswaarts keer, maar hulle besluit oom Cliff kan nie so motor bestuur nie. Hy sal glo verdwaal... Daar word toe besluit dat Sarie vir oom Cliff sal bestuur tot by die Kloofkop afdraai. Daar sal sy stilhou, uitklim en deur Frik opgelaai word. So gesê, so gedaan. Sarie doen soos afgespreek, maar Frik (en die ander manne) vergeet skoon van die reëling en jaag verby Sarie wat langs die snelweg staan en arms swaai vir 'n vale. By die huis aangekom spot Frik nog met Boesman en Soekie dat hy nou 'n nuwe vrou het (Dirk Oosthuizen se vrou) en hulle moet haar tog nou maar as hul nuwe ma aanvaar. "Pa, jy"s in die moeilikheid," antwoord Boesman. "Ma het vanaf Kloofkop gebel en gesê julle het haar vergeet." Volgens Frik het almal nie net hul melk weggeskrik nie - nee hulle was heeltemal nugter geskrik. Frik vra toe vir Dirk, Vic en Gerhard om tog maar saam te ry, want alleen wou hy nie. "Nee," sê die manne, hulle moet dringend huistoe. So moes Frik maar alleen ry om vir Sarie te gaan haal en het hy glo les opgesê ... Veral omdat die restaurant eienaar haar vir die rukkie agter die toonbank moes laat werk, want Johannesburg is mos maar 'n woeste plek en die verbygangers kon dalk wonder vir wie sy nou eintlik wag.**



**Nico Conradie van Kroonstad. Hy en Rietjie is ware staatmakers in die streek wat onlangs gestig is. Saam met Attie van Aswegen en komiteelede gaan hulle van krag tot krag.**

### Oom Reyn oor duiwe (Vervolg van bls 66)

In die verskillende godsdienste van die wêreld het die duif 'n besondere plek ingeneem. Selfs lank voor die geboorte van Christus is dit duidelik uit die mitologie van die Semitiese volkere dat die duif 'n eerbiedwaardige plek selfs in hulle gedagtes ingeneem het. So bv. in die mitologie van die Hindoes word Komadera die god van liefde voorgestel met 'n duif as sy strydros.

### Beurs sluit agv Duiwe

Tot op die hede het eerbied vir die duif bly voortbestaan in Mohammedaanse lande soos blyk uit 'n voorval in 1925 toe daar byna 'n opstand uitgebreek het uit protes toe twee Europese seuns uit onkunde 'n paar straatduiwe gedood het. Die beurs en algemene mark het as gevolg van hierdie daad gesluit.

Volgens Hansen word die duif feitlik aanbid in afgeleë dele van die Mohammedaanse wêreld en by die duiftempel van Kapstar-Mazzar is alle goeie moslems veronderstel om van perde af te klim en die plek met eerbied te nader.

In die Christelike kuns is die duif so vroeg as die 6de eeu gebruik as embleem van die Heilige Gees. In die gekleurde glasvensters van kerke word die duif voorgestel met sewe strale wat van sewe sterre afkomstig is, en 'n simboliese voorstelling van die gawes van die Heilige Gees is. In kunswerke stel die duif wat vanuit sterwende heiliges en martelaars se monde voortkom, die menslike siel voor wat deur lyding gereinig is.

In die Bybel word daar op baie plekke na die duif verwys. Die eerste keer in Gen. 8:8-12 waar dit vir Noag inlig oor die toestand van die aarde na die sonvloed. Op etlike plekke daarna word in die Ou Testament verwys na die kenmerke van die duif veral deur Salomo. Ook in die Nuwe Testament word die duif meermale genoem bv. as beeld van die Heilige Gees (Matt 3:16; Joh 1:32).

Reeds voor die tyd van die Mosaiëse wette is die duif as offerdier gebruik (Gen 15:9) en later was dit saam met die tortelduif die enigste voël wat vir die verskillende offers op die altaar gelê kon word. Daarom is hulle ook in die voorhof van die tempel verkoop. (Matt 21:12). As rein voël kon die duif geëet word soos dit ook bv. in die huis van Nehemia elke dag die geval was.


In die gewone sosiale bedrywighede van die mens speel die duif nog steeds 'n belangrike rol.

Vanaf die vroegste tye word daar gereeld tydens die opening van die Olimpiese Spele honderde duiwe losgelaat. Hierdie gebruik word nagevolg by burgerlike en ander feesvierings waartydens duiwe met boodskappe aan buurdorpe of streke losgelaat word.

Die hoogsontwikkelde tuiskominstink van die duif is een van die merkwaardigste wondere van die skepping. Hierdie instink wat aan alle soorte eie is, is tot sy volle diepte in die moderne posduif ontplooi - daardie

**(Vervolg op bls 71)**

**Gert Bierman,** een van die vorige sekretarisse van die Vereniging. Hy woon naby Standerton en het darem nog nie heeltemal afgesterf van die vereniging nie. Gert is ere-lid. Hierdie eens groot teler het diep spore gedurende die jare 1967 tot 1981 getrap en vele hoogtepunte behaal. So het hy onder andere die sakwapen met die waaierstert ontwerp. Gert het duisende kilometers afgelê om streekskoue en komiteevergaderings by te woon. Hy bedryf tans 'n baie suksesvolle eendslagplaas. Sy eggenote, Joey, was net soos Corrie Klopper, self baie aktief. Aan beide Gert en Joey, ons opregte waardering vir wat julle gedurende jou ampstermyn vir hierdie pragtige stokperdjie van ons gedoen en beteken het. Lede kan gerus Gert se rubriek onder "Persoonlikhede" lees om meer van hierdie gewese teler te wete te kom.





Soekie Knoetze - in haar sierlike handskrif het sy duisende diplomas reeds uitgeskryf.



Chris Möller, Vise-President van die SASV is in Kimberley woonagtig. Chris teel kartelrugge en waaiersterte. Hy is ook die hoof reklamebeampte van die Vereniging

Oom Cliffie Viljoen van Kemptonpark het in 1949 lid geword. In dieselfde jaar het hy 'n besoek aan Willie Roos gebring met die idee om duiwe te koop. Veel geld het hy nie gehad nie en hy kon daardie dag slegs een magpie en 2 raadshere bekostig. Later het hy manne soos Nic van Zyl, Pieter Vertue, Bonnet en Norman Verwey leer ken vanwaar hy ook duiwe aangekoop het. Oom Cliff teel vandag hoofsaaklik met Kings, Carriers en Magpies. Oom Cliff is 76 jaar oud.

---

## Oorsprong van sekere Duifrasse:

**Die Afrikaanse Troetelduif** - **Hierdie veerpoot het eers as die German Toy bekend gestaan en oorlewing wil dit dat die duif deur AW Roos van Pietersburg geteel is deur 'n Duchess met 'n trompetter te paar. (Deur W Theunissen)**

**Modenas en Ander Duiwe: Die eerste modenas is deur luitenant Budd vanaf Kenia na S.A. uitgevoer naamlik 1 paar blou en brons Schietti's. Die duiwe was vir wyle Hannes en Lettie Reyneke. Later is 6 duiwe vanuit Engeland ingevoer vanaf Shears en Magee. Die 6 duiwe was geskenk, maar die lugvrag moes betaal word. Magee was 'n uitstaande teler van Schietti's en al sy ou duiwe is deur Hugh Morse van York opgekoop wat dan jonges geteel het en dit op sy beurt na Suid-Afrika uitgevoer het. Vanaf Magee is ook uitstaande blou en brons Modenas en ander kleure ingevoer waaruit onder andere hoogstaande swael en silwers geteel is. (Inligting deur Warren Klopper). Oom Reyn het die volgende bygevoeg: "Die lugvrag op die ses gratis duiwe het £22 beloop. Na 1960 is swart, rooi en geel schietti's vanaf Helliwell na S.A. ingevoer en nog later heelwat ander kleure."**

**"Daar is ook Strassers deur mnr Kriess van Windhoek vanuit Duitsland invoer. Van hierdie duiwe se kuikens is deur oom Reyn vanaf mnr Kriess aangekoop. Ook deur bemiddeling van Helliwell is daar o.a. Bokhara Trompetters van ene Smith vanuit Engeland ingevoer. So is Strassers en Polish Lynx's ook deur Helliwell as tussenganger na S.A. uitgevoer. Baie van hierdie duiwe is deur Hannes en Lettie Reyneke en oom Reyn ontvang."**

**In die sewentiger en tagtiger jare het verskeie telers modenas vanaf Engeland na Suid-Afrika ingevoer, veral deurmiddel van Ken Bishop. Hy het Suid-Afrika al dikwels besoek. In 1981 het Bertha Snyman, Hannes Hugo en ander telers modenas deurmiddel van wyle mnr Hollingworth met Engelse telers uitgeruil. Die swart gazzi's van Bertha se gehalte is op hierdie wyse geweldig verhoog. Willie Theunissen het in 1988 twaalf duiwe vanaf Roger Guilemot uit Frankryk ingevoer; in 1991 het hy agt van Michell Rowlands vanuit Engeland ingevoer. Vanjaar het hy die eerste modenas vanuit Amerika ingevoer vanaf Ed Loomis.**

**Kartelrugge: Dit blyk dat die eerste kartels deur Gideon Joubert in die vroeë vyftigerjare ingevoer is uit Denemarke en Swede. Die kleur was skynbaar blou, geel en swart. (Verskaf deur Mev Pretorius aan W Theunissen)**

**Swaels:** Willie Mossop, Ds Malan en AW Roos het hierdie duiwe gedurende die veertigers ingevoer. (Verskaf deur mev Pretorius aan W Theunissen.)

## Tribute to my husband Sam Greenman

**Dedicated by Rosalind Greenman**



At the time of Sam being called on High by die Great Architect above, on the 3 August 1981, he was the vice-President of die S.A.F.P.C. I spent the last three weeks of his life in the Vereeniging Hospital with him and during the time reminded him that Charles Marais had asked me for a Profile on him months before.

Well I wrote it in the hospital because then I was able to verify all the details and facts, and Sam was a stickler for the correct facts.

After reading it he made me promise I would not submit it until after he had gone, saying: "My girlie, I think you have gone to town on me - please wait" and this was his greatest quality - humility. Qualities of leadership, and with the ability of making excellent speeches embraced with his deep thinking principles always given with a strong message and always endowed with his wonderfully dry sense of humour.

In the masonic world his high office of Grand Superintendent of the Royal Arch covering the Transvaal, Orange Free State and Natal, South African Constitution, took him four to five times a week all over the country travelling with fellow Masons and he was re-appointed to this office for the **fourth** time just **two days** prior to his passing.

In 1975 his personal endavours saw the Consecration of Royal Arch chapter Parys No. 17 which in February 1987 was re-named the **Sam Greenman Royal Arch Chapter No. 17** - a great honour indeed. Within the Craft he was a Past Director of Ceremonies in Supreme Grand Lodge, South African Constitution; he held many side degrees, initiated the Jonathan Conclave No. 312 side degree in Vereeniging and this was consecrated just twenty-two days after his passing. He had been made Honorary Life Member of several Lodges and Chapters and was able to recite his ritual in both English and Afrikaans. He was also appointed by the Supreme Grand Chapter of the State of New York, U.S.A. as their Royal Arch Representative in South Africa for the S A Constitution and his masonic endeavours also extended within the ranks of both the English and Scottish Constitutions.

**He belonged everywhere, was respected everywhere and was loved by all everywhere.** In fact on his tombstone I inscribed the words: **"A Friend To All, a Friend Of All"** which says it all. Ironically in 1947 in Johannesburg his Father's Grave No. was 322 - in 1981 Sam's Grave No. was 223 -the exact reverse.

In the Pharmaceutical world he was also on Committees as Vice-Chairman of the Vaal Triangle Pharmaceutical Society for many years. He was a Charter Member of Lions International and one of its first Vice-Presidents, but was obliged to retire when pressure of Masonic duties overlapped. He was also a Charter Member of Vereeniging Round Table and Charter Chairman of Round Table in Nigel.

His past activities in the Rugby World commenced in his hometown Heilbron when at the age of 12 he played for the Heilbron School First Team and in which team he remained until he Captained the side in 1934. At the age of 29 he captained what was then the Vereeniging and Sub-Union Rugby Team representing most of the teams in the Vaal Triangle, and for a while thereafter he coached. Sam had a keen eye for a good prospect.

Sam was an orthodox Jew, proud of his heritage, and once served on the Vereeniging United Hebrew Institutions Committee. His family were early pioneers of Vereeniging. He identified totally with Israel, yet he remained a true South African, completely bilingual and was ever a "Vrystaater".

**Sam was a charitable person in both thought and deed. He subscribed to innumerable charitable organisations both locally and abroad in every sphere of life. 'Giving' was to Sam, part of daily living, never refusing a donation, but more than that he gave of himself. He as a deep thinker with quiet strength and he gave of his wisdom to one and all - big and small.** He was also a very strong man and always told the story during his rugby heydays when as a front-ranker, he heard his captain saying:

WAIT (WEIGHT) SAM, and with an all Afrikaans team, he said: 'Ek het gewag tot ek hoor iemand skreeu : Gewig, Sam. Gewig.

Sam's many qualities and the calibre of his character embrace above all great **humility, dignity and incredible fortitude** - these attributes will long be the inspiration and motivation of his family. **His most endearing features were his wonderful and dry sense of humour, his kindness, tolerance and understanding towards everyone of all creeds.** He as a kind, caring and generous husband and a devoted Father to his children, never a son-a-law, but a son and to this day, eleven and a half years on, he is still sorely missed wherever he made his mark. **"This Above All to Thine Own self be True"** forever will be the guiding light of those privileged to have known him and those of his family still around, miss him with love and pride. Unfortunately our son Brian passed away aged 37 leaving a young wife and son not yet 4, but God was good to us in taking Sam first and sparing him that anguish. I lost a loving husband who was also my best friend and my soul-mate, but proud memories make one stand tall and stay tall.

**"A man's heritage is his good name" - that name is "SAM GREENMAN".**

## Tribute to Manie Fourie
**Dedicated by Rosalind Greenman**



Sadness envelops one when one receives the heartbreaking news that a very dear and special friend has been called to Higher Service above. That person is someone who was so very highly respected by my beloved Sam and myself, and since Sam's calling in 1981, there has always been a friendly 'hullo' at shows, or a call to see how I was faring.

Manie was also one of the people who came to our lofts and helped me to sort the Mookess and the few Jacobins we had soon after Sam's passing.

His respectability and his honour and his decency stood out like a shining light whether he was giving one friendly advice at the lofts, or, more than that, whenever he was judging at minor or major pigeon shows. He was one of the fairest judges we ever met, totally unbiased, completely objective and fairminded, and his assessments were incredible.

What is more he was a first-class sport who took the good with the bad in decisions regarding his own show pigeons. I recall a momentous time for Manie at the 1974 National Championships in Cape Town when Manie magnificent Cropper was in line for Best Cropper/Best Yearling then maybe Best Bird on Show and he lost because one of the pigeon's legs had a mere two or three feathers too little. Manie gave inspiration to those experiencing his courtesy and graciousness in defeat and believe me, what he felt that day, we felt for him, such was our beautiful friendship with a beautiful person - full of character, full of fun and always at all the shows, big and small, participating or judging, but his was one of the most wonderful faces to see of yesteryear.

As a family man who could fault him - his dedication to his wife Annatjie, his son Fanie and wife Lynette and his daughter Elise and husband Abri and two grandsons - the dividend of life - Manie was always there for them all, at all times and he spoke of his home unite with affection. He was a quiet man, strong in character, in strength too, yet ever gentle as he handled a pigeon, and his soft-spoken voice was always recognisable as one of a loyal welcome friend.

To his dear wife, children and all immediate members of the family I extend my deepest sympathy - your loss is by far the greater, but for those of us who cherished Manie's friendship from yesteryear to the present time, we too feel very deeply for you all. There are no words of consolation that can possibly express what you are feeling, but perhaps you will find some measure of consolation in the knowledge that there are many family and many friends who mourn his passing. The South African Fancy Pigeon Club has lost a great stalwart, a true gentleman and a devoted friend.

**"Totsiens Manie, Ons het Jou Lief gehad".**

## Tribute to Mr Faan van der Linde
**Dedicated by Rosalind & Sam Greenman : March 1976**

'Mentor - Friend - Fantail King - our Mr Faan van der Linde who will forever remain in our hearts'.

We have not only lost the Chairman of the Fantail Club, but our guiding light and inspiration - here was one of God's angels on earth who embraced all the qualities of leadership, sportsmanship, fairmindedness, respectability, generosity and a keen sense of humour, for whatever he said and did, his whole demeanour was conducted with incredible kindness and understanding at all times.

I recall at the 1975 S.A. Championships in Bloemfontein listening to Mr van der Linde encouraging a new fantail breeder and explaining with such devotion and dedication how to handle his pigeons - how to intersperse his time between family and feathered friends - he referred to fantails as aristocratic, yet gentle and refined - how descriptive of Mr van der Linde himself for one more refined one could not hope to meet.

It is indeed sad to realise that the gentleman whose brainchild it was to present a Certificate of Honour to members within the Fantail Club, for fantails winning top awards and earning Three Special Recommendations by different judges within a two-year period, should himself receive three such Certificates posthumously.

Sam and I feel the loss of such a great and revered friend very deeply - for us, future S.A. Championships will **never be the same**. Mr van der Linde's efforts at ministerial level to try and give us opportunities for direct import from the United States of America and his untiring personal lifetime efforts, to constantly improve the standard in South Africa of Fantails in all colours to reach near perfection, will always be a source of inspiration to those privileged to have known one whose good name was synonymous with 'perfection' himself. How these little feathered friends will miss their gentle and quietly spoken owner - how deeply do we feel for Mrs van der Linde and her family whose personal loss is so tremendous for the tragic and untimely death of a devoted husband, and loving and precious father. Had we known sooner, we fantailers all, would have been at your side Mrs van der Linde, in your hours of sorrow.

We will never cease to mourn for you Mr van der Linde because we will always remember your great big heart in sharing your pigeons, 'giving away' your best, and dressing everyone elses fantails 'tails' over many years in

direct competition to yourself - often at the cost of a first place, but always willing to help and assist and encourage those who turned to you.

With heavy hearts we say 'farewell' to a very dear and cherished friend whose place in heaven must surely be a place of quiet beauty, for such was his way of life on earth - truly ons of God's 'dignified and beautiful people.'

**'Totsien en Baie Baie Dankie vir die Wonderlike Vriendskap - Ons sal jou nooit vergeet nie.'**

**(Oom Reyn oor Sierduiwe - Vanaf bladsy 67**

besondere vermoë wat hom in staat stel om oor honderde myle van onbekende land of see huis toe te vlieg.

Hierdie sonderlinge eienskap is deur die mens op vele terrein tot sy voordeel aangewend. In die dae voor die moderne kommunikasiemiddele in gebruik was, het die duif 'n besondere funksie vervul. As boodskapdraer en draer van belangrike en noodsaaklike nuus, is die duif ruim gebruik.


Die grootste bydrae het egter in tye van oorloë na vore getree. Talle gevalle is bekend waar hele gevegsafdelings hulle lewens aan posduiwe te danke gehad het. Niemand sal ooit kan bepaal hoeveel lewens gered is deur boodskapperduiwe nie. Dit is eienaardig dat die duif-simbool van vrede juis in oorlogstye sy belangrikste bydrae aan die mens gelewer het.

**Soorte sierduiwe**


Daar bestaan vandag oor die 200 duiwerasse. Hulle verskil so radikaal van mekaar wat voorkoms, kleur en grootte aanbetref dat dit moeilik val om te glo dat hulle almal oorspronklik afstam van die rotsduif Columba livia. Hierdie wilde duif is vaal van kleur met 'n groenerige band om die nek, perskleurige bors en witterige stert.




BO AANSIG VAN MODENA



SY AANSIG VAN MODENA




**Die swael van mev Cecily Pretorius was in 1970 die reserwe kampioen - Kampioenskapskou te Bloemfontein**



**Johan Laubscher van Bloemfontein beoordeel die Birmingham Rollers in Kimberley - 1991**



**Pierre le Roux van Kaapstad. Pierre is ook ons Sekretaris van die Sierduifvereniging.**



**Bill Rodgers of Cape Town. Bill was a modena breeder in black and a stalwart in the W. Province in the 70's and early 80's**



**Daan van Zyl van Vereeniging, skrywer van die skitterreeks oor Sierduiwe in die Landbouweekblad gedurende 1988.**



**Jannie du Toit van Bloemfontein. Hierdie teler is sedert die sestigs verantwoordelik vir die voorbereiding van skousale in Bloemfontein. Hy doen dit al in sy slaap. Jannie teel met modenas.**



**In 'n ontspanne luim glimlag die vier vir die kamera tydens die onthaal in Bloemfontein. Telma de Bruyn, Rouxtjie Roux, Kittie en Hansie Botes. Al vier is vurige duiwe-mense en mis gewoonlik nooit 'n kampioenskapskou nie.**

---

**Duiwe-staaltjie** **Eier in Mannetjie se hok: Sersant Botma het goeie maar duur norwich kroppers vanaf Engeland ingevoer. Oor die swart mannetjie was hy in ekstase en skou die duif vir die eerste keer vol verwagting. Die duif wen 'n eerste prys, maar O, Wee, dit is 'n wyfie want net na beoordeling sien die ander kroppermanne die eier in die skouhokkie. Sersant Botha blaas van verontwaardiging dat die teler in Engeland hom durf 'n wyfie stuur waar hy soveel geld vir 'n mannetjie moes opdok. Die eier is deur Warren Klopper in die skouhokkie geplaas en later het sersant Botha 'n sug van verligting geslaak. - ingestuur deur Warren Klopper.**

---



**Sedert die BANKOVS Skild in 1973 toegeken word vir die hardwerkenste streek, het die Vrystaat die beker die meeste kere gewen. Hier is dit weer so en vir sy reuse aandeel in die verowering van die skild, het die bestuur van die Vrysaat vir Kobus Snyman gevra om dit in ontvangs te neem. Hier oorhandig Soekie Knoetze die Skild aan hom terwyl Renier Lee, destyds sekretaris en Warren Klopper, destyds voorsitter, glimlaggend toekyk. Vanjaar sal die Vrystaat weer so maak, want hulle is so ver voor dat geen streek hulle ooit sal kan inhaal nie.**

# EDITORS OF THE NEWSLETTER / REDAKTEURS VAN DIE MAANDBLAD

## 1943 - 1960

### N Verwey, M Wightman, Ds A Malan, J Willes and Clive Druce

Die beginjare van die SA Sierduif-vereniging. Een tot twee bladsye is in die maandelikse **South African Poultry and Cage Bird Magazine** afgestaan. Verskeie lede het as koördineerder opgetree maar mnre Norman Verwey, Mervyn Wightman, J Willes, Ds Malan en later Clive Druce het meestal die skryfwerk behartig. Uit berigte kan afgelei word dat kommunikasie die vereniging se grootste probleem was.

Selfs in die vroegste jare is probleme met nuus en die skryf daarvan ondervind. In die Maart 1946 uitgawe skryf mnr E Mellish, destydse voorsitter: **"I feel an apology is due to all members for the failture of our January and February notes..."** En weer in April 1949 word daar o.m. soos volg geskryf: **"The H.Q. Committee wish to apologise for the lapses of our Notes Writer..."**

Selfs mnr Mervyn Wightman was meer as een keer met sy hand in sy hare toe hy die volgende stukkie in die Januarie 1948 uitgawe kwytgeraak het: **"I am told that the reason why some members are keeping their breeding results and activites behind an iron curtain of secrecy, is because they intent dishing out a few surprises at the next show season."**

In 1958 probeer 'n sekere mnr Joop Kamps van Johannesburg om 'n tydskrif van stapel te loop wat net oor duiwe handel. In Junie dieselfde jaar breek die Posduifmanne weg van die **SA Poultry, Pigeon en Bird Magazine** en hul eie tydskrif verskyn onder leiding van mnr Kamps.(Hierdie tydskryf, terloops, het ook maar soos Die Sierduif, sy hoogte en laagte punte belewe.)

Volgens die Augustus 1958 uitgawe van die SA Poultry is mnr Clive Druce op die AJV in Pietermaritzburg as notaskrywer verkies en het hy die bydrae in genoemde tydskrif vanaf Augustus 1958 gelewer.

In 1959 is mnr H Lovell as Notaskrywer verkies maar slegs enkele bydraes het uit sy pen verskyn.

Julie 1958 se uitgawe van **SA Poultry, Pigeon en Bird Magazine** lewer 'n stukkie verrassing op. Drie bladsye word aan die SASV afgestaan en vier bladsye, kompleet met embleem en al, aan die OVS Sierduifvereniging, geskryf en saamgestel deur mnr PJ Liebenberg. Hy skryf ondermeer die volgende:

**"Baie sal seker verwonderd wees om te sien dat ons nou 'n plek in die "Mag" het. Die koste in verband hiermee** (die spasie) **is vir 'n jaar betaal deur mnr WLT Klopper..."**

**Wanneer u hierdie rubriek gelees het, sal u weet hoe redakteurs moes swoeg om "Die Sierduif" vir baie jare onder soms moeilike omstandighede aan die gang te kon hou. Mense wat vir baie nagte, wanneer lede al rustig slaap, voor die tikmasjiene moes deurbring om hierdie medium van die stokperdjie betyds persgereed te kry. Ja, die maandblad is deur al die jare heen, steeds die bindende faktor tussen lede en sal dit ook so in die toekoms wees. Die saamstel daarvan is egter 'n reuse taak.**

Die res van die spesifieke uitgawe is aan skou-uitslae gewy en dit blyk dat die skou in Bloemfontein 1 200 duiwe opgelewer het en dat twee beoordelaars al die duiwe moes beoordeel, nl Ds Malan (1 000) en mnr MG Bonnet sowat 200.

Vir die volgende paar maande verskyn beide die verenigings se tydskrifte gelyklopend en oorvleuelend tot aan die einde van Junie 1960 toe die S.A. Poultry, Pigeon en Bird Magazine na 'n tydperk van 49 jaar gesluit is.

Vanaf Julie 1960 sou nuus oor die SASV in die S.A. Racing Pigeon verskyn.



Mr M Wightman

### 1960 - 1961 - Warren Klopper (en vir 'n paar maande, Cas de Waal)

Nadat die S.A.Poultry Pigeon en Bird Magazine, finaal toegemaak het, was die SASV in 'n moeilike situasie. Geld

# BLOEMFONTEIN - DIE KONGRESSTAD

## U KAN OOK DIE KONGRESGERIEWE IN ONS NUWE BURGERSENTRUM GEBRUIK

Die Burgersentrum beskik oor drie ouditoriums vir lesings en aanbiedings met die nodige geriewe.

**Die groot ouditorium vir kongresse, lesings of aanbiedings kan bykans 300 mense akkommodeer. Die twee klein ouditoriums bied elk sitplek vir 60 mense.**

- Rekenaar-koppeling - selfs van buite Bloemfontein af vir oorhoofse projeksies.
- Lapel-mikrofoon vir lesings.
- Lugversorging.
- Beligting : Verskillende fases en intensiteit.
- Klankdigte geriewe vir die media of vertalers.

**Die twee kleiner ouditoriums beskik ook oor 'n klankstelsel, 'n staan-mikrofoon en lugversorging.**

Die groot ouditorium bied sitplek vir bykans 300 mense en beskik oor die modernste geriewe vir kongresse, lesings of aanbiedings in 'n weelderige atmosfeer.

VAN DIE GERIEWE IS :

- Mikrofone by kongresgangers se sitplekke.
- Uitswaaisitplekke wat permanent gevestig is.
- Videofasiliteite in volkleur en vir gebruik met al drie die internasionale dekodeerderstelsels : PAL, NTSC EN SECAM.
- Groot skerms vir projeksies (2m x 1,5m), ook vir skryfieprojektor.
- Elektroniese oorhoofse tru-projektor.

**Die onthaalsaal bied sitplek vir 200 mense. Hier word onthale toegelaat, asook danse. Die saal beskik oor 'n klankstelsel, mikrofoon en 'n permanente laserskyfspeler. Die kombuis is tot die huurder se beskikking. Die bestaande geriewe vir onthale en kongresse in die Stadhuis is steeds ook beskikbaar vir publiek.**

**HUURGELD :**
(per dag of gedeelte van 'n dag)

- Groot ouditorium . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . R500
- Twee klein ouditoriums (elk) . . . . . . . . . . . . . . . R150
- Kombuis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . R400
- Onthaalsaal (kombuis ingesluit) . . . . . . . . . . . . . R400

**BESPREEK BY DIE DEPT. VAN DIE STADSEKRETARIS, TEL. (051) 4058470**

was daar nie vir 'n eie tydskrif nie en daarom is met die S.A. Posduif onderhandel om nuus te plaas.
In Julie 1960 word mnr Klopper as Notaskrywer aangestel en druk hy die finale onderhandelinge met die S.A. Posduif deur.
In die Augustus 1960-uitgawe, skryf die Redakteur van die S.A.Posduif die volgende: *"Fancy Pigeons who were left homeless since the SAPP&B magazine folded its covers for the last time in June 1960 ... will have a distinctly seperate part of our magazine..."*
In Augustus 1960 verskyn sierduifnuus, steeds onder die bekende briefhoof,in die S.A. Posduif onder redaksie van Warren. In die uitgawes daarna, volg hy dit getrou op met nuus vanoor die hele land, maar in Desember 1960, kom die ou probleem weer te voorskyn naamlik dat lede nie berigte instuur nie: *"Kry ons die informasie vir die nuwe tydskrif? Nee, want ons skryf nie ... dit is nie nodig dat ek skryf nie ... daar is mos baie ander lede wat kan skryf,"* het hy lede probeer aanmoedig. Maar dit het nie juis veel gehelp nie, want in drie van die volgende uitgawes moes hy noodgedwone nuus plaas wat uit ander tydskrifte oorgeneem is.
Nadat Warren as voorsitter verkies is, het die taak van Notaskrywer vanaf November 1961 op die skouers van Cas de Waal geval. In die Januarie 1962 uitgawe versoek Cas vir Warren om iets vir die nuusblad te skrywe omdat *"Our Noteswriter is very discouraged by the lack of support from members (and) made a desperate appeal to me for a contrubition of his January notes."*
Die Apriluitgawe het weer te veel nuus en sommiges moet oorstaan tot Mei. In Junie is daar weer niks met die volgende opmerking: *"Our apologies - No notes had been received when we had to go to Press - Editor of the S.A. Racing Pigeon."*
In die Julie, Augustus en September 1961-uitgawes verskyn geen bydraes nie, maar intussen het die SASV reeds sy eie nuusbrief begin uitgee.

## September 1961 - Junie 1965
## Wyle Mev Lettie Reyneke

In September 1961 het die eerste Nuusbrief van die SASV verskyn. Ek kon egter nie my hand op hierdie uitgawe lê nie, maar in die tweede uitgawe wat in April 1962 onder redaksie van wyle mev Lettie Reyneke verskyn het, skryf die destydse voorsitter, Mnr WLT Klopper die volgende:
**"This copy of our own newsletter is the result of the favourable impression which our first issue made. Members expressed their appreciation towards Rev Malan for undertaking that step in September last..."**

In April 1965 verskyn die maandblad onder 'n splinternuwe omslag, gedruk deur Nigel Press. Die destydse onder-voorsitter van die SASV,
mnr Reg Gething het onder redaksioneel die volgende geskryf:

**"With this the first issue of our new magazine... " "Ek vertrou van harte dat hierdie eerste uitgawe van die nuwe tydskrif 'n nuwe en voorspoedige era in die**



Wyle Mev Lettie Reyneke

Hierdie dame is een van die handjievol vroue wat diep spore in die SASV getrap het. Sy was o.m. redakteur en sekretaris van die SASV en het die manne behoorlik die loef afgesteek met veral haar uitstaande Modenas. Ek het die voorreg gehad om haar en wyle oom Hannes te leer ken. Uit erkentlikheid vir wat hulle vir die sierduifstokperdjie gedoen het, het Frik Knoetze en ek hulle genooi om tydens die eerste volwaardige Modenaskou in 1978 te Kroonstad die duiwe te kom beoordeel nadat hulle lank nie meer aktief was nie.

---

**bestaan van die SASV sal inlui. Laat ons die verlede vergeet ... Laat ons almal saamwerk en saamstaan vir 'n gemeenskaplike doel - die uitbouing van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging en die versterking van bande tussen lede."**
Gedurende 1964 was wyle mevrou Lettie Reyneke ernstig siek en vir lang tye in die hospitaal. Die Sierduif het dan ook asgevolg hiervan gedurende die laaste helfte van 1964 nie gereeld verskyn nie.

Die April 1965 uitgawe is weer eens gedruk deur Nigel Press. In hierdie uitgawe skryf wyle mev Reyneke die volgende en bring o.m. 'n groot waarheid onder lede se aandag:

**"Grootliks te wyte aan my lang siekbed het lede ongelukkig die nuusbrief baie ongereeld ontvang en in die afgelope paar maande glad nie. Hieroor vra ek weer eens om verskoning. Ek wil dit egter baie pertinent onder u een en almal se aandag bring dat u almal aandadig is aan die mislukking of sukses van die nuusbrief"** (Onderstrepings weggelaat.)

'n Entjie verder aan, kom nog 'n waarheid na vore en dit is dat lede, ongeag wat ook al met 'n notaskrywer of

redakteur verkeerd loop, behalwe doodgaan, hewig ontsteld of ontstoke kan raak as 'n nuusbrief nie in die pos beland nie. Sy skryf onder andere die volgende:

**"Please also remember that pigeon keeping is a hobby and that those people who accept office do so for the love of the hobby and for no other reason whatsoever. "Om die pligte van ampsdraer na te kom verg vele opofferings in tyd, geld en ander persoonlike belange. Moet asseblief nie van u ampsdraers verwag dat hul hierdie stokperdjie 'n roeping moet maak terwyl u ander lede dit net as 'n stokperdjie mag beskou en verder u die reg voorbehou om u ampsdraers sterk te kritiseer nie... No individual can keep a newsletter going when no news is received from either areas or individuals; when fanciers of long standing and experience when approached to write articles on their experience or on a particular variety of pigeon do not even respond."**

## Julie 1965 tot April 1968
## Wyle Ds AF Malan

Ds Malan was David Malan se vader. Hierdie begaafde waaierstertteler het al sedert die vroeë dertig jare met die stigting van die SA Fantail Club te doene gehad. Hy was o.m. ook verantwoordelik vir die eerste selfstandige uitgawe van "Die Sierduif" in September 1961.
In sy eerste redaksionele kommentaar, na sy aanstelling as Notaskrywer in 1965, raak Ds Malan die volgende humor kwyt:

**"Ek groet alle duiwe liefhebbers van die broederskap. Wat het julle tog nou weer aangevang? Dink julle regtig dat julle nou die regte man beet het om die Nuusbrief te hanteer? ...Al is julle nie tevrede met die resultate nie, hou tog maar die kritiek vir julleself."**

En dan kom hy met die volgende stukkie klinkklare waarheid:

**"Onthou hierdie taak is 'n ondankbare taak. Uit ondervinding van die verlede toe ek jare gelede hierdie taak moes verrig, het ek geleer dat lede oneindig veel verwag, en nie eintlik gewillig is om 'n bydrae te lewer nie."**

Iewers in hierdie uitgawe verskyn afdrukke van duiwesketse wat destyds met groot moeite en tyd geteken is.
Februarie 1968 was geskeduleer om 'n Norwich Kropperuitgawe te wees, maar Ds Malan rapporteer in die redaksionele kommentraar soos volg:
"Well friends you will not believe it but I have not received one single article about Croppers..."

In Februarie 1968 kondig Ds Malan sy bedanking as notaskrywer aan. Iets moes hom hewig ontstel het, want hy skryf onder andere:
**"Aangesien dit onder my aandag gekom het dat daar in hoë kringe ontevredenheid heers oor die Nuusbrief, het ek besluit om te doen, wat ek al lank oorweeg het, naamlik om hiermee te bedank as Notaskrywer."**

In die daaropvolgende nuusbrief vind 'n briefwisseling plaas tussen ds Malan en die destydse President van die SASV, wat daarop dui dat alles nie tov die verhoudinge reg was nie.

Nou, na baie jare, kan 'n mens tog die byt uit die woordewisseling haal en dit met humor kleur, veral toe ds Malan soos volg op die president se brief antwoord:

**"Daar het jy dit nou. Ek kan my byna verbeel ek is 'n snuiter wat 'n vreeslike misstap begaan het en nou ... behoorlik uitgetrap word. Volgens die trant van die brief moet selfs ek vergeet dat ek byna sestig jaar oud is.**
**"Meneer ... , ek sal bly wees as u my in die toekoms sal aanspreek as Ds Malan."**

Tenspyte van Ds Malan se klaarblyklike misnoë, het hy nog vir baie jare bydraes tot Die Sierduif gelewer. So skryf hy onder andere in Desember 1970 die volgende:
**"Enig iemand wat bevoorreg is om die skone wêreld van die Sierduif te ontdek en daarin mag lewe is waarlik bevoorreg, omdat dit 'n vreugde en genoegdoening meebring wat ons lewe verryk, 'n ervaring, wat hulle wat nie in hierdie stukkie skeppings paradys wandel nie, tot hulle skade mis. Dit is asof die wêreld van die Sierduif daar gestel is om 'n bron van vreugde en vrede te wees vir elkeen wat met die regte gesindheid daarin leef.**
**"Daar is seker nie 'n mooier wêreld as die van die Sierduif nie. Daar is geen'hooby' wat meer vreugde en blydskap verskaf en meer kalmerend werk in ons lewens nie."**
**"As ons dink watter mooi vriendskappe gebore is in die duiwe wêreld, tussen mense met sulke verskillende agtergrond en lewensuitkyk, dan besef ons watter gawe God aan ons in ons gemeenskaplike duiwe belange gegee het."**

---



**Ds Andre Malan**
Hierdie groot teler is in Julie 1984 oorlede. Die AF Malan Gedenkskou van die Fantail Klub is na hom vernoem.

## Mei 1968 tot Junie 1971
## Charl en (Cecily) Pretorius

Die Nuusbrief was sedert 1971 in sy kinderskoene en is met groot moeite getik en afgerol. Wat noteskrywers of dan, redakteurs, in hierdie moeilike jare vermag het, verdien net ons hoogste lof.

In die Mei uitgawe van 1986, noem wyle Charl Pretorius dat die Uitvoerende Komitee hom as Notaskrywer gekoöpteer het tot tyd en wyl iemand anders aangestel is. Hy skryf in daardie uitgawe die volgende:

**"I accepted this post very unwillingly because I do not consider myself capable enough to carry out the duties of a Noteswriter to the satisfaction of our members, but I am prepared to assist until a more capable person is elected."**

Wyle Charl Pretorius, met die hulp en bystand van mevrou Pretorius sou egter tot en met Junie 1971 die nuusbrief behartig.

Mnr Gert Bierman, toe sekretaris van die SASV skrywe in die Mei 1971 uitgawe



**Charl Pretorius**

Charl Edmund Pretorius born in 1913. He bred pigeons form the age of five years, Fantails to start with and after that Homers and in 1939 seriously with racing pigeons. In 1953 he sold his racing pigeons and started with Carriers and Norwich Croppers. In 1963, after his move to Johannesburg he started with Dragoons and various other breeds. In 1963 he and his wife became life members of the SAFPA. Charl was a founder member of the Dragoon en Carrier Club of Transvaal. In 1981 he sold his Carriers and Dragoons and started with German Beauty Homers but had to give this up in 1985 through ill health. Charl was editor in spite of having a heart attack in 1969. Although he could not continue as an active member he never lost his keen interest in the hobby. Charl died in 1987.

soos volg:

**"... is dit met groot spyt, wat grens aan hartseer en benouing, dat ons ook hiermee kennisgee dat mnr CE Pretorius bedank het as Notaskrywer... Aan die bekwaamheid, getrouheid en dienswilligheid het dit nooit ontbreek nie. ... Oom Charl en tant Cecily as Notaskrywer en uitgewers sal ons u sekerlik mis."**

Wyle oom Charl lig die sluier in latere uitgawes waarom hy eintlik moes bedank. Alles het oor rand en sent gegaan en die Uitvoerende Komitee het om koste te bespaar, 'n ander uitgewer gevind wat die nuusbrief teen 45c per jaar per lid goedkoper kon druk.

So het wyle oom Charl van die pos afstand gedoen: **"... I feld that I could not do justice to our monthly publication with the printer 160 Kilometers away from me...**

**"... I therefore say farwell to our Members, with best wishes to my successor...**

**"Finally my thanks to my wife who helped me to publish the Newsletter. Many a time the two of us worked until the small hours of the morning to be able to get the 400 odd Newsletters to the post in time. Thank you Cecily."**

In verdere briewe kan 'n mens die hartseer wat in hom geheers het baie duidelik aanvoel.

## Julie 1971 - Mei 1973
## A Reyneke

Nadat wyle Charl bedank het, is die Julie 1971 nuusbrief se radaksionele kommentaar deur mnr Ben Ricketts geskrywe. Hierdie nuusbrief wat klaarblyklik in 'n gedrukte vorm moes verskyn, is ook afgerol. Vanaf Augustus 1971 tot Februarie 1972 is die maandblad deur Dreyers gedruk. Vanaf Maart 1972 tot Mei 1973 is die nuusbrief weer afgerol omdat dit duidelik was dat drukwerk die vereniging 'n aardige bedraggie gekos het. Ongelukkig kon ek nie al die uitgawes van hierdie jare opspoor nie.

Soos ons oom Reyn ken is hy 'n meester as dit kom by die gebruik van sy taal.

In Desember 1971, skryf hy die nuwe jaar soos volg tegemoet:

**"Hoe oop is ons gemoed hierdie tyd van die jaar nie vir die beplanning van goeie dinge nie.**

**"Hoe gulhartig en opreg wens ons nie vir ons medemens die allerbeste vir die nuwe jaar toe nie.**

**"Laat ons hoop dat hierdie wellewendheid die toets van die tyd sal deurstaan - dat môre en oormôre, in die hitte van die stryd ons nog vir ons medemens 'n plekkie onder die son sal gun, ja miskien selfs 'n koeltetjie onder ons eie boom..."**

Wat veral opval is die pragtige voorbladfotos van die 1971-uitgawes. Van die fotos verskyn in die uitgawe.

Tot en met Mei 1973 sou hierdie begaafde onderwyser, skoolinspekteur en later Adjunk Direkteur van Onderwys

throughout the country. In 1974 het Bertha Snyman daar uit Suidwes die volgende oor die hooggewaardeerde nuusbrief te sê gehad:

**"Ek voel al soos maljan onder die hoenders, die enigste aktiewe duiweboer (of is dit boerin) onder die duiwetelers in Suidwes. Baie dankie aan Ben Ricketts vir sy enorme poging. Dit is 'n genot om die rooi boekie oop te slaan."**

In sy termyn as redakteur het die volle kwota van 60 nuusbriewe verskyn. Sy grootste eienskap was die optimisme en onpartydige redaksionele kommentare. Nooit het hy iemand te nagekom of met woorde probeer seermaak nie.

Ben was ook die man wat daadwerklik sukses behaal het met die telersregister op die agterblad soos ons dit vandag nog ken. Ja, so lewer elke redakteur maar sy inset op iets wat vir baie jare later nog van toepassing is.
So het Ben Ricketts van die amp as Notaskrywer afstand gedoen nadat hy nie meer sy weg oop gesien het om met die groot taak aan te gaan nie:
Julie 1979: **"During my years as noteswriter I endeavoured to imbue our organisation with a sense of orderliness. It was my objective to use our Newsletter as a medium to assist in establishing a happy society; a society of members who considered themselves one big family with a common hobby - the pigeon. For these reason there were many letters which I did not print or which I printed in an abbreviated or amended form. Above all, I tried to be impartial as I considered this attribute to be of paramount importance...**
**"Lastly, I would like to thank all of you who have expressed appreciation of my work as Noteswriter. Your kind thought and good wishes have created a warm glow in my heart which will remain with me for a long, long time."**


So het Ben dan afskeid geneem van die pos van Notaskrywer, maar hy sou nog vir baie jare aanbly as Onder-voorsitter van die SASV.

## 1979-1981: Charles Marais

Charles J Marais was editor for two years.
His most famous words to the present editor was: "Good luck to you. To be editor is a hard and never ending story."

Charles beskou die Spesiale Modena-uitgawe van 1980 as die hoogtepunt van sy redakteurskap. Hierdie besondere uitgawe was die eerste waarvan sommige bladsye in kleur gedruk is.

Hy was ook verantwoordelik vir die eerste volskaalse Spesiale Skou-uitgawe wat jaarliks in Augustus verskyn. Charles het baie moeite gedoen om voorslag fotos op skou te neem.



Charles Marais

## Julie 1981- Junie 1992 Kobus Snyman en (Bertha 1987-1988)

In die elf jaar het 122 uitgawes uit hul penne gevloei. Hulle het gedurende 1984 tot 1987 weggedoen met die A5 grootte en na A4 oorgeslaan voordat lede versoek het om na die A5 grootte terug te keer.

Die idee aan 'n Gedenkuitgawe is gedurende November 1991 in die huis van die Snyman's gebore.


Kobus Snyman as redakteur was sowel bemind as onbemind. Gedurende sy ampstermyn was hy daarop ingestel om die SASV en al sy lede te dien. Waar hy van mening was dat sake skeef loop, het hy nie geskroom om daaroor te skryf nie. Vir hom was Die Sierduif die medium waardeur lede met mekaar kon praat en ook hul frustrasie kon lug. Baie briewe is egter in gewysigde vorm geplaas, of glad nie as aantygings teen lede te erg was.
Die elf jaar wat hy en Bertha saam die nuusbrief hanteer het, sal waarskynlik nie maklik oortref word nie.

In 1986 is hy as Onder-Voorsitter verkies en 'n jaar later is die Grondwet gewysig dat geen U.K.-lid twee poste mag beklee nie. Hy moes noodwendig as Redakteur bedank en Bertha is op die Uitvoerende Komiteevergadering as Redakteur verkies. Nadat sy in 1987 bedank het, het Kobus van die Onder-Voorsitterskap afstand gedoen om weer die maandblad te behartig. Vir hom was stabiliteit in die mondstuk van die Vereniging baie belangrik.
Sy skertsing met lede in sy redaksionele kommentare was oorwegend gewild want vir hom was dit 'n manier om met lede te kommunikeer en lewe aan die maandblad te gee.

Daar was ook die ontevredenes wat hom gedurende 1986 skerp aangeval het oor die koste van die maandblad. Hy het nie geskroom om hul saak in die maandblad te publiseer nie want so het hy geglo, dit is reg en goed dat lede op die hoogte bly van alle sake.

Twee baie ongelukkige stukkies publikasies, waaroor hy baie spyt is, is sy 1989 opmerkings oor die Uitvoerende Komiteelede wat nie hul werk doen nie en die 1990-

modena prestige skou. Daaroor kan u iewers in die uitgawe lees.
Om die maandblad te help finansier het hy in die elf jaar meer as R8 000 aan borge en advertensie gewerf en daarom is daar dikwels maandblaaie van tot 48 bladsye per uitgawe gedruk.
Soos alle redakteurs voor hom, het hy soms te veel, maar meer dikwels feitlik geen bydraes van lede ontvang nie. Ook is hy, soos sy voorgangers, dikwels gekritiseer as maandblaaie laat was.
In die elf jaar, selfs toe Bertha die nuusbrief vir 2 jaar saamgestel het, is 63 skoue bygewoon, 28 duiwedae en is bykans 2 000 fotos van duiwe, mense en gebeure afgeneem. Vele van hierdie fotos het in Daan van Zyl se duiwereeks in die Landbouweekblad (1988) verskyn.
Lees "Die lief en leed van 'n Redakteur" wat iewers in die uitgawe verskyn.



Willie en Martie Theunissen van Lambton Gardens, Germiston. Hul groot liefde is modenas en Afrikaanse Troetelduiwe, hoewel hulle nog 'n paar ander rasse ook het. Willie het die afgelope klompie jare modenas vanuit Frankryk, Engeland en Amerika ingevoer. Hy is die eerste teler wat modenas vanuit Amerika ingevoer het. Ek het sy Amerikaners op die Prestige skou gesien, en wat ek gesien het, hou ek van. Hierdie duiwe het beslis, oor die algemeen gesien, baie minder foute as die S.A. duiwe. Wat ek al die jare beweer het, blyk waar te wees: Die Amerikaanse duif is kleiner, maar balans, bene en kop in verhouding met die lyf is, wat my betref, skitterend.



**Bertha Snyman**

Bertha Snyman is een van die min aktiewe duiwetelers onder die dames en was vir twee jaar redakteur van die maandblad. Sy was onpartydig en het in die twee jaar geen kritiek teenoor enige persoon of instansie geplaas of self uitgedeel nie. Wat sy te sê het, sê sy gewoonlik reguit en hoef niemand te wonder waar hy of sy met haar staan nie.



Reuse Jan van den Berg, tans stoeipromotor in Bloemfontein, was eens op 'n tyd een van die voorste telers van Engelse Langgesigte. Vir dae sou hy voor die hok sit en bekke fyl. Groot Jan, soos ek hom graag noem, het dikwels onder telers ingeklim en die wêreld vir hulle behoorlik warm gemaak. Ek en hy het ook ons verskille gehad, maar die afgelope twee jaar is ons weer groot maats, soos dit tewens vir baie, baie jare was. Dit is hoe dit hoort - praat die ding uit en gaan voort met die lewe asof niks gebeur het nie. Dankie daarvoor, Jan van den Berg.



**Archangel van oom Koos van Zyl van Schweizer-Reneke**

**Hannes Homan** is lid vanaf 1959 en woon in Transvaal. Hy is oorwegend 'n blaasduif en modenateler. Hy is een van ons baie aktiewe Senior Beoordelaars. Jammer, Hannes ek het nie 'n foto van jou nie, maar omdat jy soveel vir die Vereniging opoffer, kan ek nie nalaat om hierdie paragraaf te skryf nie.

---

## Coen Butler sê - Dankie Kobus Snyman

Die **Gedenkuitgawe** kan nie volledig wees sonder om hulde te bring aan die man wat vir die afgelope elf jaar sy alles gegee het as Redakteur van ons puik "Sierduif".

Hierdie man is Kobus Snyman. Onder moeilike omstandighede, soms met min ondersteuning van ons kant af, kon ons altyd staat maak op puik uitgawes.

Net 'n man met sy integriteit en geweldige deursettingsvermoë, kon staande bly en voortgaan. Dit is so ironies dat ons nie altyd sy groot diens aan die sierduifvereniging besef nie. Tog weet ons dat Kobus die man is wat die afgelope 11 jaar deurlopend hard moes werk om elke maand 'n nuusbrief gereed te kry. Hy het in die ware sin van die woord ons leuse **"vir die liefde en versoring van sierduiwe"** uitgeleef en sorg gedra dat die grootste saambindende faktor **"Die Sierduif"** onder sy bekwame hande tot ons beskikking was. Wie sal ooit vergeet hoe dik die uitgawes vroeër jare was toe ons hom nog pragtig met bydraes ondersteun het en hoeveel borge hy self gevind het om 'n maandblad van formaat uit te gee en die koste daarvan so laag as moontlik te hou.

**Dankie, Kobus, jy het jou taak goed gedoen. Ons gaan jou as Redakteur mis.**
Coen Butler.

---

**Duiwe Staaltjie: Ink gee in water af: Gedurende die kampioenskapskou van 1971 skou 'n teler uit die platteland skitterende mookees in Bloemfontein. Die duiwe het twee wit penvere weerskante en hul onderbekke is so swart soos die nag. Natuurlik wen hy al die pryse in die onderskeie klasse want mookees met twee witpenne weerskante en sulke swart bekke is 'n rariteit. Die volgende dag kry die duiwe water tot ontsteltenis van die teler, en, o, wee, die mookees se swart onderbekke verdwyn soos mis voor die son toe die swart ink met die water meng. Nodeloos om te sê, daar word oor beoordeel en die ink-mookees word gediskwalifiseer.**

---

**Ds Malan kon tot 1 200 duiwe per dag beoordeel. Ds Malan was nie sommer 'n gewone beoordelaar nie. Vir hom was dit niks om 1 200 duiwe per dag te beoordeel nie. Hoe het hy dit vermag? Hy het gewoonlik op 'n stoel gaan sit met 'n loopring voor hom en dan moes die vertoners al die duiwe heen en weer dra. So vertel Warren my, moes hy en oom Koos van Zyl een dag 1 200 duiwe heen en weer dra vir Ds om te beoordeel.**

---


**Duiwe Staaltjie - Saartjie trap per ongeluk in droeë spruit: Met die kampioenskapskou van 1986 in die Paarl, vertrek 'n hele konvooi motors vanaf die Snymans se huis - daar was ek en Bertha, Koos en Driena Piek, Frik en Sarie Knoetze, Gerhard en Kalie Laubscher en talle ander. Die hele nag word gery en gery, maar by Worcester soek ons ewe skielik 'n stilhouplekkie want sommiges se nood is redelik hoog. Die eerste en beste plek word eers na sowat tien minute se knyp-knyp gevind en die vrouens sak die bult af, al tussen die lang gras en bossies deur tot onder in die spruit (sonder water). Toe hulle terugkom, kyk Frik so na Sarie: "Haai, vrou," skreeu hy kliphard tot almal se vermaak. "Het die spruit so baie water - kyk jou rok en skoene is dan papnat..." Ag vadertjie tog, wat het die vrou tog aangevang?** (Met apologie aan Sarie - ek weet jy sal dit geniet)



**Oom Jan Buys** Sedert die vroeë veertigerjare is hy met duiwe, slegs Raadshere, deurmekaar. Hy het sy eerste Raadshere vir vyf pond in 1943 vanaf Willie Roos bekom.



**Gerhard Laubscher** van Bloemfontein teel hoofsaaklik Norwich Kroppers en Modenas



Pilla Buys van Griekwaland-wes **is hier in diepe bepeinsing. Hy reis ook jaarliks honderde kilometers om skoue by te woon**

---

## Lief en leed van 'n Redakteur deur Kobus Snyman

**Daar is sekerlik geen groter genot as om Die Sierduif saam te stel en aan lede uit te pos nie.** Wat my altyd sal bybly is die briewe en oproepe van dankie: die lede wat vir 'n redakteur as inspuiters dien, wat hom opnuut besiel om sy beste vir die vereniging en sy lede te lewer wanneer sy moed in die vlaktes deur die wind verwaai word, dikwels agv onverdiende en doelbewuste kritiek.

**Drie fases**

Ek wil my elf jaar as redakteur in drie fases verdeel.

**Eerstens** was daar die jare 1981 tot 1985. Vir my was dit glorie jare as Redakteur. Ek is oorstroom met briewe en borge en Die Sierduif het baie keer tot 48 bladsye beslaan. Daar was net eenvoudig geen keer aan lede nie. Vanaf 1982 is goedkeuring verleen dat ek Die Sierduif self kon set en daar is nagte-om daaraan getik en geproeflees. Hierin het Bertha my met hart en siel ondersteun.

**Tweedens** was daar die maer jare vanaf 1985 tot 1987. Briewe het minder geraak en die borge het opgedroog. Dit het aanleiding gegee dat die maandblad 'n paar keer nie gereeld verskyn het nie. Dan was dit ook die tydperk van 'n groepie manne wat geglo het dat die maandblad te duur was. Vir my as redakteur was dit 'n bitter pil om te sluk veral omdat ek hierdie manne goed geken het en feitlik daagliks gesien het. Gelukkig is die byl begrawe en kan sommiges van ons selfs nou daaroor lag.

**Derdens** was daar die fase 1988 tot 1990. Hierdie fase sal ek gou wil vergeet want twee stukkies publikasies het verskyn waaroor ek tot vandag toe myself nooit sal vergewe nie. **Eerstens** het ek lede van die U.K. aangespreek omdat bepaalde funksies nie uitgevoer word nie en waaroor ek geweldig kwalik geneem was. **Tweedens,** my kommentaar oor die Modena Prestige Skou wat in 1990 in Bloemfontein plaasgevind het. Ja, ek was "advokaat en regter" en het twee groot telers diep seer gemaak. Vandag, twee jaar later lê die onverdiende seer nog in hulle want hulle het nie geleentheid gehad om hul kant van die saak te stel nie.

**As ek daardie klein beriggie uit die geskiedenis kon haal, sou ek nie geaarsel het nie.**

Ek het in die elf jaar groot manne en vroue baie goed leer ken. Wonderlike mense en skitterende telers. En wanneer die gedagtes dwaal en 'n mens hulle in herinnering roep of selfs nog met hulle gesels, soos nou die dag in Kimberley toe ek en Warren in die verlede gedelf het, dan kom die volgende wyse woorde van John Ruskin, engelse evangelis en skrywer onwillekeurig by 'n mens op:

***"When we built let us think that we build forever, let it not be for present delight, not present use alone. Let it be such work as our descendants will thank us for, and let us think as we lay stone on stone that a time is to come when those stones will be held sacred because our hands have taught them and they will say as they look upon the labour and wrought substance of them: See! This our fathers did for us."***


Voor ons was daar baie sulke telers. Mag dit ook ons, die huidige geslag, se leuse wees.

Kobus Snyman



WYLE OOM JOHN SOWDEN VAN WINDHOEK

Hierdie groot teler is op 4 Julie 1986 oorlede. Hy het die sierduifstokperdjie vir baie jare staande gehou in sy streek.



**Oom Sarel Viljoen is nooit sonder een of ander kwinkslag of grappie nie. Hier hou hy sy lyf duif en het vir die fotograaf gevra of hy nie 'n eerste prys werd is nie. Oom Sarel is een van die handjievol Senior Beoordelaars in Suid-Afrika.**



**Mrs Ann Ricketts of the Western Province. She is one of the only two ladies in South Africa who are Senior Judges. During the 70's and early 80's Ann was a stalwart in the Fancy world.**

## HISTORY OF TUMBLERS (From page 65)

States has also assisted us in obtaining good quality tumblers.


Unfortunately the really good box beaked tumblers are very hard to raise and we seem to struggle to get good feeders. This lack of breeding success has meant that there have been few good quality tumblers to spread around to those fanciers wishing to start up with this fascinating breed. An answer may have been found in the flying domestic flights introduced from Europe by Pikket Coetzee of Windhoek in 1989 as these have proved to be marvellous feeders. Perhaps if we can spread these around then we will have more top tumblers.

While black cleanlegs have generally dominated the top awards, the red cleanlegs of Keith Lee and the black muffs of Charles Marais have in the last few years been achieving top awards.

This article would not be complete without mention of the English shortfaces. This pretty breed, with its Almonds, Agates and Kites, has always had its devotees although not as popular as its cousins. Jan van der Walt has made great strides on these in the 1980's and has imported birds from the United Kingdom and United States to improve the shortfaces to the high standard we can see today.

There is probably no other breed which has undergone the development and transformation of the longfaced tumbler in recent years. Outstanding winners of the 1950's and 1960's would not even be put on the show bench today. Perhaps the head and beak qualities of the top longfaces today are incapable of improvement and the shortness of beak hampers our breeding results. But, oh, what a challenge the breeding of English Tumblers is, and what pride and pleasure a top tumbler can proved to its owner.

Stewart Patterson



***Black Muffed Tumbler of Charles Marais.***

## *THE CHANGE IN IDEALS IN THE LONGFACED TUMBLERS* *by Stewart Patterson,*



**Fig. 3. The S.H. Hutchins Ideal. Adopted by the L.F. Self Tumbler Club in 1923**




**Fig. 1. The Ideal of 1894. By J.W. Ludlow**




**Fig. 2. The A.J. Simpson Ideal. Adopted by the L.F. Self Tumbler Club in 1911**




**Fig. 4. The Inglewood Ideal. Adopted by the L.F. Self Tumbler Club in 1936.**



**The Ideal adopted in 1989 by L.F. Self Tumbler Club**

## FRILLS, THE PRINCES OF THE PIGEON FANCY - by Stewart Patterson



The Frill family has always been one of the, if not the, most attractive of all our pigeon breeds. The late Mervyn Wightman, a foundation member of the SAFPA in 1943, was a keen breeder of frills. The Satinettes and Blondinettes we have today owe their high standard to fanciers such as Dr Rodney Keegan, Cas de Waal and others who specialised and were dedicated to these breeds. Standards started to improve in the late 1950's when Reg Gething and the Fourie brothers imported from Gilbert Bentley and other leading fanciers in the United Kingdom. Jan van Leeuwen also imported frills from Holland and Germany as did JJ Strack van Schyndel, about 1959. Van Schyndel had some excellent birds in all colours except black and dun laced satinettes and his entire stud was acquired, when he disposed of all his birds in the early 1960's, by Cas de Waal.

Dr Rodney Keegan, a well known Cape Town businessman, made a wonderful contribution to improving the standards of frills in this country through his many imports of United States bred birds, through Jan Wories of The Hague Holland, from 1961 until his untimely death from a heart attack about 1971. Dr Keegan and Cas de Waal worked as a team and through their joint efforts the standards of satinettes and blondinettes rose to the point where it could be said in the late 1960's and 1970's that we had some of the best in the world. Certainly this was the opinion of Newton Steele, a well known United Kingdom frill breeder, who visited South Africa in the 1960's. Cas de Waal achieved the unique feat of winning the SA Championship Show Best Frill trophy outright on two occasions, having won three years in a row, resonating the trophy and then repeating the distinction. Cas withdrew from pigeons in the mid 1980's when Lance Orchard and, latterly, Pikket Coetzee emerged as the leading satinette and blondinette breeders, both of them founding their studs on imports from Holland and Germany. Cas, however, has in 1991 come back on the scene and, with recent imports of satinettes from the United States, is likely to provide a significant challenge to the other leading satinette breeders.

**African owls** received a boost in 1962 when Alec Ravenscroft received some imports from RB Fair, the then top United Kingdom breeder. These were outstanding, dainty little birds and swept all before them for many years. JC Langeveldt and Cas de Waal were other leading breeders of African Owls in the 1960's and early 1970's. In the mid 1980's I imported African Owls for Ralph Anderson and myself from David Knaggs in Yorkshire including the introduction of the first reds and yellows. In 1990 and 1991 I was able to import 5 pairs from Jerry Asper in the United States, now one of their leading African Owl fanciers, including 2 pairs of whites. Pikket Coetzee has also in recent years made a number of imports from Holland and Germany. The standard and interest in African owls had dropped to a low ebb prior to these recent imports but this looks likely to change with greater interest being shown in this breed.

Although JL Runkel imported some English Turbits from Scotland in 1949 these were unknown on our shows by the 1960's. In 1988 I managed to get some English Turbits from Paul Eales in Scotland and these were shared with Wynand Wessels. Subsequently in 1991 I was able to bring in some turbits from the late Phil Roof's stock in the United States, again sharing the shipment with Wynand. Between us we have now built up stocks and will be able to assist fanciers wishing to breed these tame and friendly pigeons. What has been interesting is the different heads on the two imports, with those from Scotland being similar to the satinettes, whereas the American birds have long noses giving an altogether different profile.

The Frill Club has some 10 members and I am its chairman, with Lou Brits the Secretary. You don't know what you are missing of you don't have any Frills in your lofts so speak to either of us and start with this princes of pigeons.

## KINGS, die Koning van Sierduiwe

**Saamgestel deur Pierre le Roux**

Dit is nie heeltemal duidelik wanneer die eerste Kings na Suid-Afrika ingevoer is nie, maar oorlewing wil dat oom Andy Anderson die eerste teler was wat Kings gedurende 1966 vanuit Switzerland in gevoer het.

Gedurende 1972 het wyle Kallie Schlechter van Windhoek, saam met Karel Reyneke en Hoon Coetzee, beide van Klerksdorp, wit, swart en silwer vanuit Switzerland ingevoer.

In 1975 het Kallie weer vier swart duiwe vanuit Duitsland ingevoer en gedurende 1976 het Rouxtjie drie paar wittes vanuit Frankryk ingevoer.

Al hierdie duiwe was nog die groot en langerige duiwe met 'n halwe skurwe veergehalte.

Gedurende 1981 voer Rouxtjie die eerste Amerikaners vanaf Dr Jack Horn in. Dit was 4 wittes. In 1985 volg hy dit op

deur nog 2 paar wittes van John Schroeder in te voer. Gedurende 1990 voer Johnny Rosin ook vanaf John Schroeder twee pare wit in.
In 1991 voorsien John Schroeder die volgende duiwe:
- Aan Rouxtjie Roux ... 3 paar wittes;
- aan Pierre le Roux ... 1 paar wittes;
- aan JAS van Niekerk 5 wittes en een rooi geruit.

Tydens hierdie invoere het die ongeluk Rouxtjie behoorlik bloots gery. Eers het die een wyfie in die kwarentynstasie gevrek en nadat John haar gratis vervang het, het die plaasvervanger ook 'n paar maande later by Rouxtjie gevrek.

Die Amerikaanse Kings het 'n totale omwenteling onder die Kingtelers meegebring. Nadat die eerste Amerikaners ingekom het, het die kingtelers baie lank geneem om die totaal "ander" duif te aanvaar. Vandag is die probleme uit die weg geruim en stem almal saam dat die amerikaners beslis 'n baie mooier duif as die van die vasteland is. Daarby is die gehalte van die duiwe besonders hoog en sal die manne in die komende jare mekaar behoorlik opdreun met skoue.
Die Swaarrasklub is beslis bevoorreg om duiwe van hierdie gehalte onder die lede te kan hê.

Groete,

Pierre le Roux.



So sê 'n man dankie vir jou vrou wanneer 'n Kampioenskapskou agter die rug is en alles glad verloop het. Pierre en Antionette Le Roux van Kaapstad is hier afgeneem na die 1986 S.A. Kampioenskapskou in die Paarl.

***Hierdie sketse van duiwe is op die voorblaaie van Die Sierduif gebruik gedurende 1966 - 1969***



Beste swart Non van 1966
Eienaar H de Vos
deur 'n kunstenaar van 1966



So het ons 1967 kunstenaar Warren Klopper se kampioen Blaasduif van 1967 gesien.

## Tumbler Club of South Africa
### by Stewart Patterson

The Tumbler Club held its inaugural meeting on 15 June 1973. The foundation members being
SA Patterson, JB van Leeuwen, FJ van Zyl, AW Ravenscroft, KA Rosevear, HD Rogers and sons, GP Bierman, PW Vertue, Mrs C Pretorius and CJ van Reenen.
Its constitution's main objectives are stated as the encouragement and promotion of the scientific breeding of tumblers of all varieties, cultivation of friendly relations amongst its members, assisting and advising novices, improvement of classifications at all shows under the auspices of the SAFPA and promotion of a clear understanding between breeders and judges as to standards of perfection.
The past and present chairman and secretary are as follows:

**Chairman**
1973 - 1975: AW Ravenscroft; 1976 - 1979: Dr JH Serfontein; 1980 - 1982: CJ van Reenen; 1983 - 1986: CJ Marais; 1987 - 1989: JD Forbes; 1990 - KR Lee
**Secretary**
1973 - SA Patterson
There are currently 24 members and the club caters for all breeds of tumblers including English longfaced cleanlegged and muffed, English shortfaces, Helmets, Highfliers, Stargard Shakers, Vienna short- and longfaces, Hamburg Schimmels, Ancients, Komoroners as well as other lesser known continental tumbler breeds. One of the purposes of the club is to assist in financing the visits of overseas judges and this year we are delighted that Mr Bob Witte of Omaha, Nebraska will be judging tumblers at our Championship Show.




*Die S.A. Kampioen Waaier in 1967 van wyle Faan van der Linde is op hierdie wyse uitgebeeld*

## *Modena Prestige Skoue*
## *Modena Classic Shows*

*Nadat die eerste volwaardige Modena Skou gedurende 1978 op Kroonstad plaasgevind het, het daar 'n klompie jare verby gegaan voordat die gedagte weer deur Ben Ricketts (destyds voorsitter van die Klub) en Kobus Snyman (voorsitter vasn die Vrystaat Modenastreek) bespreek is. In 1983 is die aankondiging gemaak dat die klub elke jaar die klubskou gaan aanbied en dat dit bekend sou staan as die Modena Classic of dan Prestige skou. Die naam is ontleen vanaf die Grand Classic soos dit daardie jare in Amerika van toepassing was.*

*Die eerste Prestige skou in Bloemfontein gedurende 1984, was nou wel nie die grootste nie, maar daar is meer as R2 000 aan pryse uitbetaal. Die organiseerdes van die skou was: Kobus en Bertha Snyman, Johan en Gerhard Laubscher en hul gades en Jannie du Toit.*

***Uitslae van Modena Skoue:***

*1978: Kroonstad: Swael Gazzi - B & J Snyman (Getal duiwe 274)*

*1984: Bloemfontein: Swael Gazzi - Gerhard van der Bank (Getal duiwe 839)*

*1985: Bloemfontein: Silwer Schietti - B & J Snyman (Getal duiwe 729)*

*1986: Geen Prestige skou is gehou nie. Dit was beoog om dit in George te hou, maar is afgestel. Daar is toe besluit dat die skou saam met die Kampioenskapskou in die Kaap sou plaasvind. Gerhard van der Bank se Swael Hen het gewen. (Getal duiwe 341)*

*1987: Bloemfontein: Die Gazzi's en Schietti's word afsonderlik beoordeel en Gerhard Laubscher se Swart Mannetjie word as die beste Gazzi bekroon en Hannes Hugo se Blou Mannetjie as die beste Schietti (Getal duiwe 402)*


*1988: Vereeniging: Gazzi - Vic Otto en Schietti - Mottle van J le Roux (Getal duiwe 726)*

*1989: Bloemfontein: Swael Gazzi van Piet Smith en Mottle van J le Roux (Getal duiwe 627)*

*1990: Bloemfontein: Rooi geruit en Grizzle van A Reyneke (Getal duiwe 1212)*

*1991: Kimberley: Swael Gazzi van S Galatis en Brons Schietti van L Muller (Getal duiwe 607)*

*1992: Bloemfontein: Geel geruit van A Reyneke en Silwer Dun van Oom Sadie (Getal duiwe 845)*




# ORANJE TOYOTA

TOYOTA

TOYOTA

**FOR SALES, SERVICE AND PARTS**

**TEL 051 - 48-4531**

**CHURCH STREET, BLOEMFONTEIN**

# CLASSIFIED AD SECTION - GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

## SPESIALITEITS KLUBS
## SPECIALIST CLUBS

**SA Norwich Kropperklub**

**Voorsitter:** Vakant; **Sekretaris:** Neels le Roux, Kliprivier Rylaan 21, Drie Riviere 1939. Tel: 0164-6394

**SA Kartelrugklub**

**Voorsitter**: Chris Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 0531-22201 (W) en 0531- 612146 (H); **Sekretaris**: Diederick Reinecke, Groep 25 HK, p/a 2 Veldgenieregiment, Lekkerdril 9709. Tel 01431-35801 (W) en 01431-34449 (H)

**SA Troetelduifklub**

**Voorsitter**: Andries Cilliers, Rubokstraat 28, Sasolburg 9570. Tel: 016-731632 (H); **Sekretaris**: Diederick Reinecke (kyk adres by Kartelrugklub)

**SA Fantail Club**

**Chairman:** Otto Holm, Posbus 1871, Sasol-burg, 9570. Tel: 016-767001; **Secretary:** Peet Botha, Posbus 25357, Monumentpark 0105. Tel: 012-6621749.

**SA Bodemtuimelaarklub**

**Voorsitter:** Wynand Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660. Tel: 01414-4116 (W) en 2769 (H); **Sekretaris:** Bertie Wessels, dieselfde adres as die van die voorsitter.

**SA Swaarrasklub**

**Voorsitter:** Neels le Roux, Kliprivierlaan 21, Drie Riviere 1939. Tel: 0164-6394; **Sekretaresse:** Mev Sonja Coetzee, Annweg 91, Olifantsfontein, Tel 011-316-2944.

**SA Swallow Club**

**Cantact:** Rodney Stevens, 11 Twickenham Road, Chase Valley, Pietermaritzburg 3201. Tel 0331-458001 (Work)

## TELERS REGISTER
## BREEDERS' REGISTER

**Anderson, RJ.** Posbus 10, Harrismith 9880. Tel 01436-22776. Teler van Blondinette en Satinette in 'n verskeidenheid kleure; Afrikaanse Uile in swart en dun, asook hoë gehalte Nonne. Pryse billik.

**Armstrong, SJ.** P.O.Box 642, East London 5200. Tel 0431-462-402. Modenas, Chinese Owls, Blondinettes, Muffed Ice Pigeons, Dutch Croppers, Saxon, Dragoons, German Beauty & English Show Homers, Lahores, Runts, Carriers, Archangels, Frillbacks and Show Racers.

**Badenhorst, DC.** Sheriff's Retreat 449, Water-kloof-Glen 0010. Tel: 012-981-926. Brunners (Gansel, wit en rooi); Pigmy Pouters, Indiese Waaiersterte.

**Ber, Abe.** 151 Mowbray Road, Greenside 2193. Tel: 011-646-0406. Nuns, Barbs, Ice Pigeons, Lahores, Kings, Indian Fantails, Capuchines, Saxon Shields, African Toys, Fairy Swallows and Modenas.

**Brouard, Yves.** Bagatelle, 78 Fourth Ave, Linden 2195. Tel: 011-782-8622. Main Breeds are Modenas in Gazzi, Schietti, Argent. A few pairs of Old Dutch Capuchines, Fantails, Bokhara Trumpetters, Fairy Swallows, English Gaint Pouters, etc.

**Burmeister, LR.** 11 Homes Street, Uitenhage 6230. Tel: 0422-992-3479. English Show Homers, Dragoons in red, black, mealie and blue chequered. Satisfaction guaranteed.

**Coetzee, JJ.** Jan Cilliersstraat 8, Montgomery Park 021-888-5029. Spesialiseer in die teel van uitstaande Nonne in verskeidenheid van kleure.

**De Lange, Ben.** Posbus 269, Wesselsbron 9680. Tel: 0176-991129. Gros Mondains en Kings.

**Du Plessis, LAS.** Posbus 565, Bultfontein 9670. Tel: 0525-31289. Spesialiseer in Birmingham Rollers - agt verskillende bloedlyne.

**Engelbrecht, GC.** Johannes v/d Waltstr 17, Unisaspark 1930. Tel: 016-281851. Kings en Gros Mondains in alle kleure, Mookees, Afrikaanse en Sjinese Uile, Skouposduiwe, Duitse en Engelse Skoonheidsposduiwe Altyd beskikbaar.

**Ewan, Leslie.** 16 Steabler Street, Harrismith 9880. Tel: 01436-21226. Modenas in Gazzi & Schietti in red chequer & mealie, yellow chequer and cream bar. Red and yellow self in Schietti.

**Gouws, RJ.** Posbus 1, Ida 5446. Tel: 045522, vra 6402. Modenas in swart, mottle en lavender; Blondinettes, Helmets, Chinese Uile & Vienna Langgesigte.

**Greyling, TC.** Jorissenstr 9, Posbus 3650, Pietersburg 0700. Tel: 01521-953591. Spesialiseer in die teel van Gros Mondains en Runts, asook vliegduiwe.

**Galatis, S.** Modenas: Silver, Swael in Gazzi en Schietti; wit; blou en brons net in Gazzi; Birmingham Rollers uit Ken White bloedlyn.

**Kitching, RB,** Aeroweg 6, Valhala, Pta. 0185. Tel.012-715941. Afrikaanse Troetel-duiwe in wit beskikbaar.

**Koorts, GG.** Queenstr. 32, Wellington 7655. Tel: 02211-32158. Runts, Gros Mondains en Kings in wit.

**Laubscher, GJ.** Vlakfonteinlaan 30, Pellisier, Bloemfontein 9301. Tel 051-214210. Teel Norwich Kroppers in swart, dun en blou.

**Macduff, AR.** P.0.Box 87416, Houghton 2041. Tel. 011-728-6149. Specialist Mookee breeder - all colours available.

**Nortje, NW.** 107 Kerkstraat, Hermanus 7200. Tel: 0283-22297. Drie afsonderlike bloedlyne in swart Schietti.

**Nel, Danus,** Posbus 852, Bothaville. Tel 01414-4434. Pigmy Pouters en Modenas. Hoë kwaliteit duiwe deurgaans beskikbaar.

**Meades, DJ.** Posbus 49546, Hercules 0030. Tel: 012-376-2631. Teel duiwe vir 50 jaar. Carriers, Dragoons, Magpies, German Beauty Homers, Nonne, Skouposduiwe, Mookees asook vliegduiwe vanuit die ou Putterrie en no 11 van Engelas.

**Patterson, SA.** P O Box 69184, Bryanston 2021. Tel: 011-704-2490. Longfaced Clean Legged and Muffed Tumblers, African Toys, Turbits, Blondinettes and Bellneck Rollers.

**Rosin, J.** 20 Jan van Riebeeck Road, Klerksdorp 2570. Tel: -018-462-5013. Specialist in Gros Mondains - blue and grizzle; White Kings; all from imported American Stock.

**Rosevear, Ken.** P O Box 130240, Bryanston 2021. Tel: 011-7066821. Specialist breeder of Saddleback Faintails in all colours and yellow Rollers.

**Rodgers, RB.** Posbus 433, Harrismith 9880. Tel 01436-21745. Teler van Gros Mondains; altyd beskikbaar.

**Roodt, Andries.** Elemanstraat 5, Vanes, Uitenhage 6230. Tel 0422-9662519. Pigmy Pouters en Norwich Kroppers. Teel slegs met uitstaande duiwe.

**Snyman, Kobus & Bertha.** Morkenstraat 21, Bloemfontein 9301. Tel 051-224189. Spesialiseer net in wit Kings, silwer en swael Gazzi Modenas en blou en grizzle Gros Mondains. Geen uitskot word verkoop nie.

**Serfontein, Dr K.** Floridastraat 11, Durbanville 7550. Tel:

021-963914. Modenas en Norwich Kroppers in meeste kleure; Satinette in swart en bruin.

**Stevens, J Rodney.** 11 Twickenham Rd, Chase Valley, Pietermaritzburg. Tel 0331-458001(W). Specialist breeder of Fairy Swallows (all colours), Silician/Fullhead. Also Gazzi Modenas - blue, bronze, russet, ocker, silver dun and cream and black.

**Scott, J.** 25 Tiger Ave, Windsor Park, Kraaifontein 7570. Tel: 021-988-0606. Breeding: African Toys, Swallows, Muffed Ice Pigeons, Lahores and Nuns.

**SWD Frillbacks**, Posbus 507, Oudtshoorn, 6620. Tel 0443-226946/224156. Spesialiseer in die teel van alle kleure Kartelruggies.

**Van Beek, Gerhard.** Posbus 300, Reitz 9810. Tel: 01434-33360. Modenas in Magnani, Russet, Silver dun, blou en brons.

**Van Niekerk, JL,** Besembosstraat 57, West Acres, Nelspruit. Tel. 01311-52774. Teler van Mookees, Nonne, silwer en swael Modenas en Indian Fantails.

**Van Niekerk, JAS.** Rijgerlaan 2, Robertson 6705. Tel: 02351-2997. Spesialiseer in swart langgesig Tuimelaars en Kings.

**Van Niekerk, JL,** Besembosstraat 57, West Acres, Nelspruit. Tel 01311-41512. Teler van Mookees, Nonne, silwer en swael Modenas en
Indian Fantails.

**Vorster, Jack,** "Hi Jack" Amandelboomlaan 8, Bus 213, Kleinmond 7195. Teler van pryswenner Brunners, Skild Kroppers, Kartelrue, Magpies, Fairy Swallows, Reverse Wing Kroppers en Bokhara Trompetters. Dalk kan ek u help.

**Van der Walt, J & J.** Matroosbergstraat 51, Noordheuwel, Krugersdorp en Weirstraat 449, Pretoria-Tuine 0082. Tel: 011-954-2773 & 012-771501. Engelse kortgesig (short faced) Tuimelaars in almond, rooi/geel, swart/dun asook SA Botternek Tuimelaars.

**Vosloo, Jan.** Bassonstraat 1, Durbanville 7550. Tel: 021-96-3829. Wit Kings, Archangels en Birmingham Rollers. Geen versendings.

= = = = = = = = = = = = = = = = = = = = = = =

## DIE S.A. SIERDUIFVERENIGING
## THE S.A. FANCY PIGEON ASSOCIATION

**Ere-President:** Mnr. WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke. Tel 01801-31547

### UITVOERENDE KOMITEE 1992
### EXECUTIVE COMMITTEE 1992

**PRESIDENT**
Ds RG Lee, Loopstraat 30, Rustenburg. Tel 0142-21779

**VISE PRESIDENT/VICE PRESIDENT**
Adv. CJS Möller, Rhodesdene 6A, Kimberey 8301. Tel.0531-612146

**SEKRETARIS/SECRETARY**
Mnr PM le Roux, Diazstraat 31, Kaapsicht 7500. Tel 021-922572

**TESOURIER/TREASURER**
Mr SA Patterson, P0 Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-704-2490

**RINGMEESTER/RING MASTER**
Mev. S Knoetze, Petrusstraat 32, Hillcrest, Kimberley 8301. Tel 0531-611404

**REDAKTEUR:MAANDBLAD**
**EDITOR: MAGAZINE**
Mnr JJ Snyman, Posbus 1922, Bloemfontein 9300. Tel 051-224189

**TROFEEMEESTER/CUB MASTER**
Mnr CA le Roux, Kliprivierlaan 21, Drie Riviere 1939. Tel 0164-6394

**BEOORDELAARSBEAMPTE/JUDGES' OFFICER**
Mnr W Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660. Tel 01414-2769

### STREEKVERTEENWOORDIGERS
### REGIONAL REPRESENTATIVES

**Westelike Provinsie/Western Province:** Dr JH Serfontein, Floridastraat 11, Durbanville 7550. Tel 021-963914

**Oranje Vrystaat/Orange Free State:** Mnr LS Muller, Posbus 10179, Drusana 9311. Tel 051-222136

**Noord Vrystaat/Northern Free State:** Mnr GW Roux, Posbus 445, Kroonstad 9500. Tel 01734-4797

**Oos Transvaal/Eastern Transvaal:** Mnr J de Bruyn, Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-569202

**Griekwaland Wes:** Mnr F Knoetze, Petrusstraat 32, Hillcrest, Kimberley 8301. Tel 0531-611404

**Oostelike Provinsie/Eastern Province:** Ds L du Toit, Jakarandadasingel 74, Algoapark, Port Elizabeth 6001. Tel 041-422663

**Kroonstad:** Mnr JA van Aswegen, Gevangenistr 55, Kroonstad 9500. Tel 01411-31789

**Suid-Westelike Distrikte:** Mnr PJ Maritz, Posbus 507, Oudtshoorn 6620. Tel 0443-226946

**Wes Transvaal/Western Transvaal:** Mnr WJ Myburgh, Davidstraat 58, Naudeville, Welkom 9460. Tel 0171-33968

**Transvaal:** Mnr H Scheepers, Amajubastraat 21, Krugersdorp 1937. Tel 011-954-1635

**Noord Transvaal/Northern Transvaal:** Mnr PJ Willemse, Posbus 3583, Witbank 1035. Tel: 0135-60769

**Boland:** Mr Ken Garrod, Merwede, Franschhoek 7690. Tel 02212-2201

**Natal:** Mr R Stevens, 11 Twickenham Road, Chase Valley, Pietermaritzburg 3201. Tel 0331-458001 (W)

# EXTRA WINGS
## for racing pigeons




## RACESTIM
**(V 10473)**

▶ **Bevat:**

* Vitamiene $B_{15}$
  - Prestasiestimulant
  - Bevorder spoedige herstel na wedvlugte
* Vitamiene $B_{12}$ en $B_6$
  - Bloedstimulant
  - Eetlusstimulant
* Tioktaansuur
  - Lewerstimulant
  - Verhoed lusteloosheid
* Natriumgliserofosfaat
  - Spierstimulant
  - Tonikum teen stres

▶ **Toediening**

* Enkelduif, mondelings, voor wedvlugte

## DOXYBIOTIC
**(G 1509)**

▶ **Bevat:**

* Doksisiklien
  - Ultra-breë spektrum antibiotika
  - Middel van keuse teen Ornitose
  - Absorbsie word nie deur kalsium beïnvloed nie
  - Hoë bloed- en weefselvlakke word bereik
* Multivitamiene
  - Voorkom vitamientekorte wat algemeen ontstaan tydens antibiotikabehandeling

▶ **Toediening**

* Stabiele, wateroplosbare poeier

**Beskikbaar vanaf MEDPET en Duiwemiddel-handelaars**
**Vir verdere besonderhede skakel**
**MEDPET**
**Tel. & Faks: (012) 43 4020**




# MEDITRICH

*CAUTION CONTAINS: METRONIDAZOLE 100 mg REG NO. G 1514

## The New coated tablet for Crop canker
## Die Nuwe bedekte tablet vir Kropkanker

- Unique coating of the tablet now reduces vomiting
- Safe and effective – even with young and breeding pigeons
- Cost effective – only one tablet per dosage, at a lower price
- Used as a preventative once a month

- Die unieke bedekking van die tablet, help om braking te verminder
- Veilig en effektief – selfs by jong- en broeiduiwe
- Koste-effektief – slegs een tablet per dosering, teen 'n laer prys
- Gebruik voorkomend een maal per maand

AVAILABLE FROM MEDPET AND PIGEON PRODUCT DEALERS
BESKIKBAAR VANAF MEDPET EN DUIWEPRODUKTE-HANDELAARS

* For use by or under supervision of a veterinarian
* Vir gebruik deur of onder toesig van 'n veearts

32% of pigeons have Crop canker . . .
prevent this, use Meditrich for tomorrow's champions

MEDPET BK/CC (88/21338/23) 1081 Pretorius Street/straat 1081, Hatfield, 0083 Pretoria Tel. & Fax (012) 43-4020


Gedruk deur/Printed by DREYER-Drukkers/Printers, ☒ 286, Bloemfontein 9300. ☎ (051) 479001

Trefor Jones & Associates